

Misbolletjie
se
Boskonsert
Louis Nel

# Misbolletjie

se

# Boskonsert

## Kortverhale en Sketse

Geskryf deur

*Louis Nel*

April 2020

Mosbolletjie
Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


1 Voorwoord - Waarom Misbolletjie?

2 Brêkfis in die Bos

3 Spitstyd

4 Hoeveel kolletjies het 'n Tarentaal?

5 Beloftes van Reën

6 Kwelja Kwêla

7 'n Nag in die Bos

8 'n Opwindende Dag

9 Die Renoster

10 Moenie die man op sy baadjie takseer nie

11 Die Afgryslike Vark

12 Eenheid

13 Pappot & Kie

14 Rosette spel "Dood"

15 Spore in die Sand

16 Graspolle en Muishonde
17 Daan se Dilemma
18 Mosbolletjie en die Olifant
19 Die Dominee en die Leeu
20 Oom Olifant, jou reuse dier
21 Ou Grootvoet
22 Die Rots
23 Kaggakamma
24 Haailaait vir 'n Ouderling
25 Têksierit in die Hospitaal
26 Dis 'n Man Ding
27 Drama in die Nag
28 Tant' Ann Vat 'n Man
29 Wanneer die Leeu Brul
30 Wildtuintrippie

# 1

# Voorwoord

# Waarom Misbolletjie?

Daai naam, dis nou Misbolletjie, kom 'n baie lang pad!

Alles het begin so naastenby 1951 toe ons plaastoe getrek het. Oupa Johnny Parsons het daardie manjifieke ou stoomlokomotiewe gedryf op die Spoorweë. Na sy aftrede het hy` vir hom 'n plasie gekoop, 'n paar kilometer buite die skilderagtige Spoorwegdorp, Waterval Boven. Ons het op daardie stadium in een van die klip spoorweghuise in die dorp gebly.

"Waarom kom bly julle nie liewer by ons op die plaas nie?" wou Oupa weet en Pa Koos laat hom nie tweekeer nooi nie. Nét daar pak ons ons goedjies en trek sak-n-pak plaastoe.

Van dag een af op die plaas begin al die wonderlike goeters wat kruip en vlieg en wurm my fassineer. Ek kon vir ure sit en kyk hoe allerhande goggas hulle ding doen.

Maar dit was veral die nederige miskruier wat my hart aangegryp het want daardie hardedop goggas was nét so sterk soos Oupa Johnny se stoomlokomotiewe!

**Oom Misbolletjie**

# 2

# Brêkfis in die Bos

Wreed word ek uit my soete drome geruk met 'n deurmekaar rumoer reg onder my slaapkamervenster. Met dikgeslaapte oë loer ek so skeeloog na my horlosie. Dis tien oor vyf in die môre! Dis die tyd wat normale mense nog behoort te slaap! Maar die geskarrel by die braaiplek dwing my om behoorlik te kyk in die halfdonker in. Boggelrug en neus-teen-die-grond word elke plaveisteen sorgvuldig deurgesnuffel om nie 'n enkele krieseltjie eetbaarheid verlore te laat gaan nie. 'n Horde wriemelende, grys

gevaartetjies skarrel soos rotte in 'n plaas stoorkamer, diekant toe en daaikant toe, almal deurmekaar in 'n malle warboel. Gebande muishonde! Deurentyd gons dit soos in 'n byenes soos wat hulle kwetterend gesels, sonder 'n oomblik van stilte. Hierdie muishondjies laat my só dink aan 'n goeie vriendin van ons wat óók nie vir 'n oomblik kan stilbly nie!

Die geraamtes van die vorige aand se braaivleisbene is stewig in besit van die drie sterkstes. Elkeen verdedig sy vonds heftig, al grommend en knorrend! Die beendere is amper groter as die kêrels wat daarmee stoei. Wát 'n stoeigeveg! Laat my dink

aan Willie Liebenberg en Sky Hi Lee! Skielik besluit die tropleier: Dis tyd! Hier is nou lank genoeg gekuier. Soos een man draai hulle om en op 'n streep draf die luidrugtige spul in 'n lang ry al kwetterend oor die grasperk die lang gras in.

Stilte. 'n Tortelduif sus my weer saggies in droomland in met 'n "Slaap rustig, slaap rustig, so salig, slaap rustig." Hoe salig!

Maar die saligheid is van korte duur, want met 'n luidrugtige vlerkgefladder word my half-aan-die-slaap gemoed tot in sy fondamente geskud wanneer 'n twintigtal rooiborsduifies met luidrugtige vlerkgeklap die mieliepitte

om die braaiplek ontdek. Hierdie skoorsoekende gepeupel verontagsaam totaal die gedagte dat 'n duif die teken is van vrede. Elkeen verdedig sy lappie mieliepitte met groot ywer. En dan is daar nog die amoreuse kêrel wat met opgepofte bors op en af wip, al agter 'n onwillige jong dametjie aan, wat in haar kuikenbrein net één enkele ding het: mieliepitte. Kruis en dwars vleg die twee tussen die gepeupel deur. Dit is eers as 'n rooibek neushoringvoël ongevraagd by die partytjie inbars, dat Romeo sy pogings gewonne gee.

Uit die lang gras loer Meneer Fisant versigtig en dan tree hy voetjie-vir-

voetjie na vore. Mevrou volg flink op sy hakke, gevolg deur 'n string van ses skatlike, donsige fisantkuikentjies. Onder die vaalbos ontdek hulle 'n klont pap wat die duikertjie die vorige aand misgekyk het en daar koek hulle saam in 'n stywe bondeltjie.

Intussen, terug by die partytjie maak 'n paar geelbek neushoringvoëls hulle uitspattige opwagting. Wydsbeen, stert-in-die-lug laat hulle mens altevol baie dink aan arrogante Cowboys, gereed om daai Colt uit te pluk en te baklei! 'n Paar piepklein poeierblou blousysies en 'n geelvlekmossie kom sit eenkant beskeie en pik-pik aan fyn saadjies. Een vir een val kweljas uit die

sekelbos om hulle by die sysies aan te sluit. Maar 'n rustige brêkvis is hulle nie beskore nie, want 'n suurgevreet neushoring kan nie die ou piepkleintjies om sy pote duld nie en hulle kry met sy geniepsige geel snawel te doene. "Die lewe is soms ook maar baie wreed!" dink ek in my stilligheid, maar as jy jou aan God se genade oorgee, dan kan jy selfs hierdie boelies in die lewe met 'n glimlag oorkom.

Die fisantgesin se klontjie pap hou nie lank nie en op 'n streep tou die hele spannetjie agter pa aan om te kom deel in die fees by die braaiplek. Twee tarentale draf oor die grasperk in hulle pynlik-netjiese gespikkelde

manelbaadjies en swart sykouse. Hulle ontdek ‘n paar verlore mieliepitte onder die vaalbos en maak dit hulle lewenstaak om enige ander pitte wat moontlik nog onder die grond begrawe mag lê, uit te skrop. Hulle voer hulle missie met groot ywer uit, te midde van 'n stofwolk van vlieënde gras en takkies en klippies. Mevrou tarentaal skop per ongeluk stof in haar heer en meester se oë. En dan is die duiwel los, en met uitgespreide vlerke en groot lawaai word sy venynig van die partytjie verwilder, al om die vaalbos, dat jy net sien stof en klippe spat. Gepraat van fyngevoelig! Hy het beslis nog nooit gehoor van selfbeheersing, en om nie kwaad met kwaad te vergeld

nie, maar eerder te vergewe! Wat het geword van daardie sewentig maal sewe keer vergewe? En wat van liefde, selfs vir jou vyande?

Die kwelja getalle groei aan tot 'n bondel van meer as 30 wriemelende voëltjies wat soos klokslag elke tien sekondes met 'n gedreun van vlerke die sekelbos invlieg, net om weer 'n paar sekondes later soos sprinkane uit die boom te val en te vreet asof dit hulle laaste maaltyd is. Van hierdie onrustige spul het pa fisant nou net mooi genoeg gehad! Sy geduld is tot die uiterste toe beproef en op haastige rooi beentjies vertrek hy die lang gras in. Kort op sy hakke volg ma

en die string kuikens, hulle beentjies soos klein opwensoldaatjies waarvan die veer te styf opgwen is.

Met 'n luidrugtige skaterlag hop-hop 'n gesin katlagters oor 'n boomstomp op soek na enige vleiserigheidjie wat die muishonde dalk kon misgekyk het. Al wat hulle kry  is 'n bietjie vetterigheid en klein vleisies wat nog aan die rooster klou. Haastig maak hulle die rooster skoon en dan vertrek hulle weer met 'n groot gejuig na groener weivelde. Asof dit die teken is, vertrek die malende massa rooibekvinke ook met 'n donderende gedruis. Die einde van die partytjie het aangebreek en een vir een verdwyn

die laaste gaste totdat daar net 'n kaalgestroopte plaveisel oorbly.

En stilte! Brekis is verby!

Met 'n selfvoldane sug van genoegdoening sak ek terug in die kussings!

# 3

# Spitstyd

Die laaste strale van die Laeveld wintersonnetjie maak sulke nostalgiese ver-verlangkleure op die spieëlgladde poele van die Krokodilrivier - rooi, oranje en geel, alles met so 'n titseltjie blou en groen. Die reuse Rooiessenhout en Trosvye op die oorkantse oewer weerkaats donkergroen skaduwees op die blink watertjie. Twee pikswart rietduikers sweef doelgerig soos skimme met afgemete vlerkslag net-net bokant die kleurvolle spieël stroomop na 'n slaapplek iewers wes, daar waar die

son die komberse oor sy bloedrooi gesig trek. 'n Reusereier staan in die middel van die stroom, sy lang, maer kieriebeentjies tot by sy kniekoppe in die water. Sy veredos gloei rooi-roesbruin as die son nog 'n laaste maal met een oog oor die kombers se randjie loer en 'n straaltie rooi op die reier laat val. Nie ver van Meneer Reier af nie sit Mevrou Reier op 'n reuse rots. Twee kuikens, reeds 'n meter of meer in hulle sokkies, loer half aan die slaap oor die rand van 'n yl riet-en-stokkies nes.

Op 'n sandbank in die middel van die rivier staan 'n eensame kolgans verveeld rond, baie hard besig om niks

te doen. Hier loop die Groot Krokodil 'n goeie honderd meter wyd bwesaai met poele, stroompies, sandbanke en rotsblokke met tussendeur groot klosse riete.

Die rustige toneel hier voor ons word skielik verbreek as 'n tarentaal oor 'n strook oop water hardloop-vlieg om op Kolgans se eiland sy ankers uit te gooi. Kort op sy hakke volg nóg 'n tiental tarentale.

Kolgans kyk versteurd op!

Sy oë rek groot as nóg twintig of wat kolletjieshoenders oor die water oppervlak skuur in 'n lang reguit ry. Hulle rem dat die sand so spat reg voor die arme kolgans.

Sy stresvlakke styg merkbaar.

Die tarentale is uitgelate. In wye sirkels jaag hulle mekaar op die beknopte sandbank rond, heen en weer, dán diékant toe, dán dááikant toe.

Die arme gans se kop draai. Hy raak duiselig van al die rondomtalie.

Die een streep vlugte op die ander stroom intussen steeds sy eilandjie binne. In hierdie al-hoe-beknop-wordende omstandighede raak die tarentale al hoe meer uitspattig totdat almal mekaar naderhand in 'n dolle deurmekaarspul rondjaag.

Kolgans vererg hom blóédig: "Stóóóóóóóp!!!!!" skree hy. "Af! Af van

my eiendom af! Gee pad! Skoert! Voertsêk!!!!!"

Hy voeg sommer die daad by die woord en begin wild en woes om die gekkespul van sy eilandjie te verwilder. Die tarentale dink dat dit 'n nuwe speletjie is en tart hom net nog verder uit. Uiteindelik slaag hy tog daarin om 'n klompie tarentale van die eilandjie af te skop, maar so vinnig as wat hulle verdwyn na die volgende eiland, so vinnig streep ánder van oor die water af weer in!

Kolgans is nou nie juis oorbedeeld met grysstof tussen sy oortjies nie. Hy verbeel hom ál dis dieselfde klomp wat hy afgejaag het wat weer terugkom.

Dan besluit hy om hulle heeltemal landuit te jaag. As hy 'n bondel kolletjieshoenders van sy eiendom af boender, dan jaag hy hulle sommer dwarsoor die volgende eiland totdat hulle totaal wég, ver, ver weg is.

Maar helaas! As hy blaas-blaas op sy kosbare stukkie sand aanland, dan is dit maar net weer kolletjies wáár jy ookal kyk en die moedelose gans moet maar weer van vooraf skoonmaak. Arme meneer Reier spring-spring op sy maer stelte om uit almal se pad te probeer kom en besluit dat dit dalk veiliger saam met Mevrou by die nes op die groot klip is.

Intussen het die voorhoede van die mal hoenders met die swart sykouse streep-streep van sandbank na sandbank na sandbank gehardloop-vlieg, verby die slapende langbeen kuikens op hulle nes en hulle kom in 'n groot woelende, wriemelende massa bymekaar op 'n reuse hoop rotse naby die oorkantste oewer, regoor die Rooiessenhout en Trosvye.

Genadiglik droog die stroom toeriste op Kolgans se eiland op. Verwese sit hy daar en staar uitgeput na die verdwynende moeilikheidmakers.

By die rotse is daar die grootmamma van alle verkeersknope. Uiteindelik skraap 'n klompie tarentale genoeg

moed bymekaar om die boomtoppe in te vaar. Nóg 'n bondel volg en nóg een. Naderhand lyk dit na 'n swerm rooibekvinke in 'n koringland soos honderde kolletjieshoenders in groot wolke opstyg en die Rooiessenhout binnevaar om daar veilig, hoog in die takke te sit, weg van die kriepiekrôlies wat in die donker daar onder rondkruip en nét dalkies lus kan wees vir 'n sappige happie tarentaal.

Op die sandbank vou die nag vir Kolgans knus toe in sy donker kombers en 'n rustige stilte sak toe oor die bos.

Hy sug saggies: "Dankie tog! Spitstyd is verby!"

# 4

# Hoeveel kolletjies het ‘n tarentaal?

Hoeveel kolletjies het ‘n tarentaal? Al ooit gewonder? Hierdie vraag het ‘n obsessie by my geword en elke keer as ek een van hierdie fassinerende kolletjieshoenders gadeslaan, begin die vraag al by my spook.

Dis Saterdagoggend in die Bos. So sit ek doodverveeld op die stoep en wonder wat ek met myself kan aanvang. Uit die kurkdroë veld kom ‘n verdwaalde tarentaal aangedrentel, so half in my rigting. “Sal ek nou nie maar

die arme voël se dag vir hom maak nie?", wonder ek so by myselwers en ek gooi 'n paar mieliepitte voor die stoep. Dis asof 'n weerligstraal die tarentaal tref - skielik kry sy lamlendige beendere splinternuwe lewe en hy versnel soos 'n Boeing op 'n vliegveld met die opstygslag. Dis asof sy pote net hier en daar grond raak soos hy aangehol kom. Ek wil my nog verwonder oor die skielike lewe in die dooilike voël, toe merk ek beweging uit die bos van alkante af - dis net tarentale waar jy kyk en almal kom na my stoep toe aangehardloop. Kompleet soos 'n skool Piranhas wat op 'n karkas toesak, val die kolletjieshoenders tussen die mieliepitte in. Die groot

pitte raak nie eers kant nie - hulle is sommer reguit pens toe, waar hulle "ghoemp" inval. Binne sekondes is daar 'n honderd of meer tarentale. Ek gooi 'n handvol pitte en dan swerm die hele lot daarheen. Dan gooi ek weer 'n handvol na die ander kant toe en soos blits maak die hele swerm 'n omkeer dat grond en klippe deur die lug vlieg na dáárdie nuwe hopie toe. In 'n enkele stofwolk-beweging verdwyn ál die pitte gelyktydig!

Skielik kom hier so 'n vaal streep stof uit die veld aangewarrel - 'n lugdraad met 'n klein klossie aan die stertkant wat sing in die wind. Uit 'n ander rigting kom nóg een, ook met net so 'n

klossieoppiepunt-lugdraad op sy agterstewe. Hoe die vlakvarke uitgevind het dat daar gratis kos uitgedeel word weet nugter alleen. Hulle vlieg onder die tarentale in dat jy net sien vere spat. Die voëls sit 'n keel op dat jy hulle wie weet waar kan hoor. Nou peul die varke van alkante af uit die bosse totdat daar 'n dosyn van die knoetsgevreet gediertes met die tarentale meeding om mieliepitte. Dit baklei en druk in en wurm tussen mekaar se bene deur. Dit kekkel en kloek en snork en brom en skree - 'n malle, kakofoniese, vrekvanniehonger deurmekaarspul.

En dit is toe ek hierdie wriemelende

massa so oopmond staan en gadeslaan, toe ek skielik 'n blink gedagte kry. Sien, om te probeer kolletjies tel op 'n tarentaal, is 'n totaal onmoontlike saak, want in die eerste plek staan hy nie vir 'n enkele oomblik stil nie. Boonop raak jy skoon duiselig as jy hom stip bekyk en jy sien naderhand net kolle! My gedagte is toe mos om 'n foto van een te neem, dan kan jy hom mos op jou tyd analiseer. Nou ja, om tussen hierdie dolle spul een uit te sonder om 'n foto te neem, is 'n gans ander taak, wat ek nie graag vir iemand toewens nie. Ek knyp my oë toe en druk die knoppie. Wonder bo wonder is dit nie 'n vark se agterstewe nie, maar 'n tarentaal wat in my foto

pryk.

En so bestudeer ek toe nou mos die tarentaal se kiekie. Lagwekkende dierasie, hierdie kolletjiesvoël! Lyk kompleet nes 'n ou antie met 'n outydse kerkrok aan - jy weet mos, die soort wat toeknoop tot héél bo solat dit lyk of sy besig is om te verwurg. En dan het sy daardie koddige kerkhoedjie op die kop, wat lyk of dit iewers baie verkeerd gegaan het en of die ontwerper 'n haai se rugvin in gedagte gehad het toe hy die hoedjie maak. En haar Bloubul-blou maskara het gesmeer - nie so sommer net nie, maar reg oor haar wange en alles. En dan is daar daardie liederlike swart sykouse,

die soort wat die meisies toenterjare op Waterval Boven skooltoe gedra het! Jig! Klink ôk nes 'n klomp ou anties op 'n kerkbasaar wat staan en skinner, soos hulle aanmekaar kekkel en kloek en giggel.

Ek begin tel, maar baie gou sien ek dat hierdie ding nooit gaan uitwerk nie, want skaars hier by die twintigste kolletjie rond verloor ek al toet-en-taal my plek en dan moet ek maar weer voor begin. Naderhand swem die kolletjies voor my moeë oë rond en ek kan net eenvoudig nie meer nie!

Toe tref 'n briljante idee my sommer so uit die bloute uit. As ek mos nou net 'n klein stukkie op 'n slag tel, dan sal

dit mos soveel makliker wees. Ek deel die voël se een helfte in agt blokkies, en toe tel ek in so 'n agste van sy een kant vyftien kolletjies dwars en twintig af - dit gee jou 300 kolletjies. Maklik! Maal dit nou met agt, en jy kry 2400 kolletjies. As jy die anderkant bytel het jy 4800. Maar toe tel die een ou tante haar vlerk op om 'n vlooi of 'n ding by te kom en ek besef dat daar net soveel kolletjies onder die vlerk is as bo-op. En ek merk dat haar vlerke die helfte van die lyf toemaak, dus moet jy mos nog 2400 bytel vir wat jy nie sien nie, en 'n verdere 2400 vir die agterkant van die vlerke. Nou trek ons by 9600 kolletjies. Maar toe reken ek mos in my slimmigheid: 'n

tarentaal se vere lê mos dubbel lae, dus moet jy alles verder nog mos met twee vermenigvuldig. Nou trek ons by 19200. Tel nou daardie een kolletjie wat jy nie in goeie geselskap durf noem nie by en ek kan dit nou maar vandag katagories stel dat 'n tarentaal 19201 kolletjies op sy (haar) lyf het!

Nou begin ek wonder of ek ooit reg getel het.........

# 5

# Beloftes van Reën

Die dorre aarde hyg smagtend na 'n druppeltjie reën. Genadeloos bak die felle son elke greinjie lewe uit alles waarin daar lewenssap vloei. Rooibokramme - eens trotse sultanne met bekoorlike harems - nou lustelose geraamtes wat doelloos rondstrompel op soek na iets groen wat nie is nie. Waar daar slegs enkele maande gelede nog veldblommetjies vrolik gelag het, is nou net die barre rooi grond - leweloos en uitgebak. As die rooibok sleepvoet voortwaggel, slaan die

stoffies op waar sy moeë pote sleepvoet slof.

'n Paar vlakvarke ploeg die harde rooi grond om met hulle taai snoete - iewers daar onder móét 'n wortel of iets wees wat eetbaar is. Klippe word uitgehaak met wrede, krom slagtande. Af-en-toe hap hy iets denkbeeldig. Maar die humeure is bitter kort: dit kos net 'n skewe kyk om 'n vark woedend na sy maatjie te laat gaffel met daardie dodelike wapens. As die maat hom durf wip, breek daar 'n verwoede geveg los en in 'n wolk stof word die swakker een gejaag totdat hy uit die gesigveld verdwyn.

‘n Koedoe kom bedel vir kos. “Daar is niks in die veld om te eet nie”, sê haar droewige oë, “Hoe moet ek oorleef?” Op die stoep staan ‘n groot pot pap, hieruit het die duikertjie, die bosbokooitjie, die varke en die tarentale al kos gekry. Ek tel die deksel op en sy staan nader. Sy hap-hap al na die pap terwyl dit nog op die lepel is en skaars land dit op die grond, of dit verdwyn in haar honger keelgat af. Twee jong vlakvarkies skarrel nader vir hulle deel. Een sê ‘n paar lelike woorde vir die koedoe wat so gulsig alles opslurp en die koedoe vererg haar. Die volgelde oomblik weerklink daar ‘n oorverdowende blaf-brul, en die varkies spring verskrik

weg. Mevrou Koedoe gluur die vark woedend aan, maar die klein japsnoet snork-snork soos 'n klein Foxterrier in haar gesig. Weer brul die koedoe en draai dan vererg om. Sy sien die houtlepel op die pappot lê en gryp dit behendig met haar tong en begin kou.

Almal is honger!

Die afgelope paar dae was kraaiegaap-warm. Kort-kort bou daar 'n paar belowende wolkies in die lug op, om maar net weer deur die gloeiende son verdamp te word. Toe dit teen Woensdag dig toetrek, wou ek jubel, maar helaas: teen die tyd dat die maan opkom, was die hemel alweer sterbelaai - nie 'n wolkie in sig nie.

Vanoggend het weer begin soos enige ander bosveldoggend: propvol belofte van nog 'n snikhete, kurkdroë dag. Tóg was daar iets anders, iets vol verwagting. Die hitte raak drukkend en ondraaglik. En dan merk ek dit - so 'n vae donkerheid wat ons bekruip. Ek stap om die huis. 'n Pikswart wolkbank borrel en kook in die suide. 'n Vae rammeling is musiek vir my ore. Binne-in my jubel dit: moontlik, net dalk miskien gaan dit vandag reën!

Swart-grys dreun die wolke oor ons heen, rammelend en blitsend. 'n Belofte van geopende hemel-sluise drup-drup in die poeierstof. Terwyl die aarde skud en bewe as magtige

elektriese ontladings die lug rondom die strale laat ontplof, begin die reën saggies neersif. Die heerlike geur van reëndruppels wat die stof benat, vul die lug en ek trek my longe diep vol om elke greintjie te proe. Hoe salig!

Maar helaas: die storm rammel voort, verby, tot dáár diep in die Kruger Wildtuin, sonder dat die hemelpoorte vir ons oopgaan. Vir 'n lang ruk hou die reëndruppeltjies so aan om eina-eina te val en dit benat die verstikkende stoflaag sodat die veld heerlik vars ruik.

Daar is 'n blydskap in die lug, al het dit nie werklik gereën nie. Die voëltjies kwetter vrolik, en dit lyk sommer of

daar nuwe lewe, nuwe hoop in die veld is. 'n Familie kakelaars speel luidrugtig wegkruipertjie in die gate van 'n hol knoppiesdoring se stam. Dit lag en skerts en koggel en lawaai dat hoor en sien vergaan!

Ons ry af rivier toe en maak twee opvoustoele staan om die ondergang van die son te geniet. Twee saalbekooievaars dans in die vlakwater. Dis 'n riel en 'n tango, dan 'n cha-cha en 'n mambo. Koddig trap manlief 'n paar treë links en dan weer regs. Die vlerke word windmakerig oopgesprei terwyl hy uitgelate hop-hop. Skielik sien hy iets in die water verbydryf. Hy gryp dit met sy lang snawel, gooi dit 'n paar

keer in die lug, en harloop dan weer windmakerig agter iets denkbeeldig aan. Vloulief staan hom met groot belangstelling en gadeslaan.

'n Ysige luggie en die donker dryf ons terug huistoe. Wie weet, môre, dalk oormôre kom die groot reën.

# 6

# Kwelja Kwêla

Dis winter. Die Laeveld se laatsomerreëns het nie gekom nie en die veld is bitter droog. Die enigste groen te siene is hier om die huis waar ou Anna die gras water gee. Verder is dit vaal, baie vaal. Op pad hier na Marloth Park toe, waar ons kom vakansie hou, moes ons sien hoedat stroke bos en grasveld kilometers ver in pikswarte rou lê, doodgeskroei in ontydige veldbrande. In Die Laevelder lees ons dat etlike menselewens geëis is deur weghol bosbrande in die streek.

Sommer met die intrapslag kook ons 'n groot pot mieiepap, natuurlik sonder sout, net soos die voëls daarvan hou. Ons strooi mielies voor die stoep, en hang vrugte aan die boomtakke. Die reaksie is oorweldigend! Uit alle oorde stroom *geveerde* volkies in om te deel in die fees. Met 'n oorverdowende gekwetter sak hulle toe op die skielike oorvloed. Oral hoor jy uitroepe van: "Kos! Wow! Kos!" en ek is seker ek kon een ou hoor *sing*: "Food, glorious food! Hot sousage & mustard! . . ." Uit alle volke, tale, kleure en nasies kom hulle. Spreeus en fisante, neushorings en tiptolle, houtkappers, mossies en vinke, sysies en wewers, tarentale, kwêvoëls en duiwe. Almal het net één

ding in gedagte: om soveel moontlik van hierdie onverwagse oorvloed in so 'n kort tydjie moontlik in hulle kroppe af te wurg, want in die veld is daar niks!

'n Rooibeklyster stap met waardige vasberadenheid voor die huis verby. Dan is hierdie geroesemoes in sy pad. "Verskoon my . . . ekskuus . . . mag ek verbykom!" maar sy beleefde versoeke val op dowe ore, sodat hy maar verplig voel om eenkant alleen op 'n takkie te gaan sit, sy rug gekeer op die gepeupel. Twee vlakvarke tree snorkend uit die vaal gras, hulle bloedbelope oë starend na 'n vinnig krimpende hopie mielies. Dankbaar sak

hulle op hulle knieë, prewel iets soos 'n dankgebedjie en begin dan in alle erns om die pitte van die klippe te skei. Later, as die ergste geskarrel verby is, draf 'n duikertjie skaam-skaam nader. Twee dwergmuishondjies wat ál hulle moed moes bymekaarskraap om ook 'n ou happie te kon kry, vlug verwilderd die bossies in as die duikertjie verbyskuifel.

Uiteindelik is die pap gaar en afgekoel, gereed vir die middagmaal. Van êrens, baie ver weg, styg die geruis van 'n duisend stemmetjies op. Almal praat gelyk en dit klink nie of enigiemand luister na wat enigiemand anders sê nie. Geleidelik word die gedreun van

stemme al hoe harder, totdat Generaal (mevrou) Muishond se spitsneusie deur die vaal gras breek. Daar voor haar staan die tafel gedek met stywe (ongesoute) pap! Sy wil nog probeer sê: "Kom kinders, kom laat ons soos beskaafde gebande muishonde gaan aansit vir die maal", maar dit is klaar te laat. In 'n stofwolk hol die klomp uitgehongerde kindertjies mekaar uit die pad uit om eerste by die pap te kom. Dit grom en brom en kekkel en baklei sodat die arme mevrou generaal nie 'n skewe woord kan inkry nie. Ek ontdek 'n stuk biltong wat iemand hier aan die stoeppilaar opgehang het. Te vies om dit self te eet (want dit kan dalk net bobbejaan wees!) sny ek klein

stukkies af en gooi dit vir die muishondjies. Dis 'n onmiddellike treffer! Só gewild is die blitong, dat die gulsige vrate dit hier vlakvoor my voete kom gryp en dan hol dat die stof so staan vir ingeval iemand anders dalk ook sin kry in sý biltong.

Die aand breek aan sonder 'n oomblik se stilte. Eers as dit goed donker is, kan ek en Mosbolletjie ons behaaglik uitstrek langs die vuurtjie, maar eers nadat ons die vlakvark met méning moes wegjaag, anders vang die leeu hom dalkies! Asof uit die niet, verskyn 'n groot grys skaduwee, sy ore soos twee satelliet skottels. Met een hap sluk hy 'n stuk pap, amper so groot

soos 'n rugbybal weg, dan vir 'n encore stroop hy al die appels van die bome af wat ons vir die voëls uitgesit het vir môre-oggend! Geruisloos, net soos hy gekom het, verdwyn die koedoe weer in die nag.

Die oggendstond het goud in die mond, én bruin, blou, geel, rooi en groen, want skaars breek die dag, of almal is weer terug en hulle het almal hulle se maatjies óók saamgebring. 'n Swerm swartkeel geelvinke vlieg toevallig verby, op soek na die vleispotte van Egipte. Een jafel skree: "Kôôôôs!" en toe val die hele spul amper uit die lug uit. Hulle het Egipte met al sy kospotte ontdek sonder 'n enkele

piramiede in sig!

Die wêreld voor die stoep lewe behoorlik. Dertien tarentale met kolletjiespakke en swart sykouse tango dat die klippe spat. 'n Rooiborsduifie jaag 'n onwillige wyfie dat sy net hier en daar in die hardloop 'n pit kan gryp. Twee tortelduiwe probeer mieliepitte soek in die stofwolk wat die tarentale opskop. 'n Rooikophoutkappertjie en sy maat is gelukkig genoeg om 'n hele halwe lemoen vir hulleself te hê. Elders hang 'n spreeu onderstebo om die laaste sappies uit die ander helfte te lek. Vyf kwêvoëls omsingel 'n appel op 'n dun takkie, en voer allerhande toertjies uit om self bo-op die takkie

te kan bly - nie nou tyd vir enige waardigheid nie! Twee glansspreeus trek tou aan 'n been en moet net bontstaan om nie vertrap te word deur die geelbek neushoringvoëls en hulle hulle familie, die rooibek en grysneushoringvoëls nie. Rondom die waterbak krioel dit van vinke, bontrugwewers, gryskopmossies en geelvlekmossies. Die luidrugtige glansspreeus gesels dat dit weergalm deur die bosse. 'n Enkele blouseisie woerrr tussen die malende massa in, net om baie gou sy fout agter te kom. Sy spoedige vertrek was baie wys.

En toe arriveer die Kweljas......

Rooibek kweljas is bekend daarvoor

dat hulle in groot swerms vlieg, en veral groot verwoesting kan saai in boere se graanlande. Maar hulle sit ook nooit lank op een plek stil nie. Vir tien of vyftien sekondes wurg hulle soveel kos in as wat hulle kan, en dan vlieg hulle soos een man op in die takke in om dan maar net weer die hele ritueel te herhaal tot vervelens toe! Die neukery is egter, dat toe die kweljas hulle hier tussen hierdie bonte deurmekaarspul kom inval, toe krap hulle alles deurmekaar. Hulle kom sit, vreet vir 'n vale en vlieg op. Die ander spul weet natuurlik nou nie waarvoor die simpel voëls so skielik opvlieg nie en dan vlieg hulle maar saam op, nét vir ingeval. Die kweljas het al drie of vier

keer weer kom vreet en opgevlieg voordat die geroesemoes weer die moed bymekaarskraap om een vir een te kom sit, net om maar weer op te vlieg as die kweljas se hormone hulle pla. So gaan die malle ge-op-en-af, op-en-af aan vir wie weet hoe lank, totdat die kweljas dikgevreet is en nie een van die ander lot 'n enkele pit kon inkry nie.

Genadiglik is daar 'n einde aan alles en óók 'n einde aan hierdie dag van mielies gooi, pap maak, vrugte ophang, mielies uitgooi . . . tot vervelens toe, want almal is dood van die honger! En as dit donker word, moet jy eers die vark wegjaag (sodat die leeu hom nie

vang nie) voor jy stokflou jou moeë liggaam op die stoel neergooi langs die vuurtjie.

Maar dan kom daar 'n onverwagse bonus. 'n Klein bolletjie wol met 'n verestowwer stert en reuse pieringoë verskyn asof uit die niet. Hy spring etlike meters ver van boom tot boom en land op 'n takkie reg langs die stoep. 'n Halwe piesang aan 'n spyker is só lekker dat ek amper aan die nagapie kan raak voordat hy met een sprong in die nag verdwyn. Hy kom weer en weer en weer om nog 'n bietjie van hierdie lekkerte te kry. Later in die nag kom sit hy op die stoeppilaar en vang die motte wat om

die stoeplig draai.

Wát 'n dag! Twee duikertjies kom wei voor die stoep. Die koedoe met die satellietskottel-ore loer in vir 'n vinnige happie en die leeu sing vir ons 'n wiegeliedjie met sy diep baritonstem sodat die ruite behoorlik ratel. Ek en Mosbolletjie kruip kooi toe sodat ons môre-oggend vroeg weer op ons pos kan wees om mielies uit te gooi, pap te maak, vrugte op te hang en die vlakvark weg te jaag (sodat die leeu hom nie vang nie). Tot vervelens toe.

En dan sê almal nog: "O, julle gaan alwéér Bos toe om lekker uit te rus, né?"

Lekker uitrus! Ons is doodmoeg teen die tyd dat ons by die huis kom! Nou het ons 'n vakansie nodig!

7

# 'n Nag in die Bos

Dis stil, dood-dood stil in die bos. ver, baie ver dreun die groot Krokodilrivier saggies. Die gesellige ou vuurtjie se vlammetjie maak allerhande patrone: feëtjies wat op 'n stomp dans, 'n erdvark met sy lang snoet en 'n gloeiende rooi oog....... Die nag is donker en skrikwekkend. Onder uit die rigting van die rivier klink die "hugge-hugge" van 'n seekoei en die kolganse gesels knaterend in Egipties met mekaar.

Rondom die stoep is 'n kring bome.

Anderkant die bome is die stikdonker nag. Kort-kort verbeel jy jou dat jy die een of ander beweging sien daar in die duister anderkant, maar dan, as jy weer kyk dan is daar niks.

'n Piepklein skopsuiltjie kom vladder voor die stoep verby. Hy gaan sit op 'n takkie hier vlakby ons en wag vir 'n insek wat deur ons liggie aangelok word. Sy koppie draai diekant toe, dan daaikant toe, dan reg rondom! Iets beweeg in die gras. Blitsig duik hy af en verorber die ongelukkige skepsel.

Die stilte is oorverdowend. Ek en Mosbolletjie sit elkeen met ons eie gedagtes. Ek dink: hoe wonderlik is die skepping! Hier is alles perfek, volmaak.

Tog is dit alreeds deur die mens en sy verwoestende neigings afgetakel. Hoe mooi moes die paradys nie gewees het nie! Hoe wonderlik gaan dit nie eendag wees wanneer alles volmaak herstel is nie!

Skielik onthou ek van die stoorkamer wat nog oopstaan. Ek vat die miljoen-kerskrag flitslig en Mosbolletjie loop saam om die pikdonker huis. Ons lig eers behoorlik in alle rigtings voor ons verder stap. Ek sluit die stoorkamer terwyl koue rillings agter my nek afhardloop.

Dan sien ons die sterre. Miljoene der miljoene van hulle. Bokant ons lê die Skerpioen met sy lang stert, maar

waar jy gewoonlik net 'n paar sterretjies sien, is daar nou 'n magdom van liggies wat jy nooit raaksien nie. Alles is soveel groter en helderder. My mond hang oop. Ek het dit tog al sóveel keer gesien, maar elke keer is dit asof jy dit vir die eerste keer beleef!. Mosbolletjie wys vir my die twee helder sterre naby die Suiderkruis. Die een is die naaste ster aan die aarde en hy is 4 en 'n half ligjare van ons af weg. Sy buurman is 490 ligjare ver. Die lig wat ons nou bereik, het die ster reeds 490 jaar gelede verlaat, dus sien ek 490 jaar in die verlede in. Maar terselfdertyd sien ek ook 4 en 'n half jaar die verlede in. Dit maak my verstand

deurmekaar: Op een slag sien ek dinge gebeur wat honderde jare gelede alreeds plaasgevind het en terselfdertyd iets wat net 'n paar jaar terug was! Van die ander sterre wat ek sien is miljoene ligjare ver. Nou raak dit te veel vir my verstand! Hoe wonderlik groot is die Skepper van dit alles!

Baie, baie ver brul 'n leeu saggies. 'n Sagte, koel luggie stoot op uit die rivier. Dit is asof ek die stem van God daarin hoor wat vir my sê: "Jy hoef dit nie alles te vertaan nie, my kind, My genade is vir jou genoeg!" 'n Groot rustigheid kom oor my gemoed. God is in beheer van alles!

Die koue luggie dryf my en Mosbolletjie kooi toe. As ons rustig raak, vang my oog 'n beweging buite. Ek sit my bril op. Twee vrugtevlermuise vladder heen en weer by die vrugte verby - vrugte wat ons vir die nagapie uitgesit het. Heen en weer vlieg hulle voor my slaapkamervenster verby. Dan verdwyn hulle. 'n Doodse stilte sak oor die bos toe.

Stille nag, bosveld nag
alles rus, God hou wag.
Slegs 'n leeu wat in eensaamheid brul.
Al die veld is in duister gehul.
God se vrede oor alles,
Jesus se vrede oor ons.

8

# ‘n Opwindende Dag

Opwindend! Ja, inderdaad 'n opwindende dag! En hoe wonderlik as mens God se skepping so intens mag ervaar en met jou hele hart en siel moet uitroep: “Hoe groot is U, hoe groot is U!”

Alles het begin toe ek my dikgeslaapte oë oopmaak, eers die een, dan moeisaam die ander een. 'n Helder rooi bal loer tussen die bome deur. Ek neem kennis, draai my om en slaap verder!

Dis al amper agtuur as ek myself met groot moeite uit die bed sleep. Die

vuurwarm stort skud my uiteindelik wakker.

Wat gaan hierdie dag my bied? Vol afwagting gaan sit ek en Mosbolletjie op die stoep. Niks gebeur nie - nie eers 'n ou voëltjie nie! Ons wag. Dan eet ons maar ontbyt. 'n Koedoekoei kom reguit stoep toe aangestap - die bekende ou bedelaar! Sy pluk al die voëls se vrugte en kom staan dan vol verwagting met bedel-ogies reg voor die stoep. Sy tuur diep in ons oë in en probeer ons skuldig laat voel. Op daardie oomblik streep 'n hele trop koedoes uit die bos, grotes, kleintjies, piepkleintjies en 'n manjifieke groot bul en hulle kom tree aan voor die

stoep. "Tja! Die veld is maar leeg!" lees ek in Pa se oë. Mosbolletjie is verplig om 'n halfsakkie appels op die stoep se rand uit te pak. Hulle is baie dankbaar, en vertrek na ander weivelde. Let wel: nie groener weivelde nie, want hier ís nie! Ek sit weer appels uit vir die voëls. Nie twee minute later nie is die koedoes terug om weer die bome skoon te maak! Ai!

Later in die dag skuur ek 'n tafeltjie af om te vernis. Dis harde werk en ek maak hom staan op die stoep se rand. Ek werk met my rug na die bos gekeer. Mosbolletjie loer by die voordeur uit: "Kyk tog net 'n slag agter jou!" waarsku sy my en ek kyk vinnig om.

Mevrou Koedoe staan reg agter my, haar kop amper teen my boud! Was dit 'n leeu, was ek nou sékerlik opgevreet! Maar al wat sy wou hê is 'n stuk appel wat sy by my voete sien lê het.

Laatmiddag, as die skemer oor die bos begin daal, bars daar 'n verskriklike lawaai onder by die rivier los. Dit klink soos die einde van die wêreld wat aangebreek het! 'n Koor van bobbejaanstemme klink uit die oewerbos op, almal doodsbenoud. Gille van kleintjies, dreigemente van Pa soebatsmeke van iemand anders en ons wonder...... 'n leeu wat die klomp se lewens versuur? Of dalk eerder 'n luiperd?

Ek pak 'n vuurtjie aan, sommer op die blikbraai. Vanaand braai ons op die stoep! Net vir die wis en die onwis sit ek 'n ekstra paar stukke hout op die vuur sodat hy lekker groot brand. Die nag vou sy grys kombersie snoesig om ons toe - dis net die ou vuurtjie se lig wat die donker verdryf. 'n Uil roep-roep in 'n boom digby ons. Skielik vladder 'n reuse vrugtevlermuis oor ons koppe, dwarsdeur die stoep, sirkel 'n paar keer om die vuur en verdwyn weer in die donker. My hart bons. 'n Leeu brul baie hard uit die ooste, sy brulle weergalm oor die stil bosveld. Ons ís mos veilig op die stoep! Of is ons wérklik? "Die Here is my Herder, al gaan ek deur 'n dal van

doodskaduwee, ek sal nie bang wees nie........" Die leeu se brulle sweef weer oor die donkerte heen. Mosbolletjie skakel die stoeplig aan.

Op die kole sis 'n worsie - koedoewors! Mosbolletjie voel baie skuldig oor ons ou mak koedoekoei se familie wat ons hier staan braai! Ek voel nie in die minste skuldig nie...... Ons braai 'n broodjie en saam met so 'n ou rooiwyntjie raak dit baie rustig, buiten nou vir die vrugtevlermuis wat kort-kort sy draai deur die stoep kom maak.

Skielik is daar 'n beweging in die buiterand van die ligkring. Ek skreef my oë om te kan sien. Die bleek stokkiesbene van 'n duikertjie neem

vorm aan. Hy loop 'n wye draai, en kom staan onder die boom voor die stoep. In die takke bokant hom beweeg iets - 'n nagapie! En nog een! Dan is daar nóg 'n maatjie en hulle spring heen en weer, op en af van tak na tak en boom na boom. Die duikertjie se maatjie stap ook nader en nou is die ark skielik behóórlik oop! Die nagapies ontdek 'n piesang en die duikertjies ontdek die mielies. Die vlermuis het natuurlik lankal die piesang gesien, maar hy is te vrek bang om hom te eet en nou word sy piesang deur die nagapies verorber! Hy fladder heen en weer en verdwyn dan in die nagduisternis. Die duikertjies ook. Dis net die nagapies wat soos springmielies in 'n pan

rondspring, díékant toe, dááikant toe, op en af. Dan ontdek een 'n stukkie brood op die grond. Hy spring af, vat 'n happie en hop terug in die takke in. Sy maatjie hop ook af, gryp sommer die hele stuk brood en verdwyn daarmee.

Skielik is dit stil. Almal is weg. Dit is net ek en Mosbolletjie wat oorbly met ons gedagtes.

Stille nag, Bosveld nag.
Oor die veld, soet en sag,
klink die fluist'ring van God se gena'
veertjie-lig op die aandwind gedra.
God hou immer die wag,
God hou immer die wag!

9

# Die Renoster

My hart klop in my keel as die reuse skaduwee oor my val. Ag toggie! Ek is maar net 'n ou nietige mensie en die dierasie is so verskriklik groot en aggressief........

Ek en Mosbolletjie en ons dierbare vriende, Ds. Kobus en Lizette de Leeuw en ons jongste spruit, Ria besluit om vir 'n naweek in Mkuze wildtuin te gaan uitkamp.

Die hele groot kampterrein by Mkuze is ons s'n. Niemand anders in sig nie, dus kan ons kies en keur waar ons wil

tent opslaan. Ons soek vir ons 'n knus, gesellige plekkie tussen die bome uit, en daar maak ons drie tentjies op onder die reuse bome staan en rig 'n heerlike gesellike kamp in. Die héél belangrikste is natuurlik die kampvuurtjie van doringhout wat ons by die smouse langs die pad gekoop het. Ek en Mosbolletjie se tentjie is nou nie juis 'n paleis nie en die materiaal is maar bitter dun, maar as jy eers binne is, dan is dit Huis!

Die aand is mooi en die rooiwyntjie dans warm patroontjies in die glas by die vlamme van ons gesellige vuurtjie. Ons kuier tot laataand en ons kosbare vriendskap blom!

Die nag vou om ons toe - 'n bitter donker nag propvol van wie-weet-wat se gevare. Mkhuze se kampeerterrein het hoeka nie eers 'n ou sweempie van 'n heining om nie en enige groot gogga kan vryelik daar deurstap. Toe die son vanmiddag so helder geskyn het, het dit nou nie juis gepla nie, maar noudat die donker sy swart karos so bo-oor ons kom gooi, begin ek dink aan watter dierasies daar dalk uit die bosse vir ons kan loer. Gelukkig is hier nie leeus nie! Maar dis maar 'n skraal troos!

Laatnag, na 'n heerlike lang kuier om 'n gesels-vuurtjie wat nou sy laaste persvlammetjie-doodsnikke gee, kruip ons baie onwillig in die kooi. En ek lê

nog en luister na die stilte van die nag. En ek wonder....... En Klaasvakie kom staan daar met sy sak sand en die ongeskikte vent kom gooi sommer 'n hele handvol reg in my oë. Onbeskof!

Ongenadiglik word ek skielik wreed uit my soete slaap geruk: Iemand kom in die pad verbygeloop, iemand met groot pote wat ka-klop, ka-klop, ka-klop, ritmies en met swaar slag. "Te groot vir 'n sebra!" dink ek. Mosbolletjie is nou ook wakker. Ons wonder hardop wat dit kan wees. Ons loer deur die tentvenstertjie. In die flou maanlig sien ons die logge gestalte van 'n renoster wat soos 'n skip op die oseaan verbywieg. Gelukkig **VERBY!** Ons

luister hoedat sy swaar voetstap al sagter en sagter word. Ons sug altwee 'n baie dankbare sug van verligting en ons wil ons net weer gemaklik begin maak.

Maar ons verligting is van korte duur: Daai man met die groot neushoring besluit dat ons brose ou tentjie met sy welige graspolle wat rondom groei baie gesellig lyk! Dis ook nie 'n honderd jaar nie, of hy kom maak die graskolletjie langs ons tentjie sy weiplek. Ons tweetjies is te vrek bang om asem te haal. Dit is net 'n ou stukkie baie dun lap wat ons skei van twee ton slegte humeur en reuse, flymskerp horing. As hy sou besluit om te loop waar ons

tentjie staan, dan loop hy dwarsoor ons sonder dat hy dit eers sou voel! En hy ryg vir ekke en arme Mosbolletjie soos 'n sosatie in daardie oorgroeide doring op sy neus.

My hart klop in my keel. Ek voel bitter broos en magteloos. 'n Halfuur van sielemarteling volg. Groot hompe dik, harde grasse word afgepluk met daardie formidabele dik, plat lippe en na die reuse baliepens weggevoer.

En ons bid. Baie hard en ernstig!

In die piepklein tentjie langs ons slaap Ria rustig. Die tentjie is skaars 'n baksteen hoog. 'n Renoster is mos half-blind - ek hoop hy sien die ou tentjie darem raak!

En ons bid. Nog harder en nóg ernstiger!

Die renoster swaai sy reuse agterstewe na ons tentjie toe. Ek hou my asem op, wil hy ons nou nog begrawe ook?!! Sy koddige varkstertjie swaai hier amper onder my neus. *Genadiglik* kom hy stadig in beweging, soos 'n reuse stoomlokomotief op 'n koue wintersoggend - tjoef-tjoef-tjoef waggel-waggel. *Genadiglik* is die rigting van sy beweging **WEG** van ons tentjie af. Moeisaam kry hy koers die donker nag in. Die ritmiese ka-klop, ka-klop, ka-klop raak al hoe sagter totdat die doodse, rustige stilte van die bos ons

weereens omvou.

Ons het dit oorleef!

En ek sug: "**Dankie Here!**"

# 10

# Moenie die man op sy baadjie takseer nie

Twintig tarentale
tering-ting deur die bosse,
Geklee in pikswart sykouse
en bonte kolletjiesrokke.

Bloupoeier gesigte
met lelle langs die wange
en neuse rooi gelipstiek
sing vrolike gesange

“Werk stadig!”, koer die tortelduif
vir die spikkeltjies-hoenderhaan,
“werk stadig, want dis warm, jong,
en die son wil’ie onder gaan!”

Hie-hie-hie”, lag die sebra skril,
“hie-hie, dis nou dof!
‘n Kolletjiesrok en sykouse -
hoe pas dit in die bos?”

“Los hom!”, blaf die bobbejaan,
“Aag los hom, onbeskoffie!
Die mode is ‘n kolletjiesrok,
en ‘n kâpie op jou kôpie!”

Maar wag, laat ek héél voor begin:

Gistermiddag toe ons hier in die Bos

aanland na 'n lang, harde dag se ry, kry ons 'n kurkdroë Bos. 'n Warm wind waai en dis skoon onplesierig. Maar die een ding wat uitstaan soos 'n paal bo water, is die lentebloeisels. Ten spyte van die droogte en ten spyte van die goor wind is die ganse Bos opgetooi soos 'n bruid wat op pad is na haar grootste van groot dae. Dis nou eintlik die Knoppiesdorings waarvan ek praat, en almal is oortrek van massas roomwit poeierkwassieblommetjies. As die wind oor hulle gaan, strooi hulle 'n wolk van sneeuvlokkies oor die veld. Die wit blommetjies warrel in die pad en plek-plek is daar selfs "sneeuopdrifsels."

Maar daar is nêrens 'n enkele dier te

siene nie - nie sebras nie, nie rooibokke nie, nie vlakvarke nie - niks! Dit voel baie vreemd, want gewoonlik word jy oorspoel van diere sodra jy hier aanland.

By die boshuisie aangekom, moet ons eers meubels uitdra stoep toe, kos vir die voëls uitsit en uitpak voordat ons rustig ons voete in die lug sit. Daar is nie kos in die veld nie, dus sal die voëls netnou in hulle massas opdaag.

Maar dit gebeur nie. Nie 'n enkele voëltjie van 'n dagoud in sig nie. Is die Bos dan nou morsdood? Wat het van almal geword.

En so kry die aand ons sonder dat daar 'n dooie ding gebeur.

Ria hang 'n piesang aan die nagapie se boom net vir ingeval, maar ons voel dis eintlik puur verniet, want hulle sal in elkgeval tog nie kom nie.

En toe is hulle daar! Sommer drie van hulle! Piering-oog bolletjies dons gepák met energie. Soos vlooie in 'n sirkus bons hulle diekant toe, dááikant toe, op en af, van tak na boom, en tussen alles deur takel hulle die piesang totdat daar net 'n skil oorbly. En toe verdwyn hulle.

Ek sug. Die eerste ou stukkie lewe vandag en toe is dit sommer nét só verby! Die wind het bedaar en swaar wolke maak die Bos pikdonker. Nie 'n maan nie en nie 'n enkele sterretjie

skyn sy liggie oor die kurkdroë, hygende veld nie.

Skielik hyg-hyg Mosbolletjie. Ek kyk wat die arme ding getref het en toe sien ek dit óók: 'n Muskeljaatkat kom uit die nagapie se boom afgeseil, vlakvoor die stoep. Ons hou ons asems op. Hy gaan sit hier op oog-hoogte en hou ons dop. Dis nog 'n baie jong katjie en hy is honger. Ek gooi 'n hoenderbeentjie op die grond. Hy spring af, gryp dit en verdwyn die nag in. Ons gooi nog hoenderbeentjies uit in die hoop dat hy sal terugkom. En die hoop beskaam nie! Kort voor lank is hy weer hier, gryp 'n beentjie en seil dan in die Blinkblaar-wag-'n-bietjie op om

daar sy prooi te verorber.

Intussen bou daar 'n rammeling op in die pikswart hemel. Kort-kort is daar 'n veraf weerlig wat die wolke effens verlig. Die kat (eintlik is hy nie 'n kat nie, maar nader verwant aan 'n Siwet) is heen en weer tussen die hoenderbeentjies en die wag-'n-bietjie en ek kry natuurlik baie lekker met my kamera. Die weer kom al nader en nader totdat blitse kort-kort die ganse bos helder verlig. Swaar donderslae skud die doringbome.

Die hoenderbeentjies is almal gedaan, en die kat spring in die nagapie se Rooiboswilg. En toe skielik spring hy op die stoeppilaar. Hy kyk ons groot-oog

reg in die oë, so asof hy wil sê: "ek is nou hier en wat daarvan!". Naderhand klim hy op 'n dakbalk en strek hom behaaglik daar uit asof dit sy eie huis is. Nou woed die storm in al sy geweld. Die eerste reëndruppels val met die bekende dof sware plof soos koeëls in die stof neer op die dorre aarde en weldra stort dit neer as die sluise van die hemel bokant ons oopmaak. Die kat gaan kruip agter 'n stel koedoehorings weg en ons gaan kruip in die kooi weg vir die nag terwyl die milde reën saggies neersif.

Ja, wie sou nou kon droom dat die droë, dooie Bos vir ons soveel mooi in een aand kon oplewer. 'n Mens takseer

so maklik iemand op sy baadjie. Jy maak gevolgtrekkings oor 'n persoon voordat jy sy binneste gesien het.

Ja, dikwels wil ons net die buitenste droë dop van 'n persoon raaksien. As jy egter die moeite gaan doen en diep met die persoon gesels, dan sien jy dalk 'n baie groter mens daar binne. Vat nou maar vir Levi - 'n tollenaar, die beroep waarop almal neergesien het. Niemand wat 'n ware Jood was wou met hom assosieer nie. Tog het Jesus dit die moeite werd geag om saam met hom te gaan eet en groot fees te hou.

Ek daag jou uit om vandag met iemand te gaan gesels met ware belangstelling, iemand wat jy nog altyd gedink het nie

die moeite werd is om eers mee te praat nie.

# 11

# Die Afgryslike Vark

Op die draai van die Milennium kuier ek en Mosbolletjie in ons huisie in die Bos, dis nou in Marloth Park. En so, terwyl ek op die stoep uitgestrek sit soos 'n uitgespande donkiekar en my verlustig in die wonderlike voëllewe, begin daar skielik 'n drama of dalk eerder 'n melodrama voor my afspeel.

Deur die veld kom sy aangewaggel, hygend, blasend, heen en weer. Met afgryse en minagting kyk ek hierdie logge gevaarte aan wat deur die lang gras en bossies aangestoom kom. Kan 'n

vlakvarksog só 'n vraat van haarself maak en haar só oorvreet?!! Op die grasperk lê oorskietkos. Sy hap-hap hier, hap-hap daar en strompel voort, reguit na die moddergat toe. Nou moet ek eers verduidelik dat daar reg voor die stoep 'n yslike moddergat gebeur het. Hoe? Ek sou nie weet nie. Toe ons die vorige dag hier kom, toe wás hy maar hier. Seker maar die vlakvarke wat 'n gat gegrawe het na die laaste reënbui. En nou is hy hier, kompleet met lekker slap, egte vlakvarkmodder. En dáár plons sy in, plat op haar pens sodat die arme spreeu op die takkie bokant haar vir wie weet hoe lank moet sit en modderspatsels uitkam. Behaaglik rol sy om op haar rug, maar

oor haar vetgeit kom sy niks verder as haar ribbes nie - nou nie lat mens juis ribbes kan sien deur al die vetrolletjies nie!

Uiteindelik, met so 'n selfvoldane sug, strek sy haar plat uit op haar pens met haar ken, eintlik 'n driedubbele ken, op die walletjie. So lê sy my en aankyk met sulke welgeluksalige ogies wat gans te naby aan mekaar sit.

En ek dink met afsku: Vieslike, Vuil, Vet Vark!

En toe dink ek weer 'n slag: Sies! Skaam jou, Lewies! Sy het ôk 'n binneste! (Mosbolletjie se gesegde!)

En laat daardie nag, toe ek nie kan slaap nie, toe dink ek wéér: "Sê nou

maar......" dink ek.

Sê nou maar, een oggend, so 'n paar minute voor kerk begin kom daar 'n man aangestap na die kerk toe. Nou nie die gewone soort kerkganger nie. Hy het nie 'n soet en taai aan nie. Hy is nie gladgeskeer nie. Daar hang nie 'n soet walm van laas Kersfees se naskeer om hom nie. Nee, hy is pleinweg vuil en hy stink van weke laas se bad en boonop hang daar 'n walm om hom van goedkoop drank. Sy verwaarloosde klere is gekreukel van verlede nag se slaap iewers onder 'n boom. Die lewe het hom sleg behandel nadat hy deur drankmisbruik eers sy werk verloor het, toe sy huis, sy vrou, sy kinders, ja

alles wat vir hom iets in die lewe beteken het!

Voor hom pryk die grênd kerkgebou, en innerlik is hy bang daarvoor, want dit was jare laas sedert hy die binnekant van een gesien het. Maar vanoggend het 'n stem hier êrens binne-in hom vir hom bly sê dat hy hierheen moes kom. Hy struikel half as hy met kloppende hart oor die drumpel stap. Sy trae oë rek groot. Hy wil dit uitskreeu: "Dis 'n fout! Dis 'n gróót fout!" 'n Muur van nors gesigte, vervul met afsku, staar die arme bang siel aan. Hy draai om en begin weghardloop, maar iemand gryp hom aan die arm. Hy wil losruk, maar 'n

vriendelike stem dwing hom om om te kyk: "Oom!"

Die warm glimlag op die jong man se gesig gryp hom dadelik aan. "Oom, kom sit hier by my. Lyk my Oom is bietjie vreemd in hierdie geweste."

Die gesig wat straal van liefde kalmeer hom. "Verskoon maar die ander, hulle is nie vreemdelinge gewoond nie." probeer hy verskoning maak vir die gemeente se gedrag en hy neem hom na sy bank, amper reg voor in die kerk.

Dominee en die kerkraad stap die kerk binne. Vanmôre het hy darem 'n preek gereed wat die gemeente vir lááánk sal onthou. 'n Hele week lank het hy aan hierdie meesterstuk gewerk en hy

moes stapels boeke naslaan om hierdie voortreflike betoog, net maar nóg een van 'n hele rits uitmuntende werke, voor te berei. Hy voel selfvoldaan as hy die afkondigings begin. Sy oë speel oor die stampvol kerkgebou - sý kuddetjie. Maar dan raak sy woorde weg as sy oog die halfleë kol hier regvoor hom in die kerk vang, hier waar Danie sit en langs hom, 'n vuil boemelaar, verskrik maar vol verwagting. Hier reg onder sy neus. Hy is seker hy kan hom ruik!

Hy rammel die res van die week se program af sonder om te dink wat hy sê. Sy gedagtes is elders. Hoe gaan hy die situasie hanteer? Gaan die

armsalige siel ooit 'n woord van sy hoogs intellektuele preek verstaan? Gaan hy maar net hier uitloop sonder dat enigiets sy hart geraak het? Wat moet hy tog doen??????

Die Votum en seëngroet kom en gaan, en steeds tas hy na 'n antwoord. Die Wet en geloofsbelydenis is 'n formaliteit wat afgehandel word sonder dat hy besef wat hy sê.

Half verbouereerd tas hy na die glas water op die kansel, maar in die proses stamp sy bewende hand die netjiese pak notas af. Hy moet verslae kyk hoedat sy hele preek deurmekaar oor die vloer vladder. En dan onthou hy maar net so terloops dat hy nog die

blaaie wóú nommer.........

‘n Salige vrede sak oor hom toe.

Hy glimlag vriendelik as hy sê: “Liewe gemeente, vanoggend gaan ons ‘n bietjie afwyk van die gewone. Kom ons gesels oor liefde. Eerstens oor liefde vir jou naaste,” kry hy so ‘n stekie in vir sy liefdelose gemeente, “maar bowenal oor God se groot liefde vir ons, ten spyte van wie en wat ons is.”

En Dominee die preek, diep uit sy hart uit. Hy preek eenvoudig dat selfs ‘n kind hom sal verstaan. Hy preek van Johannes wat geskrywe het dat God ons só liefhet het dat Hy sy enigste Seun opgeoffer het, selfs laat kruisig het, sodat ons die ewige lewe kan hê.

Ons moet maar net in Hom glo! En hy preek van sondes wat so vreeslik was dat ons skarlakenrooi was en die Here het ons skoongewas daarvan sodat ons spierwit-skoon geword het. En hy preek van die seun wat weggeloop het van die huis af en toe hy jare later álles in die lewe verloor het en huistoe kom, toe is sy pa verskriklik bly en hy gee 'n gróót partytjie.

Die een ouderling het geskok opgestaan en uitgestap.

Die boemelaar het op die puntjie van sy stoel vasgenael gesit. Stadig het die gedagte by hom begin posvat: "**Daar is Iemand wat baie vir my omgee!**"

Dominee het sommer geweet dat die gemeente hom gaan kruisig vir sy volgende woorde, maar - wat wo!

"Is hier nie dalk vandag iemand in hierdie gebou wat sy hart vir Jesus wil gee nie?"

Skok en absolute afgryse oor so 'n "sektariese" vraag is te lese op 'n hele paar gesigte. "Dis mos nie hoe ons dit in óns kerk doen nie! Het Dominee dan nou hééltemal die kluts kwytgeraak?" Etlike oë het trane in. 'n Paar oë kyk grondwaarts. Die stilte raak ondraaglik, dik en lank.

'n Vuil gesig in die voorste gestoeltes straal van opgewondenheid. 'n Bewende hand gaan uit 'n verslete baadjiemou

omhoog: **“Ek wil, Dominee, ek wil.....”**

# 12
# Eenheid

Eers klink dit soos die geruis van die wind deur die bome, maar dis 'n doodstil dag - nie 'n luggie wat trek nie. Dan hoor ek die botone: skwiek, tjorrel, knor, mor, borrel. En ek wéét sommer wat op pad is. Bo die vaal gras loer 'n koddige klein gesiggie uit om te sien of alles veilig is. Hy duik weer grondwaarts en met 'n vaart wat Micheal Schumacher sal laat bloos vleg hy tussen die grasse en bossies deur, reguit na die huis toe. 'n Entjie agter hom kom 'n lang streep grys gevaartetjies, hulle beentjies soos

opwensoldaatjies, net baie vinniger. Daar is 'n opgewondenheid wat in my borrel - ek geniet die muishondjies geweldig. As hulle kom kuier, is my dag sommer gemaak!

Ek gooi 'n paar stukke gemufte brood voor die stoep en die reaksie is oorweldigend! Dit stoei en raas en knor en skarrel, maar uiteindelik het elkeen 'n stukkie brood en nou kloek en koer dit vir 'n vale, want hulle is tevrede. Tevrede? Nie húlle nie! Een outjie ontdek die dammetjie en gaan lê pens en pootjies binne in die water. 'n Ander outjie ontdek weer die braairooster en dit word besnuif en besnuffel. Hy kry 'n maatjie of drie en

saam lek hulle die sif blinkskoon. Gisteraand se pappot loop natuurlik ook deur. Daar is maklik twintig van die klein narre.

Skielik knor die ou voorloper 'n waarskuwing en almal gaan staan doodstil ek kyk rond van waar die gevaar mag kom. Dan skud die takke van die ou groot knoppiesdoring as 'n klein troppie blouapies hulle intrek neem. Die twee groepe lyk my nie juis baie lief vir mekaar nie en die ape en muishonde sê mekaar net lelik sleg. Een baie brawe muishondjie besluit om die ape aan te vat en hy bestyg die skuins stam van die knoppiesdoring. Aap se kind is nie geneë met sulke

arrogante gedrag nie en hy klim dreigend af uit die blarekroon om met hierdie japsnoet af te reken. Hy is immers baie groter! Die muishondjie laat spaander teen die stam af met 'n groot gejuig.

Dan maak hy 'n paar maters bymekaar, en saam storm hulle weer teen die stam op. Die res van die gepeupel drom nou soos een man saam onder die boom en por die helde luidkeels aan. Blouaap, wat intussen rustig op sy nuwe troon bly sit het, val byna uit die boom uit van skok! Oorhaastig klouter hy holderstebolder terug na veiligheid.

Tevrede met wat hulle vermag het, klim die muishondjies af - baie waardig

- en onder 'n luide getjor, tjorrol, kloek en skwiek streep hulle weg deur die droë grasse na 'n nuwe, onbekende bestemming.

"**Eendrag maak mag**! **Tweedrag breek krag**!**"** is 'n baie ou en waar gesegde. Dit geld ook vir die kerk van Jesus Christus.

Hierdie muishondjies is vir my so 'n mooi voorbeeld van hoe die kerk moet funksioneer. Ten spyte van hulle verskille, staan hulle saam deur dik en dun. Dit is baie meer as wat ons kan sê van die kerk. Kyk maar hoe word daar gesukkel om die familie van NG Kerke met mekaar te versoen. Dit blyk 'n onbegonne taak te wees. Daar word al

baie jare gepoog om die NG Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk met mekaar te versoen. In werklikheid is daar bitter min verskille tussen hulle maar elkeen klou krampagtig van aan 'n paar waardelose waardes, wat hulle onversoenbaar maak. Van versoening tussen Gereformeerde en Charismatiese kerke is daar nie eers sprake nie! Waarom? Ons aanbid tog dieselfde Drie-Enige God!

Maar dit gaan veel dieper as dit: selfs binne ons gemeentes is daar verdeeldheid. Dit was so in Paulus se tyd en dit is vandag nog steeds so. In ons eie gemeente het dit deur die jare

dikwels al op groot droefheid uitgeloop en mense wat bitter kwaad was vir mekaar.

Maar gaan kyk 'n bietjie wat gebeur wanneer daar liefde in 'n gemeente is en wanneer hulle saamstaan ten spyte van hulle verskille: Daardie gemeente blom! Hulle word aangevoer na groot hoogtes en die duiwel het daar nie 'n vastrapplek nie.

In Korinte was die mense verdeel tussen die aanhangers van Paulus, Apollos en Petrus. Die Woord wat Paulus verkondig het, het die aandag van homself afgewend omdat dit nie vol menslike wysheid was nie. As hulle dus mooi na Paulus se woorde geluister

het, sou hulle verby sy persoon die kruis van Jesus Christus raakgesien het. Daar hang nie net Jesus self nie, maar ook Petrus, Paulus, Apollos én ek en jy. Ons moes aan onsself sterf sodat Jesus nou in ons kan leef. Dat ook jy dáár hang, blyk as jy nie toelaat dat leiersfigure verdeeldheid in die gemeente veroorsaak nie en dat jy ook nie self 'n leier word wat verdeeldheid skep nie, maar wat streef na versoening en ware kerklike eenheid.

# 13

# Pappot & Kie

Met ons eerste ontmoeting was hy maar bra sku. Hy het my baie wantrouig op 'n afstand dopgehou. Toe ontdek hy die voëls se pap. Dit was die begin van 'n verhouding wat etlike jare geduur het. My verhouding met Pappot!

Ja, die wêreld was nog maar woes en leeg by ons ou Boshuisie. Met groot moeite probeer mens 'n bietjie groenigheid aan die groei kry sodat ons darem 'n ou stukkie groenigheid voor die huisie kan hê. Maar die son bak die aarde genadeloos dood en dor

en dit gaan maar sukkel-sukkel. Dan, uiteindelik, begin die eerste stukkie grasperk vorm aanneem. En dis tóé dat Pappot die vlakvark, die pap ontdek. En óók my groen lappie gras! Hy nooi 'n paar vriende oor vir ete en hulle begin die grasperk vir ons snoei, totdat daar net hier en daar 'n sprietjie oorbly. Al ons harde werk in sy glôrie in!

Soos wat hulle ons werk opvreet, raak hulle ook al hoe meer gewoond aan ons. Eers hardloop hulle by die geringste bewegingkie. Naderhand kan ons aangaan met ons normale dagtaak terwyl die varke al hoe nader aan ons, hulle verlustig in ons pogings om ons huisie leefbaar te maak. En dan

natuurlik die groot bonus, wanneer die voëls pap gekry het. As die varke dan op die erf aankom, word daar eers naarstiglik gesoek na die pap, en eers as daar nie meer 'n krieseltjie oor is nie, word die grasperk met méning aangeval. Tot die wortels word uitgegrawe.

Toe, op 'n mooi dag, ontdek pappot waar die pap vandaan kom. Die swart boepenspotjie staan onder die maroelaboom geparkeer, vol water sodat die vorige aand se aanbrandsels kan week. Dalk was hy net dors, maar toe ontdek hy dat daar 'n bonus van pap by die water is. En toe is die gort gaar! Ons durf nie 'n boepenspot buite

laat nie. Dit word behendig omgestamp sodat die deksel afval. Dan word die potjie gerol met die snoet totdat hy die pap kan bykom. As die pot skoongevreet is aan eenkant, word dit net weer verder gerol om die pap aan die anderkant by te kom.

Pappot begin naderhand uitvind dat die pap nie vanself in daardie handige potjie kom nie. Iemand moet dit een of ander tyd daar insit. Hy kyk die spul tweebeniges wat op die stoep sit uit en hy besluit: dis net dáár waar daardie lekkerny vandaan kom. Hy stap reguit stoep-toe, tot hier by ons voete en staar ons in die oë, asof hy wil sê: "Toe julle blikskottels! Uit daarmee!"

Die Somer het gekom en daarmee saam uiteindelik groen gras - én piepklein vlakvarkies. Teen laat Herfs is een ou sog met haar vier opgeskote speenvarkies al gereelde besoekers. Maar een outjie het 'n vreeslike gewoonte aangeleer. Vir die geringste ou dingetjie begin hy skree soos 'n maervark (?!). Iemand anders moet net 'n bietjie naby hom kom, dan is dit sulke tyd!

Dit was juis in hierdie tyd dat die Sirkus een droë oggend 'n draai kom maak het op ons, teen hierdie tyd alweer uitgerafelde grasperk. Ma-vark loop reguit vir die pappot. Sy steek haar kop in die pot en jy hoor net

tande klap soos sy smul aan die oorskiet pap. Dan sien die kleintjies dat daar iets baie interessant aan die gang is. Hulle bestorm die swart boepenspotjie en probeer alvier gelyk hulle koppe in die pot druk terwyl Ma s'n ook nog binne is. Skreeubalie is laaste om daar aan te kom en dan is daar toe nie meer plek vir hom óók nie. En hy skreeu! Die bosse weergalm van sy angstige gille. Sy boeties is egter teen hierdie tyd al sy vloermoere gewoond en hulle hou hulle dikvellig en doof.

Skielik pluk Ma haar kop uit die pot uit en kyk stip veld-in. Sy snork. Haar nekhare staan soos ystervarkpenne

kiertsregop en die kleinspan aap haar na.

Dan, skielik, verskyn daar die gestalte van 'n ander vark in die lang gras. Agter die besoeker verskyn sy gesin. Hy het net één ding in sy gedagte: daardie pot! Hy ken hom al van annerdag af. Ma besluit egter dat sy eerste daar was en basta! Dan begin 'n wilde jaagtog wat my herinner aan 'n klomp narre in 'n sirkus wat mekaar wild en wakker rondjaag sonder veel doel in hulle manewales, buiten om die toeskouers te laat lag. Wilde draaie word gegooi om elke bossie en boompie. Klippe en stof spat in alle rigtings. Ek kan nie altyd agterkom wie

nou eintlik vir wie jaag nie. Maar solank iemand net gejaag word, is almal gelukkig. Ons lê soos ons lag, maar vir die vlakvarke is dit 'n baie ernstige saak. Dit is 'n wedloop om lewe en dood. Die een wat wen kry die groot prys: die pappot et oorskietpap!

Uiteindelik blaas die besoekers die aftog en verdwyn soos hulle gekom het. Nou word die pappot met méning getakel en eers as hy blinkskoon is draf die varkies tevrede weg en verdwyn in die lang gras. Wel, ámper almal is tevrede, want terwyl hulle verdwyn, hoor ek nog die skreeubalie kerm en weeklaag oor hy nie sy regmatige plek in die ry kry nie!

# 14

# Rosette spel “DOOD”

Daardie dag het begin soos enige ander normale dag in die bos, heerlik koel met ‘n verkwikkende oggendluggie wat saggies op sy vleuels die môreklanke dra. Eers kondig die patrysie luidkeels aan dat die verskrikking van die donker nag verby is. Dan kwetter ‘n paar tarentale êrens in die lang grasse tjr-tjr-tjr-tjirrrrr. En skielik lewe die bos. Vir oulaas kom vat die duikertjie ‘n paar haastige happe van die grasperk se sappige groen grassies en verdwyn dan in die bossies voor die son hom vang. Daar

van die rivier se kant af sê 'n tortelduif: Werk-sta-dig, werk-sta-dig, werk-sta-dig. Was dit dalk 'n manier om te voorspel hoedanig die dag nog sou word?

As die eerste strale van die son deur die boomtoppe breek, is dit alreeds asof daar so 'n vreemde gloed in die wolklose lug is. Jy kan klaar aanvoel: Hier kom 'n dag waar die sweet ons gaan aftáp. En dan ís dit ook net so want teen tienuur kom daar 'n stewige noordewind op. En wanneer die kwêvoël "twaalfuur!" skreeu, dan weet jy met sekerheid: hierdie is 'n egte, opregte Salatiwind. Jy voel asof jy nie kan asem kry nie. Die wind brand jou longe,

jou neus, jou mond. Jou oë is droog en rooi en dit voel gedurig asof daar sand in is.

Die Laeveld kan partykeer genadeloos wees. En so 'n snikhete dag sleep stadig, bitter moeisaam verby! Die vensters word toegemaak, gordyne dig getrek om die hitte te probeer buite jou en ons gaan lê, maar weldra lê jy in 'n poel sweet. Dis te warm om te slaap.

Uiteindelik is die lang, ongemaklike middag verby en met 'n laaste, venynige kraginspanning brand die son sy indrukke in my geheue in as hy gloeiend agter 'n dor sekelbos insak. Die wind het genadiglik gaan lê en 'n effense koeligheid sak oor die Laeveld

toe. Die bos begin weer lewe kry. 'n Troppie rooibokke kom lui-lui verbygedraf op pad na 'n suiping en tussen die bome deur kan ons die neonstrepe van 'n trop sebras sien deurflits.

Die nag val met 'n donderende slag! Skielik is dit donker, baie, baie donker! Nie eers 'n sweempie van 'n maan nie!

Maar miljoene sterre fonkel 'n tafereel in die uitspansel wat in mensewoorde nie beskryf kan word nie. 'n Gesellige vuurtjie en 'n sissende vleisie wat sy geur meng met die geure van bossies en doringbome, maak die aand volmaak. Dit is stil en rustig. Jy kan eintlik nie glo dat ons in Marloth

Park werklik in 'n dorp is nie want nêrens sien jy 'n liggie nie, jy hoor nie 'n motor, radio of T.V. nie en daar is geen teken van enige ander mense in die omgewing nie. Êrens oemf-oemf 'n leeu ongeduldig, baie ver.

En dan raak dit stil, ongemaklik stil! Selfs die skopsuiltjie se koer-koer het opgehou........

Die dag se hitte het ons uitgeput en ek en Mosbolletjie skuif sommer vroeg al kooi se kant toe. Maar tot ons ontsteltenis is dit ondraaglik warm in die huis. Alhoewel dit buite afgekoel het, het die huis, soos 'n goeie bakoond, ál sy hitte behou. Ons beraam 'n plan: Ons matras word op

die oop stoep gegooi en ons strek ons behaaglik uit in die koel aandluggie. Weldra hoor ek vir Mosbolletjie rustig, ritmies asemhaal (ek sal nou nie sê dat sy gesnork het nie, want dan is ek weer in die sop soos gewoonlik!). Die nag is so stil dat ek die rivier in die verte kan hoor loop.

Skielik is daar 'n hoewegedonder as die trop sebras vir iets skrik en dan die stikdonker inhardloop. Ek wonder waarvoor hulle dan nou sal skrik? Dan hoor ek dit: 'n Ritmiese amper-brul, soos iemand wat reëlmatig 'n stomp hout met 'n groot treksaag aandurf. Die geluid kom hier links van ons af, gladnie ver van die huis af nie.

Luiperd!

My hart klop in my keel. Dít is seker waarvoor die sebras so geskrik het!

Die brul word stil. Tien minute tik harmasdrup-stadig verby. Dan hoor ek hom weer, maar dié keer 'n bietjie laer af, rivier se kant toe. Allerhande gedagtes begin maal deur my kop: Hierdie luiperd is besig om stadig in 'n halfmaan om ons te stap! Weet hy van ons twee wat hier op die stoep lê? Ek is seker hy doen!

Sy roggelbrul klink nou weer meer na regs. Natúúrlik moet hy van ons weet! Sy sintuie is dan soveel sterker as die mens s'n en ass ons hom kon hoor, hoeveel te meer kon hy ons nie hoor

nie! En al kan ons hom nie sien nie, wie sê dat hy met sy uiters skerp oë wat in feitlike pikdonker kan sien, ons nie dalk al lankal dophou deur die ruigtes nie?

Sy brul styg nou nog verder regs uit die gras op sommer naby ons. Stadigaan voltooi hy die halfmaan om ons. My oë staan stokstyf in hulle oogkaste soos ek in die stikdonker onsekerheid instaar. Elke geluidjie laat my hart in my keel bons.......

"Die Here is my Herder, ek sal niks vrees nie - niks nie, nie die pikswart onsekerheid nie, of die dood nie, selfs nie eers 'n luiperd nie! Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, U is met

my!"

In my geestesoog sien ek die bol spiere wat ritmies, vreesloos deur die bossies aansluip. Hoe manjifiek is hy nie, geelbruin met swart rosette.

Saggies klink sy brul nou al heeltemal regs van ons....... wat gaan hy maak? Wat is sy plan met ons? Daar is gevalle bekend waar hulle mensvreters word, sommer vir géén rede nie. Smithers se lywige boek oor soogdiere vertel van 28 sulke gevalle, almal luiperds in 'n goeie kondisie, nie ou of sieklike diere nie. Is hierdie een dalk 'n mensvreter? Gaan ek en Mosbolletjie die 29ste geval word? Ek ril by die blote gedagte. Ek is nie bang vir die dood

nie! Maar om deur 'n luiperd opgevreet te word - dit moet verskriklik wees! Wanneer hy jou aanval, doen hy dit met die 30mm lange vlymskerp naels van al vier pote en natuurlik daardie dodelike slagtande. En as jy dit dalk nog sou oorleef, dan is dit moontlik nóg erger - jy behou jy die letsels vir die res van jou lewe!

"Here, asseblieftog Here, beskerm my en my Mosbolletjie deur hierdie skriknag....."

Dit voel na ure wat stadig verbysleep. My nek is soos 'n snaar gespan. Ek luister met my hele liggaam. Wanneer gaan hierdie nag tog eendag verby wees?

Ek dink weer terug aan daardie eerste nag in die bos, toe ons tweetjies onder die Vaalbos geslaap het en amper deur 'n Hiëna weggesleep is. Hoe kon ek dan weer dieselfde fout maak om buite te probeer slaap? Ek hoor Mosbolletjie rustig hier langs my asemhaal. Sy weet van g'n sout of water nie. Ek moet tog net nie aan die slaap raak nie! Dalk dink hy ek is 'n stuk sappige aas!

My oë voel asof iemand sand en gruis in hulle geskop het. My liggaam soebat dat ek moet slaap, maar my verstand gil: "Nee! Moenie, hy gaan jou opvreet!" Petrus het immers geskryf dat ek wakker en nugter moet wees - ek mag nie slaap nie! Ja, nou kry daardie

gedeelte waar hy skryf hoe ons standvastig moet bly in die geloof, en die duiwel teëstaan, weer nuwe betekenis. Jy mag net eenvoudig nie laat slaplê in jou geloof nie, want hy wag net vir daardie oomblik om jou aan te val. Maar, dankie tog, ek hoef dit nie in my eie krag te doen nie, want "**Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid!**" (1 Pet 5:11)

Die luiperd raak stil. Vir 'n lang ruk luister ek, my nek styf en seer van die spanning maar ek hoor niks. My kop begin knik. Dan, genadiglik, oorval die slaap my uiteindelik. Moontlik het ek vir 'n uur geslaap, dalk twee, ek weet nie.

Wanneer die sonnetjie sy kop so deur die deurmekaar doringtakke van 'n Sekelbos deurwurg word ek begroet met 'n opgewekte en vriendelike: "Môre Liefie! Lekker geslaap?"

Al antwoord wat 'n verbaasde Mosbolletjie kry is 'n vuil kyk met bloedbelope oë en 'n kortaf "hmff". En ek draai om en slaap verder die slaap van 'n dooie!

# 15

# Spore in die Sand

Hoe weet jy wat die wil van God is? Soek jy God se raad oor 'n spesifieke ding in jou lewe - soos byvoorbeeld oor jou lewensmaat, of om te trou of nie - dan sal die gelowige gewoonlik in die Bybel gaan delf totdat hy 'n antwoord kry. Gewoonlik het jy reeds die antwoord vir jouself uitgemaak en nou soek jy net God se bevestiging daarvoor. Ek dink nie dit is die regte manier om 'n antwoord te soek nie. Wag liewer rustig totdat God Self op Sy eie tyd vir jou 'n antwoord gee. Maar leef intussen met 'n oop gemoed,

sodat jy God se wil vir jou kan lees in die alledaagse gebeurtenisse.

Dit is soos om in die Bos te loop en na die spore in die sand te kyk. Hulle vertel jou nie alleen watter soort diere daar geloop het nie, maar hulle vertel dikwels 'n storie: Dis alweer die koedoes wat die aalwyne gevreet het, of: die muskeljaatkat het gisteraand die vet langs die vuurmaakplek kom vreet. Ons wéét, want ons sien mos hulle spore.

Ek en Mosbolletjie stap een oggend vroeg-vroeg in die Bos. Skaars 150 treë van die huis af sien ons sy lêplek. Selfs die fyn haartjies lê nog duidelik afgeëts in die stof soos hy gerol het.

Mens kon sien dat hy 'n halfuur tevore nog daar was. Ons moes nie juis ver soek om uit te vind wie sy vingerafdrukke so duidelik vir ons gelaat het nie. Sherlock sou sê: "Elementary, my dear Whatson.......", want die duidelike katspoor van die luiperd lê oral rondom die rolplek afgedruk. Nou maak die onrustigheid van die koedoes die vorige aand meer sin. Heelnag kon ons hulle hoor blaf, maar die luiperd se spore het die volle verhaal vertel.

Ek en Mosbolletjie en die drie klein miskruiertjies kuier eenmaal in Oorl'e Oom Paul se wildtuin (toe was die miskruiertjies nog klein - nou is die

oudste al 50). Ons staning maak ons in Olifantskamp. Van ons hut se stoep af lyk die olifante onder in die rivierbedding nes vlooie op 'n hond se rug as hulle tussen die riete deurvleg.

Die son sak. Die rivier word 'n vlakte gehul in misterie. Die nag trek sy donker kombers styf dig oor die laeveld en ....... die konsert begin! Die hoofdis daardie nag was die Rooijakhals Ensamble. Hulle klaende sang weerspieël die siel van die bos. Hulle vertel van 'n grootoog bokkie wat moes toekyk hoedat 'n klomp vraatsige hiënas haar mamma feitlik lewendig opvreet - van 'n rooibokooi soekend na 'n lammetjie wat nie meer is nie. Hulle

sang bring trane in my oë. 'n Pragtige hartseermelodie wat sweef oor die donker riviervlakte daar ver onder.

Almal se musieksmaak is nie eners nie. Een kêrel se kommentaar die volgende oggend was dat dit die alleraakligste musiek denkbaar is! Hy boer naby Ermelo, en daai blikskottels vreet ál sy skape op! Boonop sing hulle in elk geval vals!

Die dag breek op 'n vrolike noot. Met 'n nuwe lied in die hart vat ons die grondpaadjie af na Balule, 'n klein, primatiewe kampie naby Olifantskamp, onder by die Olifantsrivier.

Nie ver gery nie, merk ek 'n ongewone spoor langs die pad - dié van 'n

witrenoster. Ons is dadelik opgewonde en ons besluit om sy spoor te volg. Nou sou jy vra: Hoe volg ‘n mens dan ‘n spoor in die wildtuin? Nou-ja, gewoonlik kan jy nie, maar dié slag was dit maklik, aangesien die spoor padlangs loop, af rivier se kant toe, dieselfde rigting as wat ons ry.

Almal hang letterlik by die vensters uit om die ou grote se spore te sien. Wonder hoe lyk hy? Het hy ‘n groot horing? In my gedagtes sien ek die ou logge oergedierte waggel-draf teen die skotige afdraende af, krulstertjie in die lug nes 'n ekstra groot vark. Met ons oë vasgenael op die stofpad is ons almal letterlik vasgevang in ons

speurverhaal.

Die pad maak 'n draai voor. Die spore volg nou 'n stywe draffie. Miskien is sy dors baie groot. Die rivier is nie meer so ver nie en hy kan al die water ruik.

Dan - op die draai: ***Groot Chaos!***

Renostermis lê versprei asof met 'n brandslang gespuit oor die pad. Sy spore maal in die rondte. Hierdie man was erg verbouereerd, nie geweet watter kant toe nie! Dan kies die spore koers, blindelings veld-in. Nie op 'n drafstappie nie, maar in dolle vaart. Diep weggegrawe in die sand wys die spore hoe hy met 'n bomenslike kraginspanning versnel, soos Michael Schumacher in sy rooi Ferrari wat in 'n

rookwolk van gebrande rubber in 'n resies wegtrek.

My hart klop in my keel. Wat sal ons om die draai sien? Sal daar 'n oplossing wees vir hierdie drama wat besig is om voor ons oë te ontvou? Versigtig, sodat ons nie die spore doodtrap nie, ry ons om die draai.

***Daar lê die spore van nóg méér Chaos!***

Leeuspore - maar in absolute wanorde. Dit maal en kook. Diep vore in die harde gruispad soos hulle kloue die oppervlak oopskeur. En jy kon duidelik sien dat daar op daardie stadium géén rigting in hulle onsekere lewens was nie. Party spore vlug sommer

blindelings bos-in, weg van hierdie brullende, omgesukkelde, mis-sproeiende, aanstormende tenk-gedierte af. 'n Paar brawe (baie groter) spore agtervolg hierdie sappige (?!) ontbythappie.

Oopmond sit ons hierdie storie in die sand en lees. Stadig begin alles vir ons sin maak! Die arme renoster het natuurlik skoon sy melk weggeskrik toe hy om rustig en totaal niksvermoedend, fluit-fluit om die draai gedraf kom en rég in die kake van die leeutrop instorm.

Maar wat het die leeus gedink?

Eers wanneer ons verder ry, ontvou die res van die verhaal. Van die rivier

af kom die leeugesin rustig opgestap, ordelik, netjies. Kleintjies, grotes, die hele gesin was daar, al die tantes en ooms inkluis, op pad na 'n luilekker lêplek vir die dag. Met hulle dors klaar geles by die rivier, stap hulle rustig teen die bult op. Dan word hulle bewus van 'n snaakse sensasie onder hulle voetsole. Amper soos 'n ligte aardbewing, ritmies, doef-doef-doef. Hulle kan nie om die draai in die pad sien nie want die bosse is te ruig.

En dan, wanneer die twee van aangesig tot aangesig ontmoet - dan gebeur ***dáárdie chaos!***

Baiemaal vertel iemand, moedeloos, dat hulle in 'n volle dag, soms selfs 'n

week in die wildtuin nooit 'n enkele ding gesien het nie! In die Natalse parke word jy versoek om jou vensters af te draai, te luister, te ruik en die veld en natuur te ervaar. Kry jy diere te sien, is dit 'n bonus! Die natuur is nie leeus, renosters en olifante nie. Dit is 'n fyn balans tussen veldblomme, insekte, meër as 900 verskillende soorte voëls en heel laaste natuurlik ook die ou grotes.

Ėn natuurlik ook selfs die spore!

## 16

# Graspolle en Muishonde

Die ouens van Korinte wou van Paulus weet of hulle vleis mag eet wat aan afgode geoffer was? Kom ek verduidelik: Wanneer 'n offer aan die een of ander god gebring is, is die offer in drie dele verdeel. Een deel, die vel en bene is geoffer aan die afgod. Die persoon wat die offer gebring het, het 'n tweede deel gekry en die priester die derde deel, wat hy gewoonlik op die mark gaan verkoop het. Die persoon wat die offer gebring het, het baie maal die vleis huis toe gevat en sy vriende vir 'n maaltyd

oorgenooi. En dis daar waar die pôpô die fên straaik, want dit is mos nog al die tyd 'n afgodsoffer en as jy 'n Christen is is dit mos verkeerd! Of is dit?

Is Mosbolletjie mos toe vir my skoon die hêrrie in oordat ek dan kwansuis 'n gevaarlike situasie sou skep (om haar eie woorde te gebruik). En waar haal sy my toe ôk sommer deeglik oor die kole!

Man, die hele petalje het toe eintlik een môre vroeg begin toe ek op die stoep sit met 'n ou kôfetjie en en tuur so oor die kaal, groen vlakte voor my, want dit is net die gevoel wat ek toe kry. Die grasperk hier voor my voel toe

vir my nes 'n groot oop vlakte met niks op nie. Oorspronklik het hy maar met 'n groot gesukkel klein begin, maar deur die jare het die grasperk so stukkie vir stukkie te veel vir die vlakvarke geraak en al hoe groter geword, totdat hy nou soos 'n regte dorpstuin lyk, kortgeknip, netjies en gans te groot!

En ek hou niks van wat ek daar sien nie!

Nét daar pak so 'n wilde gier my, dat ek later amper spyt gekry het dat so 'n iets ooit oor my gedagtes moes kom. Maar dit was te laat en ek móés maar net deurdruk!

Dit was net na '95 se groot reëns en

die veld was ‘n lushof. Ruig en groen, die veldgras, en waar ‘n veldblommetjie bokant die gras kon uitbeur, daar het hy geblom. En dis toe mos ook net nog ‘n dryfveer vir hierdie wilde gier wat my beetpak. Ek begin die grasperk omdolwe van ‘n kant af en plant orals wilde graspolle. Hier en daar word sommer ‘n bossie of twee ook ingesmokkel en van pure lekkerkry plant ek veldblommetjies net waar ek kan. Man, en is daar naderhand só ‘n wilde boskasie dat ek amper op my eie grasperk verdwaal! ‘n Oerwoed, as jy nog nooit een gesien het nie!

Maar dis net dáár waar die huismoles mos toe amper begin! En dit oor ‘n paar

simpele ou graspolletjies! Ek probeer nog my ou gesellige self wees hier langs die vuurtjie daardie aand, maar Mosbolletjie bly brom. En so kort-kort bly sy so oor haar skouer loer na een of ander ongedierte of 'n ding wat dan kwansuis uit daardie grasse kan uitspring. En sy is ongedurig, want dis nou als my skuld en dis ék wat so 'n gevaarlike oerwoud geskep het hier reg langs die braaiplek. Maar sy het sélf ook maar lekker raad gegee toe ek besig was om te plant hoor! "Daai klip sal mooi lyk dáár" en "Daai kol is nog te kaal. Plant nog 'n graspol of 'n bossie daar."

Die volgende aand toe gaan dit darem

rustiger. Toe het sy darem so half begin vrede maak met my skepping. En dit begin skemer raak. Man en ons sit nog so lekker en gesels, toe is dit net asof iets vir my kyk. Jy weet mos, partymaal dan kry mens so 'n gevoel, so half 'n kriewelrigheid hier by jou nek langs wat vir jou wil vertel dat iemand jou dophou! En toe sien ek 'n bewegingkie hier tussen my graspolle. En 'n klein swart gesiggie loer vir ons, met 'n blinkswart neusie. En nog een. En nóg een, totdat daar 'n dosyn van hulle sit. Toe hulle sien dat ons nou nie juis gevaarlik lyk nie, kom hulle versigtig, een vir een uit. Gebande muishondjies. Maar te skatlik! Hulle skarrel orals oor die grasperk rond en

grawe vir krieke en goggas, al hier rondom ons. Enetjie het selfs op die stomp geklouter hier reg langs Mosbolletjie!

Maar toe raak dit donker en soos wat hulle gekom het, so verdwyn hulle weer. En toe begin die boskonsert. Oorkant die rivier, daar hoog bo teen die bult, sing die "wolf-met-die-mankbeen" (dis nou wat die oumense 'n hiëna genoem het) klaend: "Hoeeeep-hoeeeep." En die leeu brom-brom so half uit tjoen uit saam. Onder by Leliepan tjier-tjoer tjier-tjoer die boompaddatjies. En van puur lekkerkry lag die seekoei daar naby die groot jakkalsbessieboom diep uit sy maag

uit: "Oeemf snork-snork jugge-jugge snork......" Hy lag en proes vulgêr dat die hele bos dreun! En bokant ons skyn die sterretjies só helder, dat jy amper 'n boek kan lees.

Skielik pomp Mosbolletjie my in die ribbes met die elmboog. 'n Ou laai van haar daardie! Nes ek lekker slaap, dan pomp sy my gewoonlik so en dan wil sy beweer ek snork. Snork! Ek? Verbeel jou! Ewenwel, Mosbolletjie pomp my in die ribbes, dié slag darem nie oor ek snork nie, en ek weet hier is moeilikheid! Sy hoor iets in die lang gras, dieselfde gras wat ek die vorige dag geplant het. My nekhare staan eintlik orent van skrik en Mosbolletjie

se oë soos pierings soos sy probeer kyk.

Dan stap drie koedoes hier vlakvoor ons uit die ruigtes uit. Dis omtrent net hulle ore wat bokant die gras uitsteek! En hulle staan ons rustig, grootoog en aanstaar. En skielik is die nag in die bos nog mooier as ooit!

En toe dink ek. Hier, uit hierdie wille boskasie, het nog net mooi dinge gekom en daar anderkant, in die blomtuin, daar kruip 'n slang weg. Net anderdag toe vang hy nog 'n voëltjie hier reg voor ons oë tussen die blommetjies. Met die bos en met wilde diere weet jy nooit rêrig waar jy staan nie. Partymaal is dit juis die goed wat

vir jou gevaarlik lyk wat onskadelik is en die onskuldige goedjies kan jou lelik seermaak.

My vraag is egter of ek ooit die regte ding gedoen het om hierdie verskriklike boskasie aan te plant? Vir my was dit pragtig, maar ek kon sien dat Mosbolletjie se senuwees die heeltyd daaroor pla. Moes ek haar nie liewer in ag geneem het in my besluit nie?

Om nou terug te kom by die afgodsoffers: Paulus se redenasie was dat afgode nie ware gode is nie. Daar is net een God. Daarom kan jy maar met vrymoedigheid van daardie vleis eet! Maar daar is 'n ander kinkel in die

kabel: baie Christene se geloof is nog maar klein en hulle kan maklik struikel. Vir hulle is daardie vleis nog steeds 'n afgodsoffer en uit liefde vir jou medemens gaan jy, as dit vir hulle 'n struikelblok kan wees, liewer nie die vleis eet nie, want dit kan húlle dalk laat struikel.

Nou ja, afgodsoffers is seker nie vandag 'n algemene ding in ons lewens nie, maar daar is ander dinge. Ek is baie lief vir my ou rooiwyntjie, veral as dit 'n grote is soos 'n kabbernytjie of 'n pinotytjie en solank ek dit matig gebruik is daar niks mee verkeerd nie. Miskien stem jy gladnie met my saam nie en jy sien dalk die gebruik van

enige alkoholiese drank as sonde. Of dalk is jy 'n alkoholis. In só 'n geval, as jy dus by my kom kuier sal ek ter wille van jóú gewete of swakheid liewer gladnie wyn drink nie.

Dieselfde geld vir baie ander dinge in die lewe: om byvoorbeeld 'n heerlike romerige stuk sjokoladekoek te eet voor iemand wat jy voor jou siel weet dat die persoon dit nie mag eet nie en haar mond kwyl eintlik van luskry. Dis sonde! Waar is jou liefde!? 'n Ander voorbeeld is mense se musieksmaak: vir die een is Boeremusiek 'n afgryslike klank en vir die ander weer is klassieke musiek net 'n deurmekaar gemaal van wanklanke. Uit liefde sal jy die ander

se smaak in gedagte hou wanneer jy musiek speel.

Die groot gedagte wat hieruit kom is LIEFDE. Neem jou medemens in ag wanneer jy enigiets doen!

# 17

# Daan se Dilemma

Op vuisboek wys Mosbolletjie my gisteraand die prentjie van 'n troupaartjie, donkiesjare gelede geneem, dié van 'n bloedjong Daan en Annamarie Nolte. Hulle het gister hulle huweliksherdenking gevier. So gebeur dit toe mos dat Daan en sy bruidjie toentertyd op hulle wittebrood vertrek.

Maar wag, nou loop ek die storie vooruit!

So 'n klompie jare gelede kuier ons een aand saam met 'n klompie vriende by

die einste Daan-hulle. En toe is daar 'n ding wat my aandag trek.

Op sy kroegie se rak lê 'n menéér van 'n rugwerwel. Ek wonder heel aand waar daai ding vandaan kom, maar ek is te bang om te vra, want dalk is dit net 'n stjoepit vraag. Maar dan vra een of ander brawe kêrel tóg die vraag. Ek sien sommer toe Daan so half sy vere regskud met 'n glinstering in die oog: Hiér kom 'n storie!

Daan en Annemarie was pas getroud en die streep Noltetjies wat elke Sondagoggend heel voor in die Kerk sit, was toe nog nie daar nie! Wel, hulle was só pasgetroud dat hulle eintlik nog op wittebrood was. Hulle ry Kaap toe,

dis nou van hier onder uit Natal uit. Maar vir puur lekkerte, gaan maak hulle sommer gou eers 'n draai daar bo in die Kruger Wildtuin op pad Kaap toe (praat van draaie ry!) Lekker gekuier daar tussen die diere, maar toe is hulle ook al weer op pad uit, Orpenhek se rigting.

Dis tóé wat die ding gebeur wat vir Daan nou nog nagmerries gee en vir Annemarie sulke sterretjies in haar oë. Dáár, diep in die veld, lê die pragtigste stel buffelhorings. Die Noltes stop. Hulle kyk. Annemarie begeer! "Dink nou net hoe mooi sal so 'n stel horings lyk as dit bokant ons kaggel pryk. Daan . . . ? Asseblieftog

Daantjie . . . ?"

Daan, 'n rekenmeester van formaat, begin sommetjies maak. Die stel horings lê sowat 'n honderd en vyftig treë van die pad af. Hulle ís in die Kruger Wildtuin en álmal weet wat dit mos beteken. In die eerste plek is die feit dat daardie horings daar lê en dat die karkas nog redelik vars is, al klaar genoeg bewys dat die leeus dalk nét om die draai kan lê en rus. Dan is daar nog die wildbewaarders ook.......

Aan die ander kant is daar 'n bruidjie met sterretjies in haar oë en al wat sy sien is haar held..... en natuurlik die buffelhorings! En Daan is in 'n tweestryd! Hy wil nie nóú al só 'n

bewonderaar se drome aan skerwe laat spat nie. Dus is hy, broek al bewende, veld-in. Eers toe hy by hierdie oorlede dierasie kom, besef hy wat hy aangepak het. Die vangs was nog baie vars en die horings het aan 'n hele geraamte vasgesit. Hierdie gedierte was kort tevore deur die leeus opgevreet!

Daan pak die bul by die horings (letterlik en figuurlik). Hy stoei! Hy spook! Die sweet tap hom af. Die neksenings wat daardie yslike paar horings aan sy lyf moes hou, dié is nou die arme Daan se grootste struikelblok. Hulle klou vir al wat hulle werd is! Maar dan, gedagtig aan sy

jong bruidjie wat hom met bewondering uit die verte dophou, of was dit dalk aan die leeus wat dalk uit die bosse vir hom loer? breek hy, met 'n laaste uiterste kraginspanning die senings en strompel totaal uitgeput terug kar toe met sy trofee.

Maar dan duik 'n ander probleempie op. Hoe steek jy so 'n reuse stel buffelhorings in 'n motor weg, sodat die wildbewaarders dit nie sou opmerk by die hek nie? Hulle het diekant toe en daaikant toe gemeet en gepas, maar verniet! Die horings wil maar net nie pas nie! Net twee duim ekstra spasie in die motor en hy sou pas! Maar daardie twee ou duimpies wil maar net nie te

voorskyn kom nie! Annemarie is in trane, want die één begeerte wat sy nou koester kan sy nie bevredig nie. Ten einde laaste besluit Annemarie dat die horings tóg beter gelyk het daar in die veld. Buitendien stink die goed iets allerverskriklik en hoe moet sy nou al die pad af Kaap-toe en t'rug met hierdie vreeslike stank saamleef? En Daan moenie dink hy kan die horings maar sommer net daar laat lê nie! Nee, hulle moet weer terug na hulle oorspronklike eienaar by sy lêplek dáár in die veld.

Die arme Daan, teen hierdie tyd al moeg en der dagen sat, strompel weer terug veld-in met sy sware las. Teen

hierdie tyd gee hy ook nie eers meer om as 'n leeu hom wil opvreet nie. Met die horings weer netjies terug op hulle laaste rusplekkie, besluit hy dat hy darem so 'n ou iétsie van die buffel wil hê. Die rugwerwel op sy kroegie se rak laat weer sy bors swel oor dié dag toe hy sy trotse bruidjie gewys het hoeveel hy vir haar omgee en dat Daan Nolte nie 'n enkele bang haar op sy kop het nie, en natuurlik ook hoe lief hy sy Annamarie het.

# 18

# Mosbolletjie en die Olifant

Grootvoete, dís nou vir jou 'n interessante nasie. Nou praat ek nie van daai "Bigfoot" wat die simpele Amerikaners so op hol jaag nie. Nee, die régte egte grootvoete, olifante. Daai ou diklywe fassineer my eindeloos. En slim! Hulle sê mos 'n olifant vergeet nooit! Ja, dis die waarheid!

Man, dis toe so net na 2000 se groot vloede, toe die draad tussen Marloth Park en die wildtuin weggespoel het, toe ek en Mosbolletjie een mooi dag

die pad op noorde toe vat om 'n bietjie te gaan uitspan in Marloth.

Lekker gekuier in die bos, maar so 'n alleengekuiery vang mens naderhand, en jy soek maar 'n bietjie geselskap. Toe onthou ek van familie van my wat wat onlangs Laevld toe getrek het en hulle bly toe in Nelspruit, skaars 'n honderd kilometer van ons af. En net daar besluit ons om die tweetjies oor te nooi vir die naweek.

Die Vrydagmiddag daag niggie Nielia en haar man, André op by ons boshuisie en ons kuier 'n hond uit 'n bos uit. Dit raak toe sommer 'n baie gesellige aandjie, met 'n ou vleisie op die kole en 'n potbrood wat jou mond

laat water. En natúúrlik 'n lekkergesels rooiwyntjie wat robynrooi in die vuurlig skitter. Die gesprek begin naderhand in die rigting van olifante draai en ek vertel hulle dat ek vroeër daardie middag so 'n groot skrik gehad het toe ek op die voorstoep sit en niksdoen. Ek het so ampertjies van my stoel af geval toe die allervreeslikste slag deur die bos weergalm, amper soos 'n geweerskoot. Ek hardloop om te gaan kyk wat aangaan en toe staan daar 'n yslike ou olifantbul net so skuins oor die pad, seker nie 'n honderd treë van my af nie. Natuurlik skrik ek my oorhoeks vir hierdie grys gevaarte, maar dáárvan vertel ek nie vir 'n siel nie!

Soos wat die aand vorder, bly die gesprek telkens terugkom na olifante toe. Ek vertel dat my skoonpa my mos wou maak glo dat 'n olifant so vreeslik slim is. 'n Wildbewaarder het hom kwansuis vertel van 'n olifant wat wou water suip by 'n sementdam. Die dam was so leeg dat hy nie by die water kon bykom nie en boonop was daar nie eers 'n luggie wat trek om die windpomp te draai nie. Hy sê, en die olifant het die windpomp so op en af gekyk en toe vat hy die pyp met sy slurp en hy vou daai twee lippies van sy slurp so netjies om die opening. En hy suig, en hy suig lat hy naderhand eintlik rooi in die gesig word! Skoonpa sê dat die olifant so hard gesuig het dat hy naderhand die

windpomp se silinder begin opsuig.

As jy nou 'n windomp sou ken, dan sal jy mos weet, as die silinder optrek, dan laat dit mos die windpomp se wiel draai. En dis toe presies net wat gebeur. Die wiel begin stadig draai, al vinniger en vinniger. En die volgende oomblik toe begin die water uitspuit!

Wonderlike goed, olifante! Maar nou nie juis 'n ding waarmee mens speel nie. Het jy al gevoel hoe klein mens kan word as daardie ou met die groot ore jou so uit die hoogte aankyk as jy in jou karretjie sit in die wildtuin? En hy skud sy kop so 'n slag en hy maak of hy jou wil vermorsel? Ek weet van menige wildtuinbesoeker wat met 'n uiters

geknakte ego en nat onnerklere uit so 'n situasie gekom het!

Die aand het aangestap en toe die gesels begin opdroog, besluit ons om te gaan nagdiere soek. So sit ons vier dan af in my ou geel Volkswagen Gholfie, flitslig in die hand, op soek na enigiets wat beweeg. Die paadjie langs die rivier op is maar vrek sleg en bitter nou, maar kort-kort is daar iets interessants: 'n naguiltjie of 'n waterdikkop, 'n paar koedoes, 'n buffel daar onder in die riete langs die Groot Krokodil. Alles lyk so anders in die nag, so geheimsinnig en soveel meer interessant!

Die paadjie raak al slegter en slegter

hoe verder ons ry. So 'n paar dae tevore het dit gereën en kort-kort moet ons deur modderpoele sukkel. Mosbolletjie raak al stiller hier langs my en ek weet sommer, hier gaan moeilikheid kom vir my wanneer ons by die huis kom! Dit gaan so gly-gly, maar daar is ongelukkig ook nie omdraaikans nie. Einde ten laaste tref ons daardie moddergat wat maar eenmaal die ou Gholfie se Moses is en hy gaan lê plat op sy pens, so vas as wat maar kan kom.

En daar sit ons!

Ons stoot. Ons sit takke onder die wiele. Ons praat mooi, maar verniet! Hy sit waar hy sit!

Toe hou ons indaba. Ons besluit dat daardie ou Gholfie nooit óóit daar sal uit sonder 'n bietjie hulp nie. Ons is so 'n 2 kilometer van die huis af, en André se motor staan daar. Ons twee brawe mans sal hom dan maar loop haal terwyl die vroumense rustig kan kuier in die moddergat. Eers wil hulle met alle geweld saamloop, maar ons oorreed hulle dat dit baie veiliger is in die Gholf. Die donker bos is vol van allerhande soorte kriepiekrôlies - leeus, luiperds - noem maar op. Dis beslis nie 'n plek vir vroumense in die nag nie! Niks kan tog by hulle kom in die motor nie, hulle moet nou maar net rustig daar sit en gesels.

En so sit ons twee brawe (?) manne af in die vlou maanlig, bewapen met 'n flitslig met half-pap batterye. Net daardie oggend nog het ek die luiperd se spore gekry op die pad wat ons moet volg. Ek soek net heeltyd vir die kenmerkende groen luiperd oë. Of watter kleur is 'n luiperd se oë dan nou weer? Is dit dalk rooi? En hoe verder ons stap, hou vlouer raak die flits se ou liggie, totdat daar uiteindelik omtrent niks meer van hom oor is nie.

André weet gelukkig niks van van al die gevare van 'n luiperd af nie, dis mos maar net 'n groot kat, of hoe? Sy grootste vrees is dat ons dalk op 'n slang kan trap! Dáár is nou vir jou 'n

vreesaanjaende dierasie! Elke digte bos of skaduwee lyk uiters verdag en my nek is naderhand soos 'n snaar gespan van pure senuwees en spanning. Maar, na wat voel soos 'n ewigheid, doem ons boshuisie uiteindelik in die duister voor ons op.

Ek gryp 'n ketting en minute later ry twee baie meer ontspanne manne terug om die vrouens te gaan uitsleep. Maar ons het nognie eers stilgehou by die Gholfie nie, toe sien ek al: Hier's moeilikheid! Dit lyk of hulle nie kan wag om uit die motor uit te kom nie en hulle babbel net aanmekaar, altwee gelyk sodat jy nie kan uitmaak wat hulle probeer sê nie.

“Hokaai! Een op ‘n slag asseblief!” moet ek hulle eers stilmaak om sin uit hierdie chaos te probeer kry, amper soos ‘n bekende Springbok rugbyspeler eenmaal in so ‘n situasie gesê het: “Don’t speak twice together! Speak once apon a time!” Maar al sin wat ek kon uitmaak was: “Kyk die SPORE!” En ek kyk. En ek sien dááí spore, reg agter die Golfie!

Eers heelwat later, toe die twee heeltemal bedaar het, kon ek die hele verhaal kry.

Toe ek en André die nag instap, al die gevare tegemoet, toe sit Mosbolletjie en Nielia natuurlik knus en veilig in die motor, Nielia voor en Mosbolletjie op

die agterste sitplek. Nielia leun so met haar ken op die rugleuning en toe gesels die twee 'n hond uit 'n bos uit. Maar toe gebeur daardie ding wat die arme Mosbolletjie nou nog nagmerries gee.

Nielia het hom eerste gesien - so 'n donker skaduwee wat stadig in die flou maanlig aangewaggel kom, daar agter in die pad. Sy was eers nie seker of sy reg sien nie en sy vra vir Mosbolletjie watse ding dit is daar agter in die pad. Mosbolletjie sê, en toe sy omkyk, toe sien sy net die silhoeët teen die jakkalsbessieboom van die Olifant (met 'n hoofletter "O"). En dit lyk of hy beweeg. En hulle kyk baie mooi, toe

sien hulle dis rêrig 'n olifant en hy stap reg op hulle af, stadig, al wiegend. En hulle begin bid! En die olifant wieg al nader. In die grou maanlig lyk hy reusagtig groot. En hulle bid, nog harder!

Uiteindelik stop hy, maar net sowat vyf treë van hulle af. Hy gaan staan doodstil en mens kan maar net raai wat in sy grys gedagtes kon aangaan. Dalk het hy staan en wonder hoe hy hierdie geel gevaartetjie uit sy pad gaan kry, want sonder moeite sal hy nie daar kan verbykom nie. Aan die een kant is die wildtuin se draad en aan die ander kant 'n wal en lang gras. En hulle bid! Toe skuifel hy nader!

Mosbolletjie sê dat hulle op hierdie stadium glads te bang was om agtertoe te kyk, maar hulle het gewéét hy is daar. Om die waarheid te sê, hy was baie nader as wat hulle graag sou wou hê. Hy staan toe saam met die Gholfie in die moddergat, reg teen sy agterkant en hy gooi modder oor die motortjie met sy slurp. Mosbolletjie sê, dit was doodstil, grafstil! Net so af en toe hoor hulle 'n naguiltjie koer: "Maak-dood-die-wewenaar! Maak-dood-die-wewenaar!" En hulle hoor die olifant saggies asemhaal! (Ek sal nie weet hoe klink dit nie, want ek het nog nooit 'n olifant hoor asemhaal nie. Dankie tog!)

Nou jaag allerhande gedagtes deur haar kop. As hierdie gedierte net sy tande onder die Gholfie indruk, rol hy hulle tot onder in die Krokodilrivier! Of hy kan maar net op hulle gaan sit. Daar sal niks van hulle oorbly nie. En wat van die arme kindertjies wat gaan grootword sonder 'n ma. En die arme Misbolletjie - sal hy ooit kan oorleef? En sy bid: "Ag Here, red ons tog asseblieftog uit hierdie verskrikking uit!"

Dan maak sy haar oë oop en sy kyk so half om. En wat sy sien, vul haar met afgryse! Hier, reg teen haar gesig, teen die agtervenster, is die reusagtige tand van die olifant soos hy

by die motor probeer verbykyk! Haar hart gaan amper staan. Hulle bid hardop en baie spontaan!

Stadig draai die ou dierasie, dieselfde een wat ek daardie oggend naby die huis gesien het, sy logge liggaam om en klim teen die wal op en verdwyn tussen die sekelbosse. Op daardie oomblik sien hulle voor in die pad twee motorligte deur die bosse aangekronkel kom, ons motorligte.

Vroeg die volgende oggend stap ek en André terug na die moddergat om te gaan lykskouing doen. Nou is dit gladnie meer so ver nie en van die vorige aand se verskrikking is daar feitlik geen teken nie, buiten 'n

straatnaambord wat in 'n woedebui uit die grond gepluk is en in die middel van die pad neergesmyt is en dan natuurlik daardie SPORE. Ek het hulle gemeet - twee keer my voet se lengte en minder as 'n halfmeter van die agterkant van waar die Gholfie gestaan het, duidelik afgedruk in die modder!

# 19

# Die Dominee en die Leeu

As 'n mens van aangesig tot aangesig met die dood te staan kom, dan kry jy soms die wysheid van êrens af om te doen wat jy moet om te oorleef, al sê jou verstand vir jou om iets heeltemal anders te doen.

Die dokter se diagnose op Ds. Freddie Bloem was verdoemend: ernstige Emfiseem en hy moes gereeld 'n paar kilometer per dag stap om sy longe aan die werk te hou. En dit is presies net wat hy toe ook doen met sy vakansietjie in Marloth Park. Daar is

immers baie plek om te stap en die veld is terselfdertyd 'n verkwikking vir die siel en jy vergeet sommer van al jou sorge ..... en die dokter se diagnose.

Dit was 'n pragtige oggend toe hy flink in die pad val - doktersopdrag. Maar skaars was hy 'n honderd treë die stofpaadjie af, of sy hondjie kom al blasend en stert-swaaiend aangedraf, maar nét te bly om op 'n uitstappie te gaan! Om in die bos te stap met 'n hond sal nie deug nie, want hy sal al die wilde diere verwilder. Boonop is hy onwettig hier in hierdie natuurreservaat, dus is dit maar weer terug om die brak veilig agter slot en

grendel te kry.

Sy tweede poging vir 'n oggendstappie was meer suksesvol en met 'n lied in die hart durf hy die oorgroeide bospaadjie aan. Sy gedagtes is lankal nie meer hier op moeder-aarde nie en hy sien skaars wat voor hom in die pad aangaan.

Skielik is dit asof iemand hom op die skouer tik en sê: "Haai Freddie! Kyk tog voor jou!" En hy kyk. En wat hy daar sien vul hom met angs en afgryse. Vlakvoor hom, nie drie treë van hom af nie, staan 'n leeuwyfie. Sy instinkte sê vir hom: "Hárdloop maat, so vinnig as wat jou beentjies jou kan dra!" Maar 'n stemmetjie hier diep binne in hom

sê vir hom: "Staan dóódstil Freddie, of sy vreet jou op!"

Nou is dit dan ook 'n bekende feit dat 'n leeu nie sommer 'n prooi aanval wat vir hom staan en kyk nie. Hy soek iets wat weghol, sodat hy hom kan jaag. Êrens moes hierdie gedagte dan ook in Ds. Bloem se onderbewussyn vasgesteek het en net op die regte oomblik na vore getree het. Die ander feit is ook dat hy só lam geskrik was dat hy op daardie oomblik nie gebore in staat was om te hardloop nie, al wou hy ook hoe graag!

So staan hy daar in die middel van die pad en kyk met pieringoë vir die leeu. En die kwaai kat kyk weer vir hóm en

sy verroer nie 'n snorbaard nie. Dan trek iets belangriker as hierdie moontlike brekfis vir 'n oomblik die leeu se aandag en sy kyk weg. Freddie neem sy kans waar en hy skuifel 'n tree of twee terug. Die leeu draai haar kop terug en gluur hom aan met oë wat vuur spoeg. Groot, koue sweetdruppels tap hom af. Het sy laaste dag dan nou aangebreek? Hy's beslis nie bang om dood te gaan nie, maar só? Opgevreet deur 'n leeu!

Die groot kat kyk weer 'n slag weg en Freddie skuifel weer 'n tree of wat terug. Vuilbaard gluur hom weer verwoed aan. Hierdie word nou 'n sielkundige geveg. Wie sal die eerste

ingee? Sekondes tik sleepvoep soos trae ure verby. Gaan sy hom uiteindelik tóg opvreet? En hoe sal sy gesin hom ooit kry? Die troos is darem dat sy stukkies (as daar ooit stukkies oorbly) hier in die pragtige Laeveld onder die doringbome gestrooi sal wees. Uiteindelik besluit Kietsie dat haar teenwoordigheid dringend elders benodig word. Verbitterd oor haar vernedering probeer sy so statig moontlik stywenek met kwispelende stert die bosse instap, sonder om te wys dat sy die geveg verloor het.

Met jellie knieë waggel die arme dominee terug huis toe, geskud tot in sy fondamente! As hy op die rusbank

neerval, bewe hy soos 'n riet. Hy kan skaars sy hande beheer om 'n koppie koffie te drink. Hierdie was nou nie juis die gesondste uitstappie wat hy ooit beleef het nie.

Dan moet hy egter verneem dat daar nog méér vir hom gesorg was as wat hy gedink het. Iemand het vyf leeus oor die pad sien stap, slegs minute voordat hy híérdie een teëgekom het. Was dit nie vir die brak wat hy moes terugneem nie, dan het hy hom dalk in die hele trop vasgeloop en dan sou sake straks héél anders verloop het!

Bang vir die dood? Nee, allermins. Hy het immers geweet waarheen hy sou gaan en dat hy daar aan die voete van

Jesus sou gaan sit. Dit was egter die gedagte om wreedaardig deur ‘n leeu verskeur te word wat sy broek so laat bewe het.

Daardie dag was hy gespaar van so 'n gewelddadige dood, om só sy Skepper, slegs 'n jaar later, rustig tegemoet te kon gaan.

# 20

# Oom Olifant, jou Reuse Dier

Leeu het dalk sy houding,
so vreeslik baie trots,
Maar 'n lafaard is hy sekerlik,
as hy met Olifant bots.
Ou Buffel is 'n skou-ding
Wat ek nóóitnie wil ontmoet.
Selfs hý is bang vir Olifant
As dié hom nors sou groet.
Seekoei, die gevaarlikste
Van al die diere hier,
Sal hardloop dat die stof so spat
Vir Olifant se gier!

Leeu mag dalk die naam hê van Koning van die Diere, maar ek dink dis net omdat Olifant hom nie met sulke beuselagtighede besig hou nie. Politiek is nou nie juis in sy lyn nie . . .

Alhoewel diere-intelligensie 'n baie omstrede en debatteerbare onderwerp is, wonder ek darem baie oor die olifant. Dalk het hy nie mense-intelligensie nie, maar dan is hy darem báie slim vir 'n ou sonder intelligensie!

Annerdag ry ons deur die Kruger Wildtuin. 'n Alleenloper olifantbul kom oor die pad gewieg. 'n Groot bol vars olifantmis lê in die middel van die pad. Die ou grote loop tot by die hopie, lig sy voorpoot en hou dit so 'n duim of

twee bokant die bol mis, kompleet asof hy wil voel daaraan sonder om daaraan te raak, presies net soos wat ek maak wanneer ek wil voel hoe warm die braai koletjies is.

Ek en Mosbolletjie gis oor die ou kêrel se gedrag. Wat sou hy daar doen? Probeer hy dalk voel hoe warm die mis nog is, nogal dwarsdeur daardie dik voetsole?

So staan hy daar en wieg-wieg sy voorpoot net so effentjies oor die misbol. Probeer hy dalk bepaal hoe lank terug die vorige olifant daar was? Wie weet - dalk weet hy van 'n aantreklike ou koeitjie in daardie trop, vir wie hy ogies maak en nou wil hy

uitvind hoe vinnig hy sal moet stap om haar in te haal? Nou ja, ons sal seker nooit weet presies wat sy motiewe was nie, maar as dit darem nie 'n intelligente handeling was nie, dan weet ek darem nie so mooi nie!

Olifante is nie net intelligent nie, hulle is ook soms aie moedswillig - verdra nie dat 'n ander dier hulle persoonlike spasie binnedring nie. Ek ken 'n paar mense wat presies dieselfde is.

Sit ons op 'n keer langs Leeupan in die Kruger Wildtuin. Die watertjies is maar bitter skraps - skaars 'n katspoegie. 'n Ou olifantbul staan en wei in die groen biesies en sy hele houding sê: "Hierdie pan is mý eiedom

- waag dit net hier naby!" 'n Rooibokkie wil nog daaraan dink om 'n ou lekseltjie water te kry, maar hy bedink hom baie gou as Oom Ollie mik-mik na hom - sy klein ogies glurend en hulle spoeg vuur! Die bok sien moeilikheid kom en laat spaander! 'n Paar sebras word sonder seremonie onbeskof die deur gewys, en 'n troppie wildebeeste wat nader huppel vir 'n lafenissie, word met flappende ore en 'n stowwerige stormloop beduie dat hulle teenwoordigheid hier beslis nie waardeer word nie!

Die kersie op die koek, is egter die arme ooievaar. Al wat die arme ding wou doen, is om te soek vir goggas en

paddas in die biesies. Olifant sien in sy geestesoog hoe hierdie stokkiesbeen voël sy pan leegsuip. Hy gluur die geveerde indringer aan. Skielik swaai hy sy gespierde slurp in die rigting van die paddavreter en die arme ding moet met 'n vlerkgeklap net spring om uit die pad te kom van hierdie gevaarlike wapen. Hy voel natuurlik gladnie skuldig oor sy teenwoordigheid tussen olifant se biesies nie en hy wonder of die ou gryse nie dalk net muggies weggejaag het nie en dat hy net toevallig in die pad was? Dus gaan hy rustig voort om die biesies te fynkam vir kwakers.

Olifant kan sy twee ogies nie glo nie - hierdie simpele ding het sowaar nie vir sy tierade geskrik nie! Hoe durf hy? Nou storm hy die voël met méning en vir ingeval hy dalk nie verstaan het nie, gee hy 'n trompetter-brul. Ooievaar vlieg verskrik op. Wat het nou skielik in die ou grote ingevaar? Mompel-mompel land ooievaar weer 'n paar treë verder en gaan bloot voort met sy dagtaak. Nou raak Olifant gefrustreerd! Kan hierdie simpele voël nie die boodskap kry nie? Hierdie water is pas vernoem tot Olifantbulpan. Dit is nie meer Leeupan nie en dit is beslis ook nie Ooievaarpan nie - was nog nooit gewees nie! "Skoert!", skree hy, "Voertsek! Vloog

weg!" Met menig bestorm hy die ooievaar, ore flappende, slurp in die lug.

Swetsend vladder Ooievaar onder die reuse pote uit, vlieg 'n draai en land weereens in die biesies. Nou is Olifant woedend. Verstaan hierdie halsstarrige voël nie Olifants nie? Skreeuend en slurp-swaaiend bestorm hy vir Ooievaar, wat teen hierdie tyd die speletjie begin geniet. Ek sien duidelik hoe die voël skater van die lag, elke keer as hy so net voor Olifant se woedende slurp opvlieg, om net weer aan die ander kant te gaan sit. Olifant is duidelik raadop met hierdie lasige indringer wat sy biesies kom

infiltreer het. Uiteindelik gee Olifant moed op en draai sy rug op die arrogante laspos. Hierdie is één dier wat hy nie sommer sal kan intimideer nie.

Feitlik elke besoeker aan die wildtuin het al na sy asem gesnak as 'n reuse ou olifantbul so stip na hom kyk met sy klein ogies en dan met 'n gemaakte woede, in 'n groot stofwolk op hom afstorm. En dan kan jy amper hoor hoe die ou dierasie kekkellag oor hierdie simpele vent wat vir sy grappie geval het en bewend van angs die hasepad kies!

Ek en Mosbolletjie kuier in Mkhuze wildtuin. As ons die oggend terug ry

huis toe, hoor ons terloops 'n kêrel kla oor 'n baie moedswillige olifantbul. Ons steur ons nie veel daaraan nie. So 'n twee of drie kilometers voor ons by die hek kom, staan daar 'n kar voor ons in die pad. Skielik ry hy haastig agteruit. Dan sien ons dit - die arme man word geintimideer deur 'n olifantbul. Elke keer as die man wil verbyry, bestorm die dier hom en dan moet hy net haastig retireer. Uiteindelik besluit ou Ollie dat sy energie eers 'n slag aangevul moet word en 'n happie blare sal nou net die ding doen. Die oomblik toe hy sy rug draai om die blare by te kom, neem die man sy kans waar en jaag vinnig verby.

Nou is die olifant woedend! Hy besef dat hy uitoorlê is. En nou is ek volgende op sy lys. Hierdie karretjie, besluit hy, sal baie beslis nie verby hom wat Ollie is verbykom nie. En so staan hy daar in die middel van die pad en gluur my aan. Hy storm halfhartig, maar ek hou my afstand baie veilig. Weereens besluit die ou grote dat die hongerpyne knaag en dat 'n happie blare nie 'n slegte idee sou wees nie. Maar hierdie slag laat hy hom nie weer met 'n slap riem vang nie. Hy beweeg versigtig die bos in sonder om my vir 'n oomblik uit die oog te verloor. As ek beweeg, dan beweeg hy.

Na 'n paar vinnige bekke vol blare, gaan staan hy weer in die middel van die pad. Duidelik het hy tonne meer geduld as ek. Maar selfs 'n olifant kan verveeld raak.

Teen die pad staan 'n boom en Ollie merk dat hierdie boom beslis potensiaal het. Sonder om sy kraalogies van my af te haal, skuifel hy oor na die boom toe. Aan die een kant van die boom steek 'n dooie stomp uit, sowat drie meter lank. Met brute krag breek hy die stomp af. Ek en Mosbolletjie wonder wat die doel daarvan is - daar is niks aan die stomp wat hy kan eet nie. Maar Ollie het ander idees.

Hy krul sy slurp om een punt van die stomp en met bomenslike krag lig hy dit op en begin dit rond swaai asof dit 'n dun takkie is. Dan verskuif hy sy greep na die middel toe en balanseer die stomp op sy tande. Nou begin dit 'n speletjie raak, Die stomp word rondgeswaai soos wat 'n trompoppie haar muis sou rondswaai. Dit beland op die grond, maar word weer opgetel. Een punt word op die grond geplaas en dan lyk dit amper asof hy 'n paaldans wil uitvoer om die stomp. My kamera werk intussen oortyd soos ek foto na foto neem van hierdie skouspel. Dit is half moeilik, want Mosbolletjie karring aan my dat ek tog asseblieftog net nie die motor moet afskakel nie - hy moet

bly luier en my voet moet naby die petrolpedaal wees, want hierdie ou beplan om ons met die stomp te kom vlenters slaan.

Ja, inderdaad lyk dit kompleet asof hy staan en oefen om nét mooi dit te doen, want die hele tyd staan hy my nog so in die oë en kyk terwyl die stomp rondgeslinger word. Maar ook dít het hom uiteindelik verveel. Hy smyt die stomp in die pad neer - moedswillig dwars oor die pad sodat niks daar verby kan ry nie. Ek sien sommer in sy ogies dat hy vir my sê: "Nou toe, kyk of jy daar kan oor!" En dan draai hy om en begin die pad afstap. As hy om die draai verdwyn,

spring ek vinnig uit die kar uit, sleep die stomp sodat ek kan verby en spring weer in, alles binne 'n rekordtyd van nie veel meër as twee sekondes nie. Om die draai staan Ollie met sy rug na die pad, besig om weer sy energievoorrade aan te vul. Ek neem my kans waar en jaag verby. In die truspieëltjie sien ek hoe hy die viesliksste gebaretaal in my rigting slinger en boonop vloek hy my luidkeels uit. Ek het hom geflous en hy is beslis nie gelukkig nie!

Marloth Park. Dis winter. Orals hoor jy berigte van olifante wat die park binnesluip, maar verniet, jy sien hulle nie. Net hulle spore is baie duidelik.

Die grensdraad wat platgetrap is, ontwortelde bome, reuse miskoeke, maar van die olifante is geen teken nie.

Ek gaan by die plaaslike munisipale kantore aan en terwyl ek daar met 'n bekende staan en gesels, kom 'n dame in 'n stofwolk aangejaag, spring uit die motor en met wilde handgebare beduie sy.

Sy vertel, sy en haar ou Beste sit ewe rustig op hulle stoep. Sy hoor takke kraak en dan, tot haar groot ontsteltenis, kom 'n reuse olifant (hulle is almal reuse) reg op hulle ou piepklein huisie (wel dis hoe hy op daardie stadium met die olifant vergelyk het!) afgestap. Hy sien skaars

die huis. Sy sien al hoe hulle dure belegging deur hierdie kruiptrekker platgeloop word. Dan skuur hy rakelings langs die huisie verby, loop 'n wye draai deur hulle tuin, pluk 'n paar maroelas en verdwyn in die rigting van die rivier.

Nét daar pak sulke wilde selfmoord-neigings hulle twee beet. Hulle wil gaan kyk waarheen die olifant verdwyn het. En hulle stap, baie versigtig en op 'n baie veilige afstand agter die ou logge dierasie aan. Dis nie ver af rivier toe nie, sowat 200 treë. Daar kry hulle die ou kêrel, peinsend by die draad, so asof hy wonder wat om nou met hierdie verpesting te doen. Twintig

treeë verder is die draad platgetrap. Hy verwerdig hom nie om tot dáár te stap nie. En so staan hy. En hy dink.

Die vrou sê: "En jy sal my nou nie glo nie...... " Nou, as iemand dít vir jou sê, dan moet jy weet: Hier kom 'n lekkerlieg storie. "Jy sal my nie glo nie, maar daai olifant vat die draad met sy slurp en hy breek die draad netjies af. Toe vat hy die volgende een en hy breek hom en so hou hy aan tot al die drade van die heining gebreek is.Toe loop hy oor, af rivier toe!"

Ja-nee, ek was weer reg! "Jy sal my nie glo nie......" Ek bars amper uit van die lag. Met groot moeite hou ek myself baie ernstig: "Regtig mevrou?"

Sy verduidelik vir my presies waar dit gebeur het.

Ek klim in die motor en vertel vir Mosbolletjie hierdie vreeslike wolhaarstorie. Sy lê soos sy lag. "Kom ons gaan kyk of ons die plek kan kry. Dít wil ek eers sien voor ek dit glo!" En ons ry, reguit na die plek toe. My mond val oop. Ek kan my kakebeen nie beheer nie. Hier, voor my oë is presies net dít wat die dame beskryf het. Die drade is een-vir-een gebreek, nie geknip nie. Jy kan sien dit is met 'n "sagte" voorwerp gebreek. Daar is geen merke aan die draad wat wys dat dit met 'n ystervoorwerp gebreek is nie. Boonop is elke draad apart gebuig,

wat toon dat hy dit nie maar met sy poot afgetrap het nie. Selfs die dropper, wat ‘n dik, stewige stuk yster is, die is in ‘n “S” gebuig. Net ‘n entjie verder is die draad platgetrap.

“‘Skies Antie” prewel ek, sommer so in die nêrens in. Hoe het ek haar nie verkeerd geoordeel nie!

Hoe dikwels oordeel ons nie mense totaal verkeerd nie. Soms sê ons dinge van iemand sonder dat ons weet wat die persoon se omstandighede is.

# 21

# Ou Grootvoet

Vol verwondering betrag hy die reuse ou olifantbul wat hier onder tussen die riete wei. Sy twee spruite spring op en af van opgewondenheid om die ou dier net 'n klein entjie anderkant die veiligheid van Marloth Park se draad te kan sien.

Stadig wieg die ou kolos heen en weer, heen en weer onder in die bedding van die Krokodilrivier. Sy slurp soek-soek na die sagte, sappige spruite van riete. Sestig jaar is 'n lang lewe vir 'n olifant, en die laaste van sy ses stelle

kiestande is nou vinnig besig om weg te slyt. Die geurige boombasse en voedsame takkies wat hy altyd so netjies kon afkou sodat net die hout oorbly, die is deesdae vir hom 'n pyniging om te eet.

"Sjoe Pa, maar dis 'n groot olifant daai! Kyk net sy tanne!"

Mense begin saamdrom op die rivieroewer. Hy steur hom nie juis aan hulle nie. Hierdie is 'n vreedsame klomp, nie soos daai wrede spul van toenterjare nie. Hy kan nog baie goed onthou. Dit was pas nadat hy sy eerste stel kiestande gekry het, toe het hy vir die eerste keer met mense te doene gekry - skaars een ou jaartjie

oud. Dit was nog in Mosambiek. Grootwildjagters! Wat 'n verskrikking! Die geweerskote, die reuk van bloed, die wilde getrompetter van die trop! Sy arme beentjies kon skaars bybly om saam met die res van die trop weg te kom van die wrede slagting. Ouma het hulle nog gelei oor die Lebomboberge na die Kruger Wildtuin toe - daar sou dit veilig wees. Maar 'n donker wolk het oor die wêreld gehang - die wolk van die tweede wêreld oorlog. Nee, hulle het dit nie gesien nie - net maar die gerugte gehoor.

Tog snaaks dat hy elke nuwe stel tande aan een of ander insident of gebeurtenis kan koppel. Vat nou maar

die slag toe sy derde stel tande, hier kort nadat hy ses geword het, die lig sien. In dieselfde jaar kom die nuus dat die tweede wêreldoorlog verby is - daar is vrede. Maar wat-wo - hier was al lankal vrede in die kruger Wildtuin! Nie 'n enkele geweeskoot het hier geklap nie!

En toe hy die dag vyftien word, en hy sy vierde stel kiestande voel uitkom, toe brand die vreugdevure hoog - nie oor sy tande nie, maar oor die ontwikkeling van die tegnologie. Die Amerikaners het daardie jaar die Nautilus, eerste kernaangedrewe duikboot onthul; Boing het die 707, die wêreld se eerste spuitaangedrewe

vliegtuig bekend gestel en Rusland het hulle eerste supersoniese vegvliegtuig, die Mig 19, die lig laat sien. Hy't gehoor dat een van die toeriste sê dat dit 1954 is. Al hierdie raserige tegnologie het hom 'n hoofpyn gegee - of dalk was dit maar net van sy nuwe tande. Hy het sommer die eerste motor wat hy kon kry, gejaag dat jy net sien klippe spat. Hy onthou nog, dit was so 'n blink, swart Plymouth. Daardie arme ou ry seker nou nog, maar dit het hom sommer stukke beter laat voel.

1966 was nog 'n groot mylpaal in sy lewe, want in daardie jaar het die verskriklike nuus die rondte gedoen

dat Dr. Verwoerd vermoor is. Dit was in dieselfde jaar toe hy vir die eerste keer baie ernstig begin kyk het na so 'n mooi jong koeitjie wat by hom wou vlerksleep. En toe kry hy sy vyfde stel tande. Wel, hierdie stel was darem vir jou 'n bobaas stel malers. Dit het hom 'n volle twintig jaar gehou, want eers op die rype ouderdom van 47 kry hy sy laaste stel kiestande. Dit was die jaar 1986 - die jaar toe daardie verskriklike ongeluk gebeur het. In Rusland, in die dorp Chernobil het die kernreaktor ontplof. Wat 'n aaklige tragedie! Ja, dit het amper soos 'n kernontploffing in sy eie mond gevoel toe hierdie nuwe stel tande ontpop het. Maar nou is hulle amper daarmee

heen. Hoe lank kan hy nog so aan die lewe bly voordat hy uiteindelik van die honger sal vrek?

“Pappa, bly die olifant maar al die jare hier by die rivier? Pappa onthou mos, ons het hom gister ook hierso gesien.”

Wat dink die klein japsnoet dan van hom! Toegegee, hy loop nou swaar en hy moet maar naby die rivier bly, maar tot onlangs toe kon hy nog gemaklik sestig kilometer in ‘n dag afstap. En weet die klein snip dan nie dat olifante ‘n loopgebied van oor ‘n duisend vierkante kilometer kan hê nie? Anderdag nog het hy verneem van sy familie daar onder in Kaokoland - merkwaardige klomp, daardie

woestynolifante! Hoe die arme drommels daar in die sand en klippe kan oorleef, gaan sy verstand te bowe. Ewenwel, daardie klomp dikvelle - so sê hulle - het 'n loopgebied van meer as tweeduisend vierkante kilometer. Maar nou-ja, daar is kos maar bitter skaars en hulle moet vrek ver loop om iets sappigs te kan kry.

Hulle sê dat daardie spul só versigtig moet werk met hulle kosvoorraad dat jy nooit sal sien dat een van hulle 'n boom omstoot vir daardie sappige boonste blaartjies nie. Hulle sal ook nie sommer al die bas van 'n ou bosreus afstroop nie, want dit kan mos maak dat die boom uiteindelik vrek!

Maar nou wonder hy hoe hulle dit dan regkry om genoeg kos te kry om die honderd en sewentig kilogram wat daagliks nodig is om 'n olifant aan die lewe te hou, in te kry. Nie eers te praat van water nie. Waar kry jy elke dag genoeg water vandaan in die woestyn? Daar sal 'n man mos vrek van die dors! Die blote gedagte aan vrek-vannie-dors laat die ou grote instinktief nader water toe staan. Hy suig sy slurp propvol en spuit dit behaaglik daar diep agter in sy reuse keelgat in.

"Kyk Pappa, hy sluk sy slurp in!"

"Ag issie Sussie, moenie stjoepit wees nie man! Jy kan mos sien hy drink

water. Pa, hoeveel water drink 'n olifant? Ek wed hy maak 'n tweeliter Koukbottel met een sluk leeg!"

Tweeliter Koukbottel! Die arme ou partriarg verstik amper in die water. Verbeel jou! Weet die klein snuiter dan nie dat 'n ordentlike olifant TWEE HONDERD liter water met een drinksessie kan wegslaan nie?

"Pappa....... Pappaaaa, hoekom is sy tande so groot?"

Daai klein dogtertjie met haar temerige stemmetjie begin nou op sy senuwees te werk, en haar beterweterige boetie..... hy gaan natuurlik nou weer sê........

"Aag sussie, het jy nog nooit die storie gehoor van Rooikappietjie ennie wolf met'ie groot tanne nie, hê? Wel, daai olifant se tanne is só groot, hy hap jou met één hap middeldeur!"

"Aag issie! Pappaaaaa.........?"

Die oue van dae luister lankal nie meer na al hierdie snertlike geklets nie. Sy gedagtes dwaal..... Baie ver dwaal dit na die dag, dáárdie dag toe hy die ou Grote ontmoet het, hier in die einste Kruger Wildtuin! Sy bek het skoon oopgehang van pure verwondering oor dáái tande. Dzombo was sy naam. Later moes hy hoor dat sy twee tande saam 112 kilogram geweeg het toe hy die dag dood is! Foeitog, die ou is op die

jeugdige ouderdom van 48 die ewigheid in. Dit was in 1983. As daai ou kon skryf, dan het hy vir hom sy otjiegraaf gevra! Dink nou net, almal het so vreeslik gekwyl oor die ou grootvoet en eintlik was hy maar 'n kleintjie in vergelyking met die ou reus wie se tande in die Britse museum staan. Sy paar tande weeg so amper-amper 200 kilogram. Die ou knewel het toenterjare in Kenia gebly.

Met moeite lig hy sy ses-ton liggaam teen die wal op en gaan staan onder die lowergroen skaduwee van 'n reuse ou trosvy. Darem heerlik rustig hier langs die Groot Krokodil. As daardie dekselse klein dogtertjie daar oorkant

in Marloth Park net vir 'n slaggie wil stilbly. Sy irriteer hom tot in sy . . . sy . . . in elk geval, sy irriteer hom! Sy klein ogies, net so groot soos 'n mens s'n, tuur oor die rivier om te probeer sien waar haar geteem vandaan kom, maar hy kan haar maar netnie raaksien nie. Hy kannie help dat 'n olifant nou nie juis die beste oë in die diereryk het nie. Hy waai sy twee reuse ore, wat so terloops 'n volle vyfde van sy liggaamsoppervlak beslaan, om hom af te koel. 'n Olifant se ore weeg elkeen twintig kilogram en hulle kan 'n volle twee meter lank wees!

Dit was nie altyd so rustig hier nie. Nee, olifante was gejag, menéér, gejág, met 'n hoofletter "J"!

Daardie oorlog het begin so pas nadag ou oorl'e Jan van Riebeeck hier sy voet aan wal gesit het in die Kaap in 1652. Daardie jare was daar glo olifante in die Kaap van Kakamas tot in Kuruman, van Kleinmond tot in Kenhardt, en uiteindelik het daar net 'n paartjies oorgebly in Knysna. En natuurlik die paar belhamels in Addo, maar oor hulle praat mens nie - dit is familie wat jy liewer nie wil ken nie!

Eintlik het die hele petalje al sommer baie vroeër begin, al 'n honderd en vyftig jaar voor Oorl'e Oupa Jan se

trippie Kaap toe.  Die Portugese het mos hier in die vyftiende eeu al vir Mosambiek ge-annekseer. Volgens die rekords is daar tussen 1512 en 1515 uit die Mosambiekse hawe, Beira, 'n volle 69 000 kilogram ivoor uitgevoer! Afgryslik!

In Natal het dit later nét so erg gegaan. Daar is bewyse dat daar groot troppe olifante in die grote stad, Durban was. Tot in 1860 kon jy nog goed uitgetrapte olifantpaaie sien in Berea, daar waar nou net woonstelle en huise staan. Maar al die olifante was toe al klaar uitgemoor! Die laaste olifant in Durban is in 1854 daar

doodgeskiet, en dit nét vir sy tande! Afgryslik!

In die rekordboeke is aangeteken dat daar is 1873 £17'199 se ivoor uitgevoer was uit Natal. Maar al is die skrywer van hierdie boek ook hoé trots op sy provinsie, Natal, is hierdie syfers nog niks in vergelyking met Transvaal en die Kaapkolonie nie. Uit die Kaap uit is daar in 1875 £60 402 se ivoor uitgevoer, en uit Transvaal is daar jaarliks 'n halfmiljoen ton ivoor na Engeland alleen uitgevoer! 'n Volle vyftigduisend olifante moes hiervoor met hulle lewens betaal sodat daar teen die jaar 1903 vir alle praktiese doeleindes nie 'n enkele olifant in die

hele Suid-Afrika oor was nie, buiten nou vir die paartjies wat vroeër genoem is. En waar daar in die Magaliesberge, volgens die jagter Cornwallis Harris, in die 1860's groot troppe olifante teen die berghang gewei het, is daar nou net die bleek geraamtes, doodsbeendere, spoke van eertydse sagmoedige, trotse reuse, monumente van die mens se versugting na die eksotiese rykdom van ivoor!

Ingedagte staan die ou bul so en skoffel-skoffel met sy voorpoot in die stof. Ja, dit was so hit-te-te of almal was uitgeroei. Was dit nie vir die ondeurdringbare woesteny van Mosambiek waar nog 'n paar gehardes

kon wegkruip nie. En natuurlik die feit dat 'n olifant soos 'n groot speld kan verdwyn in 'n ruigtetjie. As dit nie daarvoor was nie, dan was dit klaar met Kees. Ja, dan was hulle ook gereken saam met die Dodo's en die Mammoete.

"Pappaaaaa........ Watse ding is 'n Mammamoet?"

Mammóét, jou simpele klein meisiekind, Mammóét, nie 'n Mammamoet nie! Hoevéél moet hy nog vandag verdra? Nóú sal haar pa sy storie moet ken om vir haar te verduidelik. Daardie pa weet natuurlik nie dat daar twee soorte Mammoete was nie, die groot Mammoet én die

harige Mammoet met sy halfmeter lange geel-bruin hare. Hulle het natuurlik al baie jare terug uitgesterf, selfs nog lank voor die Bloubok en die Kaapse Kwagga. Maar in die ysvelde van Siberië het hulle perfek behoue gebly, sodat boere tot hier in die 1900's nog Mammoete uitgegrawe het en die vleis vir hulle honde gevoer het.

Die Afrika olifant (dis nou ons soort), is natuurlik nie die enigste olifant wat oorleef het nie. Die Indiese olifant, heelwat kleiner, dié het ook behoue gebly. Hull is al drie duisend jaar gelede deur die mens gebruik as werkesel. Wat 'n vernedering! Sommige geleerdes wil ook beweer dat

die Woudolifante van Zaïre 'n aparte spesie is. Hy is heelwat kleiner as die klomp hier onder in die vlaktes. Hy staan 'n skamele 2½ meter hoog teenoor die amper 4 meter van sy Suidelike broers. Dan is daar nog 'n paar ander klein verskilletjies ook. Sommige malles beweer selfs dat daar Dwergolifante in die reënwoude bestaan! Bid jou aan! Totale, ongegronde, waansinnige onsin!

Kolonel Stevenson Hamilton, die eerste parkhoof van die Kruger Wildtuin (dit was toe nog die Sabi Reservaat) het in 1903 in sy veldverslag geskryf dat olifante amptelik uitgesterf het in Transvaal,

aangesien daar toe nie ‘n enkele olifant oor was nie, nie eers in die Kruger Wildtuin nie. Sy bynaam, terloops, was Skukuza, die een wat skoon vee. Skaars twee jaar later berig hy dat daar ‘n paar olifante uit Mosambiek in die park aangekom het. Binne ‘n skamele vyftig jaar groei hierdie paartjies aan tot ‘n astronomiese sewe duisend olifante. Merkwaardig! Maar dan moet jy darem onthou dat ‘n olifant ‘n merkwaardige dier is!

Dit wil ook iets sê van die manier waarop God Sy skepping onderhou, selfs waar die mens gedink het dat hy al wat ‘n olifant is uitgeroei het, het die Skepper sy hand van bewaring oor

die natuur gehou en gesorg dat hulle nie net oorleef nie, maar sommer baie goed oorleef!

Ja, 'n uiters merkwaardige dier, die olifant. Vat nou maar daai neus van hom wat vir Prins Charles na 'n Boeldoghond laat lyk. Nou wel nie 'n baie gewone neus nie, want sy slurp is 'n veeldoelige instrument waarsonder 'n olifant net eenvoudig nie kan oorleef nie. Nou-ja, daar is enkele gevalle bekend waar hulle tóg oorleef het sonder 'n slurp, maar annerdag sal ek julle vertel van daai bittereinders wat die lewe verneuk het en ten spyte van hulle gebrek bly oorleef het. Maar nou eers so 'n een en ander oor 'n olifant

se slurp. In die eerste plek is dit, net soos by meeste ander soogdiere, sy neus waarmee hy natuurlik ruik. Het jy al ooit gesien hoedat 'n trop olifantkoeie wat onraad vermoed, so met hulle slurpe in die lug rond "proe" vir 'n ongewone reuk? Wel, met so 'n groot neus is dit natuurlik net logies dat hy báie goed moet kan ruik. Dan natuurlik, soos jy pas gesien het, gebruik hy hom om mee water te drink. Maar die slurp is nie sommer net 'n lomp stuk pyp nie! *A-nee-a!* Hy is 'n delikate instrument met twee vingers, soos 'n voorvinger en duim, waarmee hy enkele blaartjies netjies kan afpluk, maar ook sommer 'n dik tak kan breek (selfs doringdraad kan breek, onthou

jy nog?) Met sy slurp pluk hy graspolle uit, stof dit netjies af en prop dit in sy bek, of hy strooi stof of water of modder oor sy rug, afhangende van sy behoefte. Sy slurp is verskrklik sterk. Daarmee kan hy bome omstoot, so groot dat dit selfs 'n groot stootskraper sal opdraande gee. Maar om die kersie op die koek te sit, is die slurp ook 'n delikate musiekinstrument waarmee hy sy misnoeë te kenne kan gee, of partykeer, sommer vir die pure plesier daarvan, kan blaas soos 'n trompet, met 'n verskriklike geskal.

"Pappaaaa......... Kan olifante praat Pappa?"

"Aag Sussie, moenie vir jou staan en stjoepit hou nie man, Jy weet mos diere kannie praat nie!"

Aag boetie, moenie vir jou staan en stjoepit hou nie man! Olifante is nie sommer elke dag se diere nie! En net vir jou inligting: Olifante kán praat! Dis net julle mense wat hulle nie kan verstaan nie. Partymaal hoor mens sulke diep rommel-brul geluide as olifante bymekaar is. Almal het eers gedink dat dit sy maag is wat so rammel van spysvertering of iets, maar die slim mense (drie hoera's vir hulle!) het nou uitgevind dat die olifante die geluide maak met hulle stembande wanneer hulle met mekaar

kommunikeer (*gesels*; praat), en verskillende rammelings beteken verskillende dinge. So reageer die hele trop as die ou leier-koei 'n sekere geluid maak. Dus: *Olifante. Kan. Praat!*

'n Ander, baie merkwaardige ding omtrent olifante is die hele kwessie rondom voortplanting (nee, ons *gesels* nie nou pornografie nie!). 'n Mensevrou is vir 9 maande swanger en dan bring sy 'n piepklein babatjie van 'n skamele drie kilogram in die wêreld. Die arme olifantkoei loop vir 'n volle 22 maande (amper 2 jaar, vir julle dommes), en dan word daar 'n "kleintjie" gebore wat 'n volle 160 kilogram weeg. Geen wonder nie dat sy dan die baba met

haar lewe sal beskerm, vir ten minste twee jaar versorg en vertroetel met die grootste sorg en liefde, hom gereeld afstof, water oor hom spuit, hom help oor allerhande hindernisse . . . Kortom: 'n olifant-ma is die beste!

Moeisaam draai die ou kolos hom om, wildtuin se kant toe. Geruisloos, met moeë, dog sagte treë wieg hy voort tussen doringbome deur, die bult op. 'n Dik laag kraakbeen op sy voetsole wat soos 'n spons uitsprei wanneer hy trap, werk soos 'n skokbreker en sorg dat hy byna geluidloos kan beweeg deur die bos. Uiteindelik lê net die reuse spore,

byna ‘n halfmeter in deursnee, in die stof om te sê: Ou Grote was hier!

“Pappaaa...... ek is honger! Kan ons nie maar huis toe gaan nie?  Pappaaa......?”

Uiteindelik, vrede. Volmaakte, totale, stille vrede!

# 22

# Die Rots

Ry op ry kom die deinings aangerol, ver, baie ver vandaan. Diepsee is hulle nog maar net 'n rippeling in die oneindigheid van die oseaan, maar soos hulle nader kom styg en daal hulle soos die rustige asemhaling van 'n reuse dier. Al groter, hoër rys die golwe uit die dieptes van die seebodem totdat hulle groepeer om lang linies te vorm van aanstormende soldate, twee, soms drie meter hoog. Gladde, goed-geoliede vegters is hulle en uiters gedissiplineerd. Doelgerig marsjeer hulle al nader en nader aan die

goudgeel strand. Niks, maar absoluut niks kan hierdie opmars stuit nie.

Dan kom die bevel: “STORM!”

Met ‘n wrede brul rys die linies en strek hulle uit tot hulle volle hoogte sodat hulle bo die oseaan uittoring. Onstuitbaar val hulle vorentoe in ‘n woeste stormloop, wit skuimbolle om die mond. Die borrelende, malende massa beur vorentoe om in ‘n vloedgolf neer te plof en in ‘n selfmoord aanval hulleself te pletter te loop teen die brose sandstrand. Agter hulle lê ‘n vuil skuimstreep van verwoesting waarin ‘n ongemaklike stilte en kalmte vasgevang is, ‘n kalmte wat 'n halfminuut duur voordat die volgende ry soldate al

brullende weer alles voor hulle platvee met gefelde bajonette en bulderende kanonne.

Eenkant op die strand toring 'n rotsbank uit - granietblokke, glad gepoleer deur millenia se aanslae van die geweld van die woeste see. Bulderend, skuimend storm die brandersoldate op die rots af en slaan woeste houe, weer en weer en weer, sonder ophou, sodat skuimbolle en watermassas hoog die hemel inskiet as die volle toorn van die magtige oseaan op die rots neergefel word.

Met sy rug na die oseaan gekeer, staan hy daar, sy rots-arms gevou om 'n klein, weerlose poeletjie water. 'n

Kleurvolle anemoon voel-voel met sy klein vlesige vingertjies vir krieseltjies kos, sy vrolike gesiggie stralend van vreugde. 'n Waaierwurm waai sy ragfyn armpies deur die byna beweginglose watertjie om planktondeeltjies in sy brose net te vang. 'n Kluisenaarkrappie se poeierblou ogies loer skugter uit sy geleende huisie na 'n klipvissie wat halflyf uit die water klim om die wêreld daar buite vierkantig in die oë te kan kyk.

Wanneer 'n reuse brander die rots tref, spat die water speels in die poeletjie in en gee die klipvissie 'n dwarsklap deur die gesig. Hy skrik en

duik af na die bodem. Die waaierwurm trek haastig sy net in en die kluisenaartjie kruip in sy dop. Maar in die proses word vars, suurstofryke water in die poeletjie ingelaat en saam met dit 'n kraakvars nuwe voorraad plankton.

*Ek ken 'n ánder Rots, een wat daar was nog lank reeds voor hierdie een in die moederskoot van die aarde gevorm is. Hierdie Rots staan óók so met sy rug na die storms om dié wat aan Hom behoort te beskerm. Saggies en teer vou Hy sy liefdevolle arms om sy brose kindertjies sodat die geweld van die vloedwaters hulle nie vernietig nie. Maar tóg laat hy 'n bietjie van die*

*bruisende massas deur sodat sy kinders kan lewe; sodat hulle nie stagneer nie; sodat hulle sterk kan word en eendag, wanneer die aanslae baie groot word, steeds staande kan bly.*

'n Rotskrap skarrel oor die klippe soos 'n wafferse gimnas. Hy is fiks en sterk en met sy skerp kloue kan hy selfs teen gladde rotse opklouter. Skeef-skeef klouter hy oor die rots tot aan die rugkant, daar waar die branders slaan - dáár waar al die opwinding is. Ja, weliswaar klou hy steeds aan dieselfde rots wat deur die jare vir hom 'n veilige hawe was, want hy wéét mos dat die rots hom sal beskerm,

selfs wanneer die storms woed. Hy móét egter net eenvoudig die wêreld daar buite gaan verken, en buitendien hét hy tog 'n sterk stel kloue waarmee hy aan die rots sal kan vasklou as die golwe hom peper.

As hy om die rots klouter gee 'n golf hom 'n raps teen die blad. Aaah! Heerlik, verfrissend! Die tweede klap ruk eintlik deur sy liggaam en 'n tinteling van opgewondenheid bruis deur sy are. O, hoe pómp die adrenalien nie! Al verder en verder waag hy dit. 'n Reuse golf kom aangestorm. Sy twee oë staan eintlik penregop in hulle oogkaste. Hy skrik hom asvaal. As die golf hom tref, trek

hy hom plat teen die rots. Hy hyg na asem. Nog 'n woedende golf tref hom, en nóg een. Die geweld van die branders is só groot dat hy nie kan terug nie. Wat gaan hy maak? Hoe lank kan hy dit nog uithou? Hou op ongenadige hou ruk en pluk sy tam liggaam, totdat dit voel of sy kloue uit hulle sokke uit skeur, en hy uiteindelik wreedaardig van die rots losgeruk word.

Die verwoede, tierende massa slinger en maal hom in 'n dik sop van sand en soutwater. Hoekom het die rots - sý rots, hom dan nie beskerm in sy grootste uur van nood nie? Is sy rots dan magteloos? Dood? Kan die rots nie

maar sy arm uitsteek en hom terugpluk na veiligheid nie? Rots! ROTS!!!!! Help tog! Asseblief!

Na, wat voel soos 'n ewigheid, verpletter die brander homself teen die strand. Wanneer hy teruggesuig word deur die groot oseaan om maar net weer en weer sy vernietigingswerk voort te sit, spoel die hulpeloos-gebroke krappie terug, verby die rots wat steeds daar staan, onbeweegbaar, onvernietigbaar, steeds 'n veilige hawe vir almal wat skuiling soek in sy sterk arms, vir dié wat op hóm alleen vertrou.

'n Versugting gaan deur die krappie se gemoed: "Vergewe my dat ek gedink

het ek is sterk genoeg om alleen die see aan te durf........."

'n Stuk dryfhout verskyn asof uit die niet. Desperaat gryp die krap na die reddingsboei. Die stuk hout spoel oor die klippe en dan gooi dit die krap met sy stukkende dop af oor die rand van die rustige poeletjie, tot in die boesem van die rots, sý rots.........

Soms raak ek en jy baie braaf: Ek ís mos 'n gelowige! God sál my mos beskerm. Ek sál mos staande bly wanneer ek dit gaan waag, dáár waar die wêreldse dinge hoogty vier, dáár by die wilde partytjie waar Bacchus jou joviaal uitnooi vir nóg een en nóg een, terwyl Venus jou uitlokkend

probeer betower met haar skoonheid. Of dalk is dit die kasino met sy tintelende liggies en geklongel van geld, met die belofte van miljoene wat enige oomblik in jou skoot gaan val - net nog één ou muntstukkie in die eenarmduiwel se laggende bek gooi en nóg enetjie....... Of wat van so 'n ou onskuldige bietjie plesier met die seksie ou dingetjie op kantoor. Solank daar nie seks by betrokke is nie, dan is dit mos nie egbreuk nie! Ek is tog immers 'n Christen, en ek sál staande bly, al klou ek ook net met een hand aan Jesus se kleed.

Die krappie was byna-byna verlore. Alleen die genade van die rots het hom

gered. Moenie dit buite jóú Rots se veilige arms waag nie. En wanneer die spatsel van 'n golf jou dalk 'n dwarsklap gee - dit kan finansiële probleme wees, siekte, die dood van 'n geliefde - wéét dan dat dit jou suurstof gee; jou sterk maak sodat jy kan staande bly wanneer die aanslae van die Bose kom!

# 23

# KaggaKamma

**Psalm 62**

**Net by God vind ek rus,**

**van Hom kom my redding.**

**Net Hy is my Rots en my Redding,**

**my Veilige Vesting,**

**Sodat ek vas en stewig staan.**

"O koud is die windjie, en skraal ....." Wie het dit nou weer geskryf? Maak nie saak nie - op hierdie oomblik is dit uiters gepas! Verlangend loer ek by die venster uit oor 'n maanlandskap - die enigste manier om dit te beskryf. 'n

Ysige wind suis om die hoeke van die huis en kruip geniepsig deur elke gleufie en opening om jou gebeentes te vermurwe.

As die donkergrys wolkmassas oorgevlieg het, skyn die son weer helder en vrolik op die reuse sandsteenrotse langs die huis. Maar dit is bitter bedrieglik, want die son maak nie warm nie - nie eers 'n ou klein bietjie nie!

Tóg maak die yswind en gure weer vir geen oomblik afbreuk aan die skildery wat hier voor my oopsprei, asof 'n meesterskilder op 'n reusagtige stuk doek, kwistig met aardse kleure speels

aan sy wildste verbeeldingsvlug vrye teuels gegee het.

Maar wag, laat my toe om voor te begin. Die naam, Kagga Kamma het my verbeelding aangegryp. Google se satellietbeelde laat dit lyk na 'n onherbergsame rots-woestyn waar daar niks anders as klippe is nie. “Daarnatoe wil ek gaan!” sê-pleit ek by Mosbolletjie en sy laat haar oortuig deur my entoesiasme. Ons vlieg Kaapstad toe en ry met 'n gehuurde motor die 250km noordwaarts. Vir my is dit 'n onbekende wêreld en die bergpasse weerskante van Ceres slaan my asem weg! Dis mooi! Maar dit is eers nadat ons die grondpad anderkant

die *gehuggie: Op Die Berg* vat, wat die woordjie "mooi" werklik begin betekenis kry. Oral is daar koppies en ruwe berge wat bestaan uit sandsteenrotse, uitgekerf deur die wind in die mees fassinerende beeldhouwerke. Hoe nader ons aan Kagga Kamma kom, hoe meer van hierdie kunswerke lê oor die veld rondgestrooi.

Dit was net voor sononder toe ons die reservaat se hekke binnery. Ek weet nie waarheen om te kyk nie, want links, regs, voor en agter lê hierdie asemrowende kunswerke verstrooi - soms opgestapel. Reuse rotse balanseer plek-plek op 'n enkele ou

mespuntjie, asof 'n ligte briesie dit kan omwaai.

Die kersie op die koek is egter die sonsondergang oor hierdie rotsbestrooide aarde - bloedrooi en helder geel en diep oranje - kleure wat blote woorde nie kan beskryf nie. Op die oostelike horison dryf die vol maan soos 'n oorgroot weerballon. Later, as die nag oor Kagga Kamma toesak, skyn die maan helder, spookagtig oor 'n maanlandskap van rotsblokke en wit kliprandjies.



'n Nuwe môre bring 'n splinternuwe wêreld - een met 'n ysige windjie uit die weste, maar met 'n wonderwêreld van klip en fynbos. Ek durf die koue aan en gaan verken die veld rondom die huisie. Wat aanvanklik vir my lyk na 'n dooie, onherbergsame half-woestyn, kry skielik lewe. Oral groei die wonderbaarlikste plante en selfs veldblommetjies. En wáár ek ookal trap lê daar mis en spore van allerhande wilde diere - sebras , hase, bontebokke, elande en iets wat dalk 'n muishond kon wees. Voëltjies vlieg vervaard op as ek hulle verras - mossies, streepkoppies en 'n bokmakierie. Maar dis die reuse rotse wat my mond laat oophang. Die ysige

wind dwing my egter terug in die huis in, waar ons weldra ‘n warm kaggelvuur aan die gang kry en die aand onder komberse na die dansende vlamme staar - knus en tevrede.

Dis nou 'n paar dae later en ek sit êrens in die veld in die skadu van 'n reuse rots en bepeins die gebeure van die afgelope paar dae. Die prentjie voor my is on-aardse, on-werklike on-glooflike, on-sommer-alles-sandsteenbeelde, kunstig uitgekerf deur die wind oor baie duisende jare, omring en deurweef met bergfynbos - iets halfpad tussen die Kaapse fynbos en karooplantegroei. En die agtergrond vir hierdie prentjie is die grou

Cederberge wat troon tot teenaan die helderblou wolklose hemel. 'n Hemelse gesig inderdaad!

Ons gaan stap 'n paar dae gelede een van die wandelroetes met die geoaste naam "Klipspringer". En inderdaad doen die roete sy naam gestand, nie omdat ons enige klipspringertjies gesien het nie, maar jy moet beslis 'n klipspringer se kwaliteite hê om hom te kan oorleef!

Ons klouter oor rotse en kruip deur nou gangetjies en onderdeur oorhangende klippe. Ons vorder bitter stadig, want elke vyf treë is daar iets interessant wat jou verbeelding aangryp. Daar is krokodille,

oerangoetangs, dinosourusse, reusemuise, arende en die koddigste gesigte, alles uitgekerf in sandsteen.



Af en toe kom ons op boesmantekeninge af. Later word ons ingelig dat sommige van hierdie tekeninge tot sesduisend jaar oud is -

moeilik om te glo! Op en af klouter ons, tot ons later in 'n klofie afstap met kranse van majesteuse sandsteenblokke wat weerskante van ons 'n erewag vorm. 'n Mens kan maar net nie gewoond raak aan die oorweldigende skoonheid van die rotse nie. Om dit te probeer beskryf, is 'n onbegonne taak, want geen taal bevat die woorde om hierdie tonele te probeer beskryf nie. Selfs die honderde fotos wat ek neem, kan nie die majesteit en omvang van die tonele vasvang nie!

Gisteraand word ons op 'n "sundowner" rit geneem oor bykans onrybare paaie, tot op die rand van die plato. Voor ons

ontvou 'n panorama met die Cederberge as agtergrond. As die son sak agter die berg, wat soos 'n reuse luislang van horison tot horison uitgestrek kronkel, dan word die lug in sagte pastelkleure geverf oor die Groot Karoo wat eindeloos aan die een kant strek oor 'n totale verlatenheid, en die Tankwa Karoo wat na die anderkant strek tot dáár waar die Cederberge verdwyn. Die ysige aandluggie herinner ons daaraan dat ons nou in die Koue Bokkeveld is. Ons groepie sit soos dassies ingeryg in die laaste oranje strale van die verdwynende sonnetjie, terwyl 'n streepmuis en twee hondmak klaasneusies om ons voete rondskarrel

op soek na krummeltjies. Koddige kreatuurtjie, die klaasneus, met sy twee groot olifantoortjies en sy lang slurpie vir 'n neus, wat die hele tyd wikkel, diékant toe, dááikant toe - sommer in alle rigtings.

Waar ek hier sit en skryf, op die laaste dag van ons kuiertjie in Kagga Kamma in die eensaamheid van die veld, kan ek nie anders nie as om my hart op te hef na Bo. Dit is in hierdie omstandighede wat die onbeskryflike almag van God jou só oorweldig, dat jy nie anders kan as om neer te val in aanbidding nie.

Die windjie suis saggies deur die regop stingels van 'n besembos wat sy lang,

dun arms in lofprysing ophef na Bo, na die Skepper van dit alles. In die windjie hoor ek die Vader se sagte, liefdevolle stem vir my sê: “Ek het jou oneindig lief, My kind, baie meer as die uitgestrektheid van hierdie ongerepte wêreld." Elke dingetjie is hier so volmaak gevorm tot eer van God - van die piepklein vygies en kleurvolle ligene (klipblommetjies) wat die rotse kwistig verf met hulle helder rooi, oranje en geel kwaste, tot die vaal ou karoobossies en verdroogte harpuisbos wat met die eerste reëns weer sal jubel in die veld. En natuurlik klap die rotsfigure hande van pure uitgelatenheid. En moenie die voëltjies vergeet nie - die talle mossies en

streepkoppies en slangverklikkertjies, asook die pragtige bokmakierie met sy borrelende liedjie. Almal besing die Almag van die Grote Skepper van al hierdie mooi dinge!



# 24

# Haailaait vir 'n Ouderling

## 'n Ware (Nagmerrie) Verhaal

En hier sit ek in die haarsalon, blink velle foelie in my hare. En ek bid, ek bid baie hard dat niemand wat ek ken hier ingestap kom nie. As dit sou gebeur, dan het ek soort-van'n strategie gereed: ek sal my gesig so lelik trek dat niemand my ooit sal herken nie. Nee, dit sal nie werk nie - te veel mense het my al gesien 'n skewe bek trek - ek sal onmiddelik herken word. Dalk moet ek my voordoen as 'n vroumens – met 'n skril

stemmetjie praat as ek 'n bekende gewaar. Dalk Engels of Duits praat: "Guten morgen Fräulein – Ich bin nicht von hier!"

Alles het begin toe ek my hare laat sny het, en so in 'n grap vra ek toe vir die Indiёr-doedietjie, Pam of sy nie hierdie ou drie haartjies van my kan optower dat hulle 'n bietjie anders lyk nie. Ons het gelag daaroor, en daarvan vergeet. 'n Dag later laat my Mosbolletjie haar hare doen, en dieselfde doedietjie bewerk haar kop. En praat toe praat sy so wrintiewaar uit die salon uit oor my stuitige opmerking! En die twee konkel om my soos 'n zebra te laat lyk – goue

strepies in die hare. Ek wis van g'n sout of water nie, tot die aand voor die slagting. Wag sy toe net tot ek rustig geraak het en toe laat val sy die bom: die uwe het 'n afspraak vir haailaaits!

Ek skrik my skoon in 'n ander geloof in: vir byna sestig jaar loop ek met hierdie donkerbruin donsies van my, en nou skielik gaan ek soos 'n krismisboom lyk! Nee, dit sal nie deug nie! Ek is mos 'n ouderling en steunpilaar in die gemeente. Oor my dooie liggaam! Nee! Nooit!

Maar almal ken my mos as 'n vredeliewende wese, en om die vrede

te bewaar, stem ek baie teensinnig in om tóg maar te gaan.

Vanoggend, kort voor die afspraak skakel die haarsalon, net om te hoor of ek nie koue voete gekry het nie. Nou kyk: 'n tjiekin is ek baie beslis nie en al kos dit dat ek môre met 'n hoed op en 'n sonbril om my onherkenbaar te maak, kerk toe gaan - ek sál die afspraak nakom!

En hier sit ek nou – 'n reuse knop op my maag en 'n koppie baie sterk swart koffie om my gemoed te kalmeer, met 'n kop vol blink papiertjies. 'n Man kom ingestap..... Ek sak diep in die stoel weg. Ek durf nie in sy rigting kyk nie - álmal ken my immers op hierdie dorp!

“Ek is ‘n vakansieganger”, kondig hy aan, “en dis die eerste keer dat ek in Ballito kom.” ‘n Reuse las val van my skouers af, en ek kruip weer agter die stoel uit.

“Hoe gaan dit lyk?”, begin ek wonder, “Wat gaan die ouens sê as ek môre in die kerk instap?” ‘n Bekommernis kruip oor my gemoed. Moet ek nie maar vir die haredoedie vra om die strepe weer op te pêtsh nie? Ek wil weghol, maar nie met hierdie kersversierings op my kop nie!

“Kom”, hoor ek Pam vaagweg sê, “ons gaan gou jou hare afspoel.”

Ek hoop dat hierdie kleursel wat sy gebruik het van die uitwasbare soort

is. Met my gladde haartjies sal alles mos sommer so vanself uitwas! Ek sak agteroor by die wasbak. Warm water spoel oor my kop en die kersboomliggies word afgehaal (dankie tóg!). Sy vryf my hare droog en dan spring ek op – te dankbaar dat alles verby is. "Sit!", grom sy saggies, en nou kom die sjampoe. "Hoe lank nog?", wonder ek. Weereens word my hare droog gevryf en gretig spring ek op.

"Sit!", sis sy, "ons is nog nie klaar nie!" Met 'n sug sak ek weer terug. Nou word daar iets in my hare gesmeer – ek is te bang om te vra wat.

Uiteindelik is die operasie verby,en ek word teruggelei na my stoel voor die

spieël. Ek skrik as ek die goue zebrastrepe sien – die seep en water het toe nie gewerk nie en die strepe staan uit soos neonligte op 'n donker nag.

Die haardroër word uitgepluk, en behendig krap sy met haar vingers my ou dun haartjies dán diékant toe, dán dááikant toe, tot sy voel hulle lê nou presies reg. Sy tree terug en glimlag sefvoldaan. "Hoe lyk dit?" wil sy trots weet as sy haar handewerk aanskou. Ek moet erken dat dit nie te sleg lyk nie – sal seker tyd vat om daaraan gewoond te raak, maar hoe langer ek kyk, hoe meer hou ek daarvan!

Ek het my heel eerste haailaait oorleef! Wonder wat die ouens môre by die kerk gaan sê? Aag wat, laat hulle maar skinder – ek sal dit weglag!

# 25

# Têksierit in die Hospitaal

Waarom gebeur noodgevalle altyd snags? Ek hyg vir ‘n bietjie asem in my seergehoesde longe. Mosbolletjie ignoreer die spoedbeperking so ‘n effe. Ek gloei rooiwarm, terwyl ek bibber van die koue. “Malaria” flits dit deur my benewelde brein. Die vyfminute rit na die hospitaal voel soos ure. Ek strompel ongevalle binne op onvaste bene. Hulle verwag my en ek word lêgemaak. Ek voel baie sôrrie vir myself.

‘n Naald so dik soos my pinkie (rêrag, ek oordryf nie!) word in ‘n aar in my hand ingedruk en dan word die eerste van sommer baie sakke soutwater aan ‘n halfduim pyp gekoppel en in my lyf ingepomp. “Jy gaan sommer baie gou beter voel”, verseker die nurse my. Hy het gelieg! Mosbolletjie se Sjinese waaiertjie probeer om die koors te verlig, maar dis ôk maar net ‘n troos. My gesig smaail mooi vir haar - my binneste smaail nie saam nie. My kop, o, my kop! Verbrande malariamuskiet! Daai swerkater het my bygekom toe ons in die Bos gekuier het!

‘n Uur gaan verby - twee ure en ek is steeds in ongevalle. Die dokter daag

op. Hy skud sy kop - ek moet in die hospitaal opgeneem word vir die nag, maar eers soek hy my bloed. 'n Man van die laboratorium word nader geroep. My are val plat. Hy probeer hier - steek daar, maar puur verniet. Dis seer! Uiteindelik, soos 'n boorman wat water gevind het, tref hy 'n aar. "Wil die man my nou leegpomp?", wonder ek na die soveelste botteltjie wat hy volmaak. "Hoeveel bloed is dan nou nodig om te kyk of daardie muskiet se tande giftig was? Teen hierdie tempo is omtrent ál my bloed al vervang met soutwater!"

'n Hospitaal têksie word nadergesleep, en soos Lord Wieookal arriveer ek met

my windmakerwiele in die tweebed-saal - pype nét waar jy kyk, en bo aan die lugdraad my sak soutwater. Die klomp nursies loop oor van vriendelikheid, maar ekke voel soos 'n beer met 'n seer kop! Hulle los my om in die kooi te kom, maar hulle vergeet dat ek nog aan hierdie loodgieter kontrêpsie gekoppel is. Mosbolletjie probeer uitwerk deur watter mousgat van my slaaphempie die soutwatersak gesteek moet word. Alles is agterstevoor! Ek hou die sak vas en sy ryg die pype deur die moue. Dinge raak half deurmekaar, en skielik begin hierdie stukkie loodgieterswerk te bêkwasj - die kosbare ou bietjie bloed wat ek oor het word in die pyp

opgeslurp. Ek skrik my asvaal! Stokvlou, hygend syg ek uiteindelik in die kooi neer. O, my kop, my kop!

Die nagmerrie is oor - nou kan hulle my begin gesond dokter. Maar nee, die nagmerrie begin nou éérs. 'n Jong nursie verskyn met 'n drie-duim-dik pak vorms. My moed sak in my skoene! Maar dinge draai nóg erger uit - haar ou fluisterstemmetjie is so sag, dat ek haar gladnie kan hoor bo die gesuis in my ore nie. Sy moet elke vraag driekeer herhaal en dan moet Mosbolletjie hom weer harder vir my oorsê voordat ek kan antwoord. Elke antwoord uit my gepynigde borskas is 'n marteling.

Het ek al ooit Gonoglortis gehad? Of Dismarriha os Whatjoumacallititus? En ek is nie dalk Pregnant nie? Sal daardie vorms ooit end kry? 'n Uur later glimlag sy selfvoldaan. Alles is afgehandel! Ten minste is sy darem vriendelik.

'n Suster daag op - langs my begin 'n krimisboom te verrys. Die sak soutwater begin maatjies kry - plat sakkies en dik sakkies en boepensbotteltjies en lang botteltjies - almal word gekoppel aan my pypstelsel - gelukkig word almal se kraantjies darem nie gelyktydig oopgedraai nie. Ek probeer daar bo lees wat op die bottels staan - dis

moeilik. Ek verbeel my ek sien iets soos DDT, Rattex en Blue Death, maar ek mag verkeerd wees......

Daar is 'n stroom van verpleegsters en susters van alle soorte range wat elke vyf minute kom kyk of ek darem nog leef en of dit goed gaan. En die een wil vriendeliker wees as die ander. Selfs die skoonmaker se glimlag loop van oor tot oor. Ek raak rustig. Hierdie is 'n baie vriendelike plek. My koors begin wyk, en na die rookmasjientjie elke liewe gogga uit my longe uitgerook het, voel my bors ook al weer leefbaar.

'n Goeie nag se slaap, is die beste medisyne in die wêreld en die volgende oggend sing die voëltjies alweer. Hier

in die hospitaal begin hulle vyfuur in die oggend al donderend en klingelend metal hulle aktiwiteite, luidrugtig! Daar is 'n gewoel en gewerskap en ek word 'n honderd keer gevra hoe ek voel. Ek voel sommer tuis tussen al die vriendelike mense - ek begin selfs die hospitaal te geniet. Ek word op die hande gedra. Dit is 'n wonderlike hospitaal.

Maar selfs die beste instellings het ook maar krakies. Kommunikasie, kom ek gou agter, is hier 'n groot frustrasie.

As ek uiteindelik vir 'n wyle bevry word van my loodgieterswerke, gaan spring ek in die bad. Heerlik verfris kan ek

nou rustig in die kooi gaan lê sonder 'n spul aanhangsels. Maar my rus duur nie lank nie, want 'n hospitaaltêksie kom die gange afgejaag en kom met skreeuende bande voor my bed tot stilstand. “Ek kom jou net haal vir x-strale”, word ek ingelig. “Watse x-srale?” Niemand kan my sê nie. Soos 'n egte Shakaskraal têksie, ry hierdie een óók roekeloos, en so ampertjies verloor ek 'n toon in 'n deurkosyn toe ons met skreeuende bande om die hoek ploeg. Gelukkig weet die radioloog darem wat sy te doen staan en weldra word ek meegedeel dat my longe nie so baie lekker lyk nie. Ek kon haar dit vertel het sonder die x-strale - ek

weet mos hoe ek hulle van hierdie kant af voel!

Veilig terug in die kooi, wonder bo wonder met nog al my ledemate, maak ek my weer rustig. 'n Nursie kom ingewarrel: "NPM voor jou prosedure", word ek meegedeel en sy warrel weer uit. "Wag, wag", protesteer ek, "wat beteken dit? Wat is hierdie NPM ding waarvan jy praat?" Dan verduidelik sy dat dit maar 'n hospitaal term is vir dat jy niks mag eet of drink nie - Nil Per Mouth. Oor die "prosedure" weet sy nie, maar sy sal probeer uitvind. "Gaan hulle my vir die een of ander ding opereer?" Nou begin ek bekommerd raak. Al wat sy uiteindelik

kan uitvind, is dat ek moet gaan vir 'n sonar. "Waarvoor?" sy trek haar skouers op en dit bly 'n raaisel.

My uitgedroogte lippe smag na die koel watertjie op my bedkassie, maar dis NPM vir my. Middagete kom ingestoom - 'n geurige gereg word verleidelik voor my bed neergesit. My maag grom. Die smullekker kaaskoek-nagereg lyk na 'n driedimensionele skildery - kunstig versier met aarbeikonfyt, papierdun gesnyde aarbeie en kruisement. Die kwyl drup oor my gebarste lippe. NPM, flits dit deur my brein. Genadiglik daag die têksie nét betyds op om my weg te neem van hierdie versoekings af.

Tydens my duiselingwekkende têksierit ondertoe wonder ek steeds oor hierdie sonar - waarvoor soek hulle eintlik? Wat gaan hulle be-sonar? Die radioloog stel my gerus: "Jou bloedtoetse wys 'n abnormale lewerfunksie", lig hy my in, "Ons wil kyk wat die oorsaak is."

My buik word besmeer met 'n laag jellie en dan, terwyl die instrument oor my maag gly, hoor ek: "Aha!"

"Hy het diamante gekry", dink ek. Stene is dit inderdaad, maar alles behalwe edelstene - Galstene!

My rit terug verloop sonder enige ernstige ongelukke. In my kamer wag 'n stomende bord kos. Ek verwonder my

terwyl ek weglê aan die heerlike gereg, hoe 'n groot hospitaal dit regkry om sulke smaaklike etes te bedien? Die kaaskoek is hemels!

Maar dan is dit weer terug in die kooi. My loodgieterswerke word gekoppel; my longe word berook om die goggas te verdryf; hulle karring in my oor om my koors te meet; iemand kom pomp weer 'n paar liter bloed uit my uit om te gaan toets; my bloeddruk word vir die vier-honderd-ses-en-sewentigste keer gemeet; tien verpleegsters kom vra (baie vriendelik en belangstellend) hoe dit gaan - op tien verskillende geleenthede! Ek wil slaap!

Die dokters kom een-vir-een inloer. Van een moet ek verneem dat ek kanker het, maar die goeie nuus is dat dit betyds opgespoor is - die prognose is baie goed vir 'n totale herstel na 'n klein, maar uiters ingewikkelde operasie waar radioaktiewe "saad" in my ingeplant word. Ek begin 'n prentjie vorm van myself as 'n lopende atoombom. "Sal ander mense veilig wees naby my?", wonder ek. 'n Tweede dokter sê dat my longe dit darem sal oorleef en dat ek ook nie malaria onder lede het nie. Die derde kom my egter meedeel dat my galblaas sal moet waai - en wanneer kan hy opereer?

Dit is met weemoed in my hart dat ek die hospitaalsaal uitstap. Hier het ek uitgevind wat ware omgee beteken. Vir hierdie toegewyde mense is dit baie meer as maar net 'n werk - dit is by hulle 'n passie om na pasiënte om te sien.

Ek sien amper uit na die operasie wat moet kom!

Maar dan onthou ek skielik van dáái têksie! Ek is nie 'n adrenalien-junkie wat versot is op vreesaanjaende doodsveragtende ritte wat jou hare laat regopstaan nie. Ek wil niks meer as net my galblaas verloor nie! Volgende keer bestel ek vir my 'n rolstoel wat ek sélf kan bestuur!

# 26

# Dis 'n Man Ding

Deur die blare word ek bewus van 'n drukking waar 'n man nie 'n drukking wil hê nie. Met een oog probeer ek fokus op die wekker - dis nog bitter vroeg - 'n tyd wat normale mense nog slaap. Maar dan voel ek weer die drukking, pynlik, dringend. As ek nie nou vinnig opstaan nie, gaan dit te laat wees!

Toe oë, om nie wakker te word nie, strompel ek badkamer toe. Die verligting is groot wanneer ek wydsbeen gaan staan en ek voel hoe die stroompie begin loop. Maar die

verligting is van korte duur, want dinge wil maar nie loop soos hulle móét loop nie. Moedeloos sug ek baie swaar. Ek voel verskriklik jammer vir myself.

Ripley, die kat kom ingesluip - hy soek water. Hy moet maar eers wag. Ripley kom sit daar waar ek hom uit die hoek van my een half-toe oog kan sien. Hy kyk my reguit in die benewelde oog. Ek maak of ek hom nie sien nie. "Mieeeu? Ek is hier!"

Ripley sal eers maar moet wag - ek is besig!

Harmansdrupstadig biggel die ou stroompie voort - eindeloos, asof daar 'n Vaaldam vol water in die opgaartenk sit. Ripley raak ongeduldig. Ek ook!

“Liefie, is jy orraait?” Mosbolletjie is bekommerd omdat ek so lank wegbly.

“Ja!” brom ek ongeduldig. Ripley stap op en af soos ‘n tier in ‘n dieretuin hok. “Waarom draai jy so lank?” grom hy vir my.

Uiteindelik droog die stroompie op en ek gee vir Ripley sy water.

“Net vandag nog gaan sien jy die dokter!” raas Mosbolletjie met my wanneer ek terugklim onder die lakens in.

“Aag man, dis nie so ernstig nie - dis maar net ‘n man-ding.....” probeer ek dit wegpraat, maar ek wéét sommer: die tyd het aangebreek vir dáárdie dag wat alle mans so verskriklik vrees.

~~~~~~~

Dis 'n grou oggend - nat en koud en winderig. My gemoed is nog gryser as die eendeweer daar buite. "Bel sommer nóú die dokter", dring Mosbolletjie aan, "vandat jy opgestaan het, het jy nou al driekeer gaan wydsbeen staan. En het nog nie eers ontbyt gehad nie! As jy nie bel nie, sal ék!"

"Nou bel jý dan dan maar!" Ek is soos 'n beer met 'n seer kop. Hoekom moet ek gestraf word met die dokter én dan moet ek boonop nog dubbeld gestraf word om te bel vir 'n afspraak? Moet ek dan nog vir die nursie óók verduidelik waarom ek die dokter wil
~~~~~~~

sien? Nee, dis darem te veel gevra van 'n man!

Net gister moes ek weer so 'n vernedering verduur by 'n winkelkompleks. Daar begin die nood mos druk en die enigste genade is toe maar die publieke kleedkamers want Mosbolletjie het nog lank nie klaar gekoop nie. Ek gaan staan by die verste krip en begin die pynlike proses. Ek skrik my asvaal as 'n man ingestap kom en by die krip langs myne stelling inneem. Onwillekeurig draai ek weg sodat hy nie my ou dun straaltjie kan sien nie. Langs my word die sluise oopgedraai en ek hoor hoe dit spuit. Ek word groen van jaloesie! Binne

sekondes is hy klaar en kry sy loop. 'n Tweede kêrel kom in. Wanneer hy sy staan kry, klink dit soos die Augrabies valle.

En steeds staan ek en biggel.

'n Derde man kom ingestap en as hy sy ding doen hier langs my, klink dit soos 'n brandweerman wat 'n vuur doodspuit met een van daardie dik brandslange.

Genadiglik is ek klaar enkele minute nadat hy uit is.

"Nege-uur by Dokter Dinges!" word ek uit my gedagtes teruggeruk deur Mosbolletjie.

~~~~~~~
~~~~~~~

“Goeie môre Oom Louis!” die nursie is vriendelik en borrelend soos altyd - groet my met ‘n laggende gesiggie, “Wat kan ons vandag vir jou doen?”

“Ek het ‘n afspraak met Dokter Dinges oor my pros##aa#” mompel ek die kwaal deur my snor, want mens praat mos nie eintlik oor sulke goete nie, veral nie wanneer dit so ‘n oulike ou nursie is nie. Sy beduie dat ek maar moet gaan sit, want Dokter Dinges is net besig met ‘n pasiënt.

Doelloos blaai ek deur ‘n tydskrif van twee jaar gelede. “Hierdie dokter moet nou nie vandag gaan staan en te diep grawe vir die probleem nie!” maal dit in my binneste. ‘n Jong man en sy

meisie/vrou kom sit op die bank oorkant my. Ek kyk hom so onderlangs deur: "Ja, jou beurt gaan ôk nog kom!" dink ek grimmig.

"Mister Nel...." Ek skrik wanneer ek my naam hoor. Dokter Dinges grynslag van oor tot oor, maar ek weet sommer dis maar net aansit. "What can I do for you today?" wil hy weet, terwyl hy deur my dik pak rekords blaai.

Ek begin omslagtig vir hom verduidelik van my dun stroompie en van die drie manne en hoe gering ek gevoel het tussen daardie enorme waterwerke.

Hy trek sy rubberhandskoene aan en my oë rek soos pierings. Ek was al 'n slag of wat deur hierdie prosedure toe

hulle destyds my prostaatkanker gediagnoseer het. Sonder 'n woord trek ek my broek uit en gaan lê sodat hy sy verfoeilike ondersoek kan doen. Ek knyp my oë styf toe en wag vir die ergste. Dis vernederend! Dis 'n verd$@&de verleentheid!

Uiteindelik het hy klaar gegrawe. Hy breek die nuus dat ek maar weer 'n slag vir die uroloog sal moet gaan kuier. Soos ek die ding verstaan, is die pype soort-van verstop en dit moet oopgeboor word. By voorbaat krimp ek al inmekaar van die pyn, as ek net daaraan dink.

Dis 'n Man-ding!

# 27

# Drama in die Nag

## 'n Spookstorie

Dit was 1966, dieselfde jaar wat Dr. Verwoerd in die parlement vermoor is.

Daardie jaar het vir my nie baie goed begin nie. Kort na nuwejaar klim ek op die trein na Potchefstroom saam met 'n klomp ander jong seuns van my ouderdom. Ons gaan "aamie" toe! Ek word ingedeel saam met die ander "kanondonkies" in 4 Veld Regiment - die Artillerie afdeling van die Weermag.

Ses weke het verby gegaan - ses weke wat ek liewer graag totaal wil vergeet. Ons het op die paradegrond gedril tot ons tonge uithang, inspeksie gestaan, gedril tot ons tonge uithang, waggestaan, gedril, hindernisbane deurgehyg en deurgehuil, gedril en nogmaals gedril.

Maar ses weke - hoe lank dit ookal mag voel, het ook uiteindelik 'n einde. Ons onmenslike, uitmergelende basiese opleiding is so byna iets van die verlede. In die barakke heers daar 'n gevoel van opgewondenheid. Nog net een laaste groot uitdaging voor ons uitgeplaas word na verskillende ander basisse toe: die veertig kilometer

roetemars! Daardie skrikwekkende marteling is die volgende oggend vieruur op ons spyskaart.

Almal het ons al bang gepraat oor hierdie wrede mars: "Hulle dryf jou totdat jy morsdood neerslaan!" het een ou vertel. Ek het 'n verskriklike knop op my maag - gaan ek dit ooit maak?

Maar daar is nie veel tyd om te sit en tob oor wat voorlê nie - nou is dit eers hard werk om alles gereed te kry. Dis geweer skoonmaak, stewels blink maak - blink soos in spieëlblink, en seker maak dat daar nie 'n enkele dingetjie kort in die toerusting nie. My rugsak

word oor en oor nagagaan dat alles daar is.

Skielik vlieg almal op aandag as die Bombardier (dis nou die artillerie se variasie van 'n korporaal) in die deur verskyn. "Die troepie wat more uitsak, maak ek met my eie twee hande vrek!" dreig hy, "Julle bring my nie in die skande nie! Is julle goed reg? Is julle gewere skoon?"

"Ja Bombardier!" bulder die koor.

Soos 'n dooie val ek op die vloer neer langs my bed, nie lank daarna nie en slaap die slaap van 'n dooie. Ja, lángs die bed, want die bed is stokstyf gestryk, gereed vir die volgende oggend se inspeksie. Daar gaan nie

môre nog tyd wees om vir inspeksie reg te maak nie.

Heeltemal te kort, die nag. Met 'n groot lawaai bulder die Bombardier die kamer in en verskree almal. Oorhaastig vlieg ons van ons slaapplekke op. Tien minute later is almal aangetrek en gereed vir inspeksie. Die nag is nog pikdonker wanneer ons drafstap na die paradegrond. Vir oulaas maak ek seker dat ek alles het: rugsak gelaai met alles wat nodig én onnodig is. Die bande sny pynlik in my maer skouertjies in. My militere stewels skitter in die lamplig - ure se spoeg en politoer om hulle so te kry! Op my kop pryk my staal helm en ek voel al klaar

die spanning in my nek om die swaar gedoente bo te hou. Oor my reeds oorlaaide skouer hang my geweer - 'n FN. Dis 'n Franse geweer, die voorloper van die R1 en die trots van die weermag. Hy is swaar en ek wonder hoe ek 'n volle veertig kilometer met hom gaan uithou. Die belangrikste stukkie toerusting is egter my waterbottel - hy hang aan my swaar seilgordel waar ek hom maklik kan bykom.

Op die paradegrond word daar eers weer inspeksie gehou om seker te maak dat elkeen van die troepies al hulle toerusting het en dat die rugsakke swaar genoeg gelaai is. 'n Man

mag nie sonder 'n behoorlike vrag loop nie! Dan word ons in Bedford trokke ingeboender.

"Ek dog ons gaan loop?" wil een onnosel troepie weet. Hy word baie vinnig ge-"sjarrap". In goed-gekruide taal word hy verduidelik dat die trokke ons veertig kilometer van die basis af gaan afgooi. Dan moet ons sorg dat ons terugkom by die kamp, en nie maar net op ons eie tyd nie - in die weermag se tyd!

'n Uur of twee later breek die oomblik van waarheid aan. Ons is iewers in die gramadoelas - op die verlate platteland. Die son steek witwarm sy kop oor die horison. "Vandag gaan ons

nog dood braai!" merk iemand op. Maar daar is nie nog tyd om oor die son te bekommer nie - ons moet inval en begin stap want die pad in lank en swaar.

Die eerste vyf kilometers gaan nie te sleg nie. Maar dan begin die swaar rugsak sy bandjies in my skouers invreet. Die geweer voel soos 'n soliede stuk lood en my stewels skaaf my bloedblase. Ek loop in die heel agterste ry en ek sien hoedat die streep manne voor my al langer en langer uitrek. "Teen die tyd dat ons halfpad is", skerts die kêrel langs my, "gaan die voorste klomp al in die kamp wees!"

"Ja, en al 'n stort gekry het"

“Toe, toe! Roer julle g@$$e daar agter!” blaf die Bombardier en ons kry sommer weer nuwe woema.

En dan gebeur die ongeluk: ek kyk nie waar ek loop nie, en dan trap ek in ‘n gat. ‘n Pyn skiet deur my enkel en ek weet sommer dat hier gróót moeilikheid is! Maar daar is nie tyd om my nog oor ‘n verstuite enkel te staan en verknies nie - die lewe gaan voort! Ek kners op my tande en strompel voort - ek mag nie nou uitsak nie!

Kruppel-kruppel hinke-pink ek voort. Later voel ek nie meer die pyn so erg nie. En dan breek middagete genadiglik aan. In die moordende son val ons neer op die stowwerige grond en eet

dankbaar ons hondebeskuitjies en boeliebief. 'n Slukkie water spoel darem die verstikkende beskuitjie af. Ek het skaars my stewel uit om die enkel 'n bietjie te masseer, toe word ons alweer verskree om verder te stap.

Die rukkie se stilsit was vir my nie 'n goeie idee nie, want wanneer ek opstaan skiet die pyn ongenadiglik deur my enkel. Maar ek durf niks sê nie, want hierdie Bombardier se humeur is iets allerverskrikliks. Almal is banger vir hom as vir die duiwel se slypsteen! Ek kners op my tande en val in.

“Wat’s fout Rofie?” wil een van die ouens weet. Ek beduie na my enkel.

“O vrek!” hy kyk my grootoog aan, “Jy is dood!”

Ek strompel voort, maar die pyn raak al hoe meer ondraaglik, totdat ek dit nie meer kan uithou nie. Ongemerk verdwyn ek uit die geledere en kruip weg agter ‘n bossie totdat ek sien hoe die klomp om die draai verdwyn. Teen hierdie tyd is die spul in elkgeval te moeg om nog aandag te gee aan my verdwyning. Ek weet nie mooi wat om te maak nie. Dalk moet ek maar my enkel masseer en hoop hy voel gou beter. Ek kan mos maar die klomp van agter af inhaal.

Die bossie het nou nie juis veel van 'n skaduwee nie en die son skroei met al sy mag op my neer. Desperaat vryf ek my seer enkel - ek mag nie te lank hier vertoef nie! Stadig sterf die geluid van knarsende stewels op die klipperige paadjie weg. En dan is dit stil, onheilspellend stil - net die skril geskree van 'n sonbesie. Ek vryf al heftiger, want ek moet verder! Skielik hou die sonbesie ook op skree en 'n oorverdowende stilte sak oor my toe. Ek voel bang - 'n onverklaarbare vrees omklem my hart.

Ek spring op - ek durf nie langer hier sit nie. Ek krul van die pyn as ek op my voet trap, maar ek byt vas en begin

stadig kruppel-kruppel aanstap agter die ander aan. Dit neem 'n tyd voordat ek weer behoorlik kan loop. Nou is ek haastig, want ek weet sommer dat daar baie groot moeilikheid gaan wees as ek ná die ander eers by die kamp aankom. "Ek wonder hoe ver dit nog is?" maal dit deur my gemoed.

Daar is *géén* teken van die ander klomp nie en ek loop al vinniger en vinniger om by hulle uit te kom.

Dan sak my hart in my skoene: voor vurk die pad. Watter een is die regte pad? Nêrens is daar 'n predikant wat sê "Potchefstroom Militêre Basis" nie, en ek kan nie uitmaak watter een van die twee die ander klomp geneem het

nie. Ek moet 'n besluit neem! Ek vat die regterkantste pad. Dit begin laat word, die son sak. Ek voel lus om my geweer weg te gooi - die ding voel soos 'n 25 ponder kanon wat my skouer uit sy sok skeur.

Skielik skuif 'n skadu oor my. Ek kyk op. Dankbaar sien ek die swaar wolk wat voor die son se onverbiddelike strale ingly. Ek druk aan - ek moet net eenvoudig baie dringend die ander inhaal! Nóg wolke begin die lug vul. Ek hoor 'n veraf rammeling - donderweer! Ek stap met alle mening - my voet maak my dood, maar nou maak dit nie meer saak nie. Ek moet vinniger!

Pikswart wolke toring onheilspellend op in die lug en die donderslae kom al nader en nader. Ek is nie bang vir swaar weer nie, maar híérdie weer omklem my hart met vrees - hier is iets baie boos in die lug - iets wat ek nie kan verklaar nie. Nou begin die blitse rondom my slaan met oorverdowende knalle. Dit raak pikdonker. Nerens is daar skuilplek nie. Ek is die enigste mens op hierdie verlate wildernis. Swaar druppels plof in die stof neer. Yskoud tref 'n enkel druppel my. Die weerlig slaan 'n doringboompie raak nie ver van my af nie. Dit ontplof aan vlarde. Die slag laat my ore sing van pyn. Die reuk van kruit vul my neusgate.

Dan maak die sluise van die hemel oop, en in emmersvol stort die yskoue reënwater oor my. Ek moet nóú skuiling kry!

En dan sien ek dit - ‘n liggie iewers in die pikdonker nag. Die stortvloed van bo versper my uitsig, maar ek hardloop dankbaar in die rigting van die lig. Ek kan nie sien waar ek hardloop nie, en my voet haak aan ‘n stomp vas - nogal die seer voet! Ek val dat ek so hik op die deurdrenkte klipperige grond. Vies spring ek op en hardloop verder, my oog gerig op die warm gloed van die liggie. "‘n Huis!" juig dit in my, as die gestalte van die gehuggie voor my opdoem.

Ek klop hard en dringend. Dan maak 'n jong vrou die deur oop. Ek is dankbaar as sy my haastig binne nooi.

"Kyk net hoe lyk jy!" Ek is deurdrenk en besmeer met modder. Sy gaan vroetel op 'n rak en draai om met 'n broek en hemp. Met 'n verslonsde handdoek probeer ek myself so droog as moontlik kry, en dan bekyk ek die klere - dit is maklik ses nommers te groot, maar ek is dankbaar om iets te kry wat droog is. Sy draai haar rug op my en oorhaastig raak ek van my nat uniform ontslae en trek die droë klere aan. Ek moet klou dat die broek nie afval nie!

"Kom sit" nooi sy my, nadat ek my sopnat stewels voor die koolstofie gesit het om droog te word, "jy lyk doodmoeg." Dankbaar gaan sit ek by die lendelam eetkamertafel. Die stoel kraak onheilspellend onder my sitvlak, en ek is te bang om te beweeg, uit vrees dat die stoel onder my gaan disintegreer.

"Koffie?" Wat 'n onnodige vraag!

My oog dwaal deur die vertrek. In een hoek staan 'n ysterkatel. Langs die bed merk ek 'n gehawende ou geweer wat lyk asof hy uit die Boere-oorlog kom - hy staan teen die muur. "Dit moet seker een van daardie beroemde Martini Henri gewere wees," glimlag

ek. Dan is daar nog die koolstofie en die tafel en twee eetkammerstoele - verder is daar geen ander meubels in die vertrek nie. Daar is ook geen ander deure wat uit die vertrek lei buiten die een waardeur ek netnou ingespoel het nie. "Hierdie is 'n eenvertrekhuisie!" kom ek geskok tot die slotsom.

"Jammer, Blommetjie het opgedroog." Sy beduie na die beker swart koffie - daar is nie melk nie.

"Dis reg so Tannie, baie dankie." Sy gaan sit regoor my, en in die flikkerende kerslig merk ek die hartseer en swaarkry op haar maer gesig. Ek wonder oor haar man - waar sou hy wees? Waarom is sy hier

stoksielalleen in hierdie verlate plek? Ek waarom kyk sy kort-kort so angstig na die deur, so asof sy verwag dat daar enige oomblik iemand gaan instap - iemand wat haar iets gaan aandoen?

Die woorde vorm in my mond om uit te vra oor die dinge, maar dan skrik ek my yskoud as ek vir die eerste keer haar leë oë opmerk, diep in haar hol oogkaste ingesink. Daar is 'n doodsheid in hulle - iets wat ek gladnie kan verklaar nie. Die vraag verstar op my lippe. Sy sien die skok op my gesig, en dan draai sy vinnig haar kop weg. "Ons moet gaan slaap" sê sy met 'n bewende stem, "dit word laat."

Sy staan op en gaan vroetel weer op die rak, en dan kom sy te voorskyn met 'n verslete ou kombers. "Gooi dit maar voor die stoof - daar sal dit vannag warm wees."

Skaars is ek onder die kombers ingekruip, of sy blaas die kers dood. Ek luister hoe sy werskaf om onder die dekmantel van die donker te verklee en in die bed te kom.

In my verbeelding probeer ek 'n beeld vorm van hoe sy moet lyk sonder haar klere. Die beeld van 'n geraamte doem op. Mooi gesiggie, maar sy is vrek maer. En sy is heeltemaal te oud om vir my aantreklik te wees - diep in haar dertigs. Vir 'n sewentienjarige is dit

stokoud! Ek probeer die gedagte uit my kop skud.

Die vloer is hard en koud onder my blaaie, maar gelukkig het ek die afgelope paar weke al gewoond geraak om op die vloer te slaap. Met my nat rugsak onder my kop as kussing, lê en maal ek die vrae deur my kop. Dit maak net nie sin nie. En haar oë - 'n yskoue rilling gaan langs my ruggraat af as ek die dooie oë weer voor my sien.

Die reën het intussen ietwat bedaar, en ek hoor nog net die veraf rammeling van die donderweer. Iewers drup-drup dit in die armoedige huisie, waar daar 'n lekplek in die dak is. Buite skree 'n kriek eentonig .

Skielik skrik ek helder wakker - my hart bons in my keel. Iets het my wakker gemaak, maar ek weet nie wat nie. Dan hoor ek dit: "Knars, knars, knars" - saggies, maar duidelik - iemand wat stadig, doelgerig in die gruispaadjie aangestap kom. Skielik is die kriek tjoepstil. Al harder en harder raak die knarsgeluide. Hy is reguit op pad hierheen. "Knars, knars, knars" tot by die voordeur.

Dan raak dit stil.

My hart klop met harde doefgeluide in my keel. Ek probeer hoor wat aangaan, maar my hart lawaai so in my borskas dat ek niks kan uitmaak nie. My nekspiere is gespanne soos 'n

klaviersnaar. “Die handvatsel!” skree dit in my, “Iemand draai die deurhandvatsel!”

“Skwieeeek!” kraak die droë deurskarnier. Ek rek my oë wyd oop om te probeer sien. Die nag buite is pik-giet-nag-donker, maar daar is tog ‘n effense ligskynsel wanneer die deur pynlik stadig oopskarnier. In die deuropening verbeel ek my ek sien die wasige skaduwee van iemand.

‘n Ysige walm tref my in die gesig. Die deur “skwieeeek” weer pynlik stadig toe. “Kraak, kraak” sluip voetstappe die armoedige vertrek binne. Ek hou my asem op. Ek wens my hart wil sagter klop - hy kan dit sékerlik hoor!

Die voetstappe sluip treetjie-vir-treetjie na die bed in die hoek. "Pasop!" wil ek vir die maer vroutjie skree, maar ek kry geen geluid uit my mond nie. Dit voel asof iemand my keel toedruk.

"Hy was al weer hier!" Skor fluister 'n stem uit die donker, "Hy was alweer hier!" - nou harder en driftiger.

Ek hoor hoe die vrou snak na haar asem. 'n Harde klapgeluid, en dan gil sy beangs. Nog 'n sieklike hou volg. Sy soebat: "Asseblief Kornelius, dit is nie waar nie!"

"Jy lieg dit! Jy lieg altyd vir my!"

"Asseblief! Stop! Hou op!" wil ek skree, maar nie 'n enkele geluidjie verlaat my

kurkdroë mond nie. Ek voel so magteloos. As ek maar net kon sien wat aan die gang is......

“Kornelius, asseblief Kornelius.....” haar onbedaarlike smeeksnikke vul die vertrek - weergalm in my ore.

Ek hoor ‘n harde voorwerp teen die ysterkatel klap. ‘n worsteling volg. Ek wil opspring om haar te gaan help, maar dit voel asof iets my vasdruk. Ek probeer wanhopig loskom, maar hoe harder ek probeer, hoe vaster word ek teen die koue vloer vasgepen.

Die man swets. Die katel word woes rondgeruk. Sy smeek.

‘n Oorverdowende slag laat my ore suis. Dit weergalm ‘n duisend maal deur

die vertrek. My hart wil by my keel uitspring. Ek voel so magteloos!

'n Sieklike plof. Dit skud die vertrek - 'n swaar liggaam wat hard val.

'n Harde voorwerp val kletterend op die vloer.

'n Sagte snik.

Dan gaan sy onbedaarlik, histeries aan die huil. Sy snik aanmekaar: "Nee, nee, nee! Kornelius, ek is so jammer, ek wou nie......"

Ek wil opspring en haar gaan vashou, vasdruk teen my en haar troos. O hoe verskriklik! Maar steeds kan ek nie roer nie. O, hoe magteloos voel ek.

Dan hoor ek die onmiskenbare metaalgeluid - 'n geweer se slot wat oopgemaak word. Ek hoor hoe die leë patroondoppie uitskiet en op die vloer val. Met angs wat sieklik uit my maag in my keel opborrel, hoor ek hoe 'n vars patroon in die geweer se loop ingestoot word wanneer die slot toeklik.

"Vergewe my....." snik sy.

'n Oorverdowende slag weergalm vir 'n tweede keer dieselfde nag deur die vertrek.

Die geweer kletter op die vloer neer.

Ek voel hoedat die bloed my kop verlaat.

En dan is alles swart voor my.

Vaagweg raak ek bewus van stemme. “Daar is die bl*#$&@ wat ge-awol het!” skree iemand baie hard in my ore. ‘n Stewel tref my pynlik in die ribbes. Ek spring op, maar slaan dan weer neer soos ‘n os. ‘n Ondraaglike pyn skiet deur my enkel.

“Wag, laat ons eers sy storie hoor!” Ek herken die stem van ons sersant.

“Rofie, wat de &@#%$& maak jy hier? En waar’s jou &^%$% klere?”

Die helder sonlig verblind my, maar nie soveel dat ek nie my naaktheid raaksien nie. Al wat ek aan my lyf het is my onderbroek, nogal een van die

berugte "Santa Marias!" En my enkel is so dik soos 'n sokkerbal.

Stadig kom die gebeure van die nag weer terug na my toe. Verdwaas kyk ek om my rond. "Waar's hulle?"

"Waar's wie?" Die sersant is duidelik geamuseerd.

"Waar's die huis? Ek was netnou nog in haar huis gewees....."

Die manne skater van die lag - hierdie vent het baie duidelik sy albasters verloor, én al sy varkies ook!

Ek spring op en beduie na waar die bed netnou nog gestaan het. Maar al wat daar is, is 'n paar verweerde bakstene, toegegroei onder kakiebos. Die vae

buitelyne van 'n eenvertrekhuisie word duidelik tussen die bossies.

"Kom, trek aan dat ons kan koers kry!" blaf die sersant.

Pynlik trek ek my modderbesmeerde uniform aan. As ek hom optel, lê daar 'n stukkie van 'n ou Dover koolstofie se oonddeur onder my broek.

"Sersant, kyk hierdie snaakse patroondop! Ek het nog nooit so 'n een gesien nie." Een van die manne hou 'n aangeslane koperdop uit na die sersant.

"Ja, ek herken dit - dis 'n Martini Henry koeël se dop, onmiskenbaar. Ek wonder waar kom dit vandaan?"

“Ek weet waar dit vandaan kom, Sersant.......” Skielik maak alles sin.

# 28

# Tant' Ann vat 'n Man



Oopmond sit ek haar en dophou - Oupa se sussie, Tant Ann. Sy het vir ons kom kuier op ons plaas by Waterval Boven, en sy kom ál die pad van Rhodesië af. Ek hang aan die gryse ou tannie, (wat terloops nog sommer baie hups is vir haar ouderdom,) se lippe as sy die storie vertel van hoe sy vir Oom Bill gekry het.

"Ons het op Machadodorp ontmoet", vertel sy, "hy was 'n baie aantreklike man en ek was sommer dadelik smoorverlief op hom. Die enigste probleem was, dat hy 'n landmeter was, en hy het in Zoeloeland gewerk - hy het plase opgemeet diep in die gramadoelas. Ons het mekaar skaars

leer ken, toe is hy weer terug Zoeloeland toe, en vir die volgende paar jaar het ek hom nooit weer gesien nie. Die enigste manier waarop ons kon gesels was deur briewe te skryf."

Tant Ann bly vir 'n rukkie stil - 'n baie seldsame ding, want sy het altyd aanmekaar gebabbel. Haar gedagtes dwaal ver, baie ver terug en 'n glimlaggie speel om die geplooide mondhoeke as sy die soete herinneringe van haar jongmeisiedae oproep. Sy was maar altyd 'n bietjie van 'n rabbedoe, een met 'n lekker stoute sin vir humor. Soos die slag toe daar Nagmaal gehou is op Machadodorp. Die ou dorpie was maar

baie klein, maar met Nagmaal het boere van heinde en verre gekom en dan sommer tent opgeslaan rondom die kerk. Daar is gekatkiseer en getrou en kerk gehou en nóg kerkgehou - 'n voorbereidingsdiens en 'n nabetragtingsdiens en 'n dankdiens, en dan was daar natuurlik nog die éintlike Nagmaalsdiens óók. Vir die kinders was al hierdie baie kerkhou darem net een te veel en hulle is toegelaat om maar hulle eie ding te doen, solank hulle nie die grootmense pla nie, want vir die volgende paar maande sal hulle (dis nou die grootmense) gladnie weer die geleentheid kry om by 'n kerk uit te kom nie.

Nou-ja, dis juis hierdie eie-ding-doenery wat soms gróót moeilikheid veroorsaak het. Ann was natuurlik gereeld die voorbok, soos die keer toe die kinders 'n spieël in die hande gekry het. "Dink jy die spieël kan die son dwarsdeur 'n kerkvenster flits?", wonder een van die kinders, nadat hulle al ligkolle teen alles om hulle geblits het.

"Natuurlik!" sê Ann.

"Aag, ek weet nie so mooi nie", twyfel Ella.

"Die Bothatjies weet ôk niks in die lewe nie", dink Ann vies: "Gee hier!", en Ann gryp die spieël, "Ek sal julle wys!".

Sy korrel mooi ..... en blits vir Dominee

netjies in die oë, daar waar hy op die kansel staan. “Oeps!”, snak Ann na haar asem - dis nie hééltemal wat sy beplan het nie! Kinders spaander verskrik in alle rigtings as die kerkdeur oopvlieg en ‘n woedende koster met bloedrooi gesig en gebalde vuis uitgestorm kom.

Daardie aand is Ann se boudjies bloedrooi geslaan - Pa was maar ‘n befoeterde ou Skot en as sy glasoog jou eers so skeef-skeef, gevoelloos-koud aangekyk het, dan weet jy al sommer: hier’s gróót moeilikheid!

Ja, Pa het daardie glasoog van hom totaal misbruik! Hy was ‘n ploegbaas op die spoorweë - dis nou die ou wat moes toesien dat die spanne arbeiders op

die spoorlyn hulle werk doen. Wanneer hy 'n draai moes loop, het Pa sy glasoog uitgehaal terwyl sy werkers hom met vrees en bewing dophou en dan het hy die grillerige ding met 'n dramatiese gebaar op 'n paal neergesit waar die oog almal kon "sien". Dan kon hy maar loop waar hy wou loop - die werk word met oorgawe gedoen!

Maar die nagmaal - wie was dit nou weer? Aag dit was die een of ander niggie wat in die tent lê en slaap het, en sy het gesnork - helder oordag! Dit was natúúrlik weer Ann wat suutjies die tent ingesluip het terwyl haar maters hulle nekke breek om deur die tentopening te kon sien wat sy

aanvang. Sy het 'n kers opgesteek en bokant die slapende meisie gehou. Haar hele lyf het geruk soos sy geluidloos lag toe die eerste druppels kersvet in daardie oopgesperde mond drup waaruit die onaardse geluide te voorskyn kom.

En toe was die duiwel natuurlik alweer los!

"Tant' Ann....?", sy word teruggeruk na die werklikheid as 'n vraende stemmetjie haar aanpor om tóg die storie van haar troue te vertel.

Bill.... Bill Landman.... wat 'n aantreklike man was hy nie! Dit was op Machadodorp waar hulle ontmoet het. Hy het by familie kom kuier en toe sy

hom sien, toe wéét sy - hierdie is haar trouman! Hy het op 'n brullende motorfiets gery - ene met 'n "saaidkaar", en sy kon in hierdie "wiegie" wat langs die motorfiets hang en op een wieletjie balanseer, saamry as hy die stof en klippe van Machadodorp se stowwerige grondpaadjies met 'n oorverdowende lawaai laat spat. Die romanse was stomend, maar dit was van bitter korte duur, want skaars 'n week later moes hy weer terug na Zoeloeland. Bill was 'n landmeter en hy moes plase opmeet in die ongetemde woude van St. Lucia. Die afskeid was bitter swaar, maar Bill het belowe dat hy sou skryf. Sy het hom lank agterna gekyk

terwyl sy brullende ysterperd oor die horison verdwyn het in die rigting van Ermelo - die stofwolk het lank in die lug bly hang. Ann het op 'n wolk gesweef - haar kop propvol muisneste.

Skaars was Bill op die pad, toe begin Ann haar eerste brief skryf: "My liefste, liefste Bill......."

Die briefwisseling het lank aangehou, en met elke brief raak die verlange groter en groter, totdat Ann dit na twee jaar net eenvoudig nie meer kan hou nie. "Kom ons trou!", skryf sy vir hom, en die brief word gepos na Matubatuba. Eenmaal 'n week ry hy daarheen om sy pos te kry - hy werk in die St Lucia omgewing, diep in die

bosse. Bill laat nie op hom wag nie, en as hy die brief lees en Ann se hartstog daarin sien, antwoord hy sommer dadelik, nog voordat hy terug ry die wildernis in: "Ja, duisendmaal ja! Ons trou oor 'n maand!" en gooi die brief in die pos.

Ann was in ekstase toe die brief haar uiteindelik bereik. "Sarah, ek gaan trou!", babbel sy uit haar vel uit van opgewondenheid, "Sarah, my sussie, Bill het Ja gesê, en ons gaan trou - sommer oor 'n maand al!"

Sarah is eers baie skepties: "Maar jy ken die man dan skaars - hy was maar net 'n week lank hier gewees - dink jy dat jy die regte ding doen jong?" Maar

Ann laat haar nie afsit nie. En nou begin die groot regmaak. 'n Maand ...... 'n MAAND! Dis ál! Daar is soveel om te doen!

"Sarah, my ou sussie, sal jy my help .... asseblieftog?" soebat sy. "En ek wil nie alleen gaan nie - sal jy saam met my ry Durban toe?"

"Ek dog jy wil gaan trou, en nou wil jy Durban toe neuk - hoe verstaan ek jou dan nou?" Sarah is sommer op die plek vererg.

"Maar het ek jou dan nie gesê nie? Ek en Bill gaan in Durban trou!"

"O, hoe romanties..... Ann Parsons, jy is stapelgek! Maar nouja, so ken ek jou mos al jou hele lewe lank!"

'n Paar weke later klim die blosende bruidjie en haar suster op die trein op Machadodorp se stasie. Almal is daar om hulle af te sien en vir oulaas raad te gee en te sê dat hulle tóg maar versigtig moet wees. Ann bewe van opgewondenheid. Hulle tasse word deur die venster aangegee en Sarah moet op die groen leerbank klouter om hulle op die rak te kry. "Prrrt!" blaas die kondukteur uiteindelik dáár agter van die kondukteurswa af op sy fluitjie, en met 'n blikkerige stem skree hy: "All aboard!". 'n Spierwit pluim stoom pyl die lug in as die drywer die fluit se tou trek. Rookpaddastoele borrel die koue hoëveldlug in terwyl die kragtige

lokomotief sis en wit bolle stoom by die silinders uitblaas, en dan stadig en statig gly-gly al krakende en kreunende op die gladde spoor in beweging kom. Die swetende stoker gooi grawevol steenkole in die vurige keelgat van die lokomotief in terwyl die drywer halflyf by die "venster" uithang om mooi te kan sien verby die kolos se lang, blink-swart stoomketel.

Stadig kronkel die reuse duisendpoot om die draai, die ysige Hoëveld se grasvelde in. Carolina is die eerste stasie waar daar aangedoen word. Maar voor Carolina in sig is, word daar 'n honderd keer gestop by elke klein sylyn - dikwels net om 'n paar

roomkanne op te laai. Die “Melktrein”, is hierdie trein gedoop omdat hy letterlik vir elke emmer melk langs die pad stop. Dit voel soos ‘n ewigheid voor Carolina ingestoom word. En dan kom Breyten en uiteindelik Ermelo, met ‘n duisend en een klein stasietjies tussenin. ‘n Volle dag later kom die trein eers in Piet Retief aan, waar hy vir ‘n halwe dag oorstaan om eers ‘n aansluiting te kry met ‘n trein van Pretoria af.

Die ure op vervelige ou Piet Retief sleep harmansdrup-stadig verby. “Wanneer ry ons dan?!”.

“Sarah, jy weet, ek en jy het darem al saam ‘n sak sout opgevreet!”

“Nou wat laat jou dit sê, ou Sussie?”

“Onthou jy nog die gemors met die hoenderderms?”

Die twee meisies begin onbedaarlik te giggel. Ja, dit was omtrént ‘n gemors! Daar is hoender geslag, en die twee besluit dat hulle iemand ‘n poets gaan bak. Die kop, pote, vere en derms sit hulle in ‘n skoendoos, en hulle draai dit netjies toe in bruinpapier. Daar kom ‘n strikkie om, net vir die mooigeit, en hulle loop ‘n entjie straataf, waar hulle die pakkie op die sypaadjie neersit op ‘n baie strategiese plek.

Ek toe kruip hulle weg, om te sien wie die pakkie gaan kry. Die ou tannie wat dit gaan optel se gesig, wanneer sy die

pakkie oopmaak - hulle bars sommer uit van die lag by die blote gedagte daaraan. En hulle wag.

En toe gebeur die ding wat hulle nooit op gereken het nie: Dominee kom die straat afgestap - statig, soos dit hom betaam. “Ann, ons is in die moeilikheid!” wil Sarah nog sê, maar dis klaar te laat. Dominee stop by die pakkie, kyk links en regs om te sien of niemand hom raaksien nie, en toe tel hy die pakkie op, sit dit onder sy arm, en loop pastorie toe.

“Sê nou hy vind uit dis ons?” hyg Sarah. Maar g'n haar het ooit daarna gekraai nie. Dominee kon mos nou nie gaan staan en afkondig dat iemand vir

hom 'n pakkie hoenderderms gelos het om op te tel nie.

"O, ek wens so ek kon daardie dominee se gesig sien toe hy die pakkie oopmaak!" lag Ann.

Skielik ruk die trein as 'n lokomotief hardhandig teen die stilstaande waens stamp. "Ons beweeg! Uiteindelik!" Maar hulle blydskap is van korte duur - die waens word gerangeer, eers diékant toe, dan dááikant toe. En dan staan dit weer. Sielsdodend!

En dan, uiteindelik fluit die lokomotief 'n lang, uitgerekte fluit en al rukkende kom die trein in beweging. "Durban, hier kom ons!"

Maar helaas: Ann se blydskap is van

korte duur. Slegs 'n paar ure later, as hulle op Ladysmith se stasie staan, moet hulle verneem dat daar 'n ou probleempie is. "Die Kliprivier is oorstroom!", word hulle ingelig. Die rivier vloei so sterk dat die treinbrug in gevaar staan om weg te spoel. Maar kyk, as daar nou 'n nasie is wat kén van improviseer, dan is dit Spoorwegmanne. Die plaaslike ingenieur werk uit dat as daar nou 'n groot gewig op die staalbrug staan, dan sal dit keer dat die geweld van die water hom meesleur. Vinnig-vinnig word 'n klompie swaargelaaide steenkooltrokke opgekommandeer en versigtig tot op die brug gestoot. "Gaan hy dit maak?", wonder almal,

terwyl hulle met ingehoue asems toekyk hoedat die trokke op slakkepas oor die bewende brug beweeg. Wanneer die eerste trok die oorkantste oewer bereik, gaan daar 'n groot sug op - 'n sug van verligting.

Vir twee volle dae staan die trein op die brug geparkeer terwyl die woedende kliprivier teen die pilare van die brug hamer met al sy geweld. En as hy sien dat hy dit nie kan omstoot nie, verskuif hy sy woede na die dorp. Groot dele van Ladysmith is onder water.

Ann is in trane: "Sarah, dink jy Bill gaan nog vir my wag? Dalk dink hy ek het koue voete gekry!"

“Toemaar ou Sus, alles sal regkom - jy sal sien....... En jy sal hierdie lang wag ook oorleef: as jy ‘n koeël uit ‘n jaggeweer kan oorleef, dan sal jy hierdie ou obstiekeltjie oorleef.”

Ja, Ann was maar ‘n wilde entjie mens, en toe die manne eendag besluit om te gaan jag in die Laeveld, wou sy opsluit saam. Sy was maar ‘n jong meisie, en die wêreld was woes en wild, nie lank na die Boere Oorlog nie. Uiteindelik het sy haar sin gekry en sy is saam op die ossewa waarmee hulle die jagveld in is. Vanaf Machadodorp was dit dae en dae se ry om in die Laeveld te kom. En sy sleep suster Sarah saam! Opwinding het gebruis in die are van

die jong Ann en uiteindelik het hulle kamp opgeslaan in die wildernis.

Een aand sit hulle langs die kampvuur na 'n harde dag se jag. Een van die manne tel sy geweer op om dit skoon te maak, gereed vir die volgende dag se jag. Maar toe doen hy die ding waarteen alle jagters gewaarsku word: hy maak nie seker dat die geweer veilig is nie. Die volgende oomblik gaan daar 'n skoot af. Die loodkoeël tref 'n stuk yster, ontplof en skram weg en Ann word getref in die bobeen deur hierdie stuk warrelende lood.

Skielik is alles in rep en roer. Ann se been bloei verskriklik - die koeël het feitlik al die vleis van haar bobeen

weggeblaas en hier sit hulle dae weg van enige beskawing. Die vroumense probeer die gapende wond so goed moontlik verbind, maar dit lyk maar baie sleg: sy het professionele hulp dringend nodig. Die manne sit koppe bymekaar: "Ons moet haar by die hospitaal kry", stem almal saam, "as ons net eers by die spoorlyn kan uitkom, dan kan ons haar met 'n trein tot by die hospitaal kry."

Ann word op 'n ossewa gelaai en al stampende en swaaiende ploeg hulle deur die onherbergsame bosse met hulle gepynigde passassier wat enige oomblik die emmer kan skop. Vrees om te sterf en 'n verterende pyn dryf Ann

byna tot raserny. Maar dan doen sy die byna ondenkbare: “Sarah, my sussie, sing vir my asseblief! Sing vir my ‘Nader my God, by U’” En Sarah sing! As die lied klaar is, het Ann alweer lankal die volgende versoek gereed. Naderhand sing almal saam so deur die snikke en trane deur. “Dis darem ‘n treurige spul die!”, besluit Ann, en sy begin saam sing - maar vrolik en opgeruimd. Hoe harder die ander lot tjank, hoe vroliker sing Ann. Uiteindelik word dit duidelik: Dis nie Ann wat al die angs beleef nie, maar haar familie saam met haar. Selfs in haar prille jeug was sy nooit bang vir die dood nie.

Uiteindelik, na 'n reis wat soos 'n ewigheid gevoel het, kom hulle by die treinspoor aan. By die naaste sylyn word die boodskap gestuur van die nood waarin hulle verkeer, en 'n spesiale trein word vir Ann gereël. Dit was 'n groot sug van verligting wat almal slaak as die hospitaaltjie is sig kom. Maar dan kom die verpleegster se ontstellende woorde: "Jammer, hiér kan ons niks vir haar doen nie - ons hospitaaltjie is nie vir sulke wonde ingerig nie. Sy sal moet Barberton toe."

'n Tweede spesiale trein word vir Ann gereël. Al singende stoom hulle voort na die historiese myndorp. En Ann

oorleef die onluk - sy oorleef hom sommer báie goed!

Vir twee lang, uitgerekte, senutergende, sielsdodende, vervelige dae, tot oorlopens toe vol van onsekerheid staan die trein op Ladysmith se deurdrenkte stasie en wag dat die vloedwater moet sak. En in die trein sit twee baie bedremmelde meisies in angs en verslaenheid die tyd en omwens. Dit is dus nie 'n verrassing as Ann 'n lang uitgerekte gil van opgewondenheid gee as die aankondiging kom dat die brug veilig is, en dat die trein gaan vertrek nie. "Bill, Bill, Bill, O Bill, Bill, Bill, jy is die liefling van my hart!" sing Ann, uit haar

vel uit van vreugde, en Sarah druk haar kop onder 'n kombers in, want almal gaap hulle aan. "Ann, sjarrap!" Maar Ann sing!

Dit was 'n lang, uitmergelende rit, maar uiteindelik stoom hulle Durban stasie binne. Vol verwagting lê Ann halflyf by die venster uit - Bill sal mos op die stasie vir haar wag! Die breë, opgewonde glimlag wat speels haar gesig versier, verdwyn stadig en maak plek vir 'n suur frons. "Hy het van my vergeet, Sarah, Bill is nie hier nie!"

"Onthou jy ooit nog hoe Bill lyk, ou Sussie - jy weet, jy het hom baie lanklaas gesien!"

"Aag, hy's lank en bruingebrand en

sterk en romanties.... Dis al's die simpel trein se skuld - as ons nie twee dae laat gekom het nie......"

Bill daag nie op nie.

Met bultende tasse hyg twee moedelose meisies die lang ent na die strandfront waar hulle hotelletjie is. Dis ver. Dis warm. Die tasse is loodswaar. Die humeure loop hoog!

Maar elke pad het sy einde, en die twee susters se pad stop voor die hotel se stoep, waar 'n portier hulle las oorneem en hulle na hulle kamer vergesel. "Home, sweet home", sing Ann, lankal alweer vergeet van hoe kwaad sy vir Bill is dat hy haar nie op die stasie kom haal het nie. Die ou

kamertjie is maar beknop, maar daar is darem nie weeluise nie! Haastig pak Ann uit. "Roer jou, Sarah, Bill gaan nou-nou hier wees en ek wil hom nie mis nie!"

Sarah word saamgesleep na die hotel se stoep, al het sy nog nie eers halfpad klaar uitgepak nie. Vol afwagting gaan sit hulle en staar die straat af. 'n aantreklike man kom aangestap. "Dis Bill daardie!" Ann wip op en af van opgewondenheid. "Nee man, Hy lyk nie so nie!" Die man stap verby sonder om te wys dat hy hulle hoegenaamd herken.

"Aag orraait Sarah, ek moet bieg dat ek gladnie meer kan onthou hoe hy lyk

nie!". Dis 'n droewige situasie. Strepe enkellopende, lang, bruingebrande, sterk, romantiese mans kom verbygestap, en oor elke derde een word bespiegel of hy nie dalk Bill kan wees nie. Maar nie een van hulle kyk eers in hulle rigting nie!

"Ann, ons is in Durban!"

"Ja, en...?"

"Durban het 'n see en 'n strand!"

"Wat is jou punt ou Sussie?"

"Hier sit ons 'n man en soek, en ons was nog nie eers op die strand nie! Komaan - kry lewe!"

Half onwillig word Ann saamgesleep strand toe, en weldra is hulle rokke

sopnat. Uitbundig hardloop hulle en geniet die wonder van die groot water - Bill vir die oomblik vergete. Dit is eers as die vol maan oor die see opkom, dat hulle terugstap hotel toe - doodmoeg en hulle hare vol sand. Daardie nag huil Ann haarself aan die slaap, terwyl Sarah moet troos. "Hy sal kom, my sussie, jy sal sien, hy sál kom!"

'n Nuwe dag bring nuwe verwagtings, en die twee susters sluk haastig hulle ontbyt af om op die stoep te kom, vanwaar hulle kyk na al die manne wat verbyloop. Een van hulle móét Bill Landman wees! En so sit hulle uur na uur. Maar Bill daag steeds nie op nie.

Die dag sleep traag verby. En so ook die dag daarna, en die volgende een, én die volgende een.

“Ann, ek wil nie jou borreltjie bars nie”, sy kan sien dat haar liewe sussie nou op moedverloor se vlakte sit, “Ann, dis nou al ‘n volle week wat ons hier sit. Bill sal nie meer kom nie en die tyd het gekom dat ek moet huistoe.”

Skielik spring Ann op: “Sarah, ek gaan hom soek!”

“Ann, jy’s mal! Waar dink jy gaan jy nou vir Bill loop uitkrap? Jy weet nie eers waar hy bly nie!”

Maar Ann het besluit: Vir Bill Landman gaan sy soek totdat sy hom kry! “Jy kan maar terug gaan huistoe Sarah -

Bill is by St. Lucia en ek gaan hom daar kry! Hy't gesê hy trou met my, en trou met my sál hy!"

En so hinkepink die twee meisies die volgende dag met hulle swaar vrag tasse terug stasie toe - Sarah op pad terug na Machadodorp, en Ann? Wel, waar die trein haar heen kan vat.

"'n Kaartjie na St. Lucia", verduidelik sy vir die man in die klein venstertjie. "Nee Juffie,  daar is nie 'n trein suintoe nie."

"Nou maar hoe kom ek dan daar Oom?", huil sy.

"Daar is 'n trein tot op Mtubatuba, maar daar is 'n klein probleempie", verduidelik hy, "die treinbrug oor die

Umfolozi het weggespoel, en nou kan die trein nie meer tot by Mtuba kom nie."

Ann is platgeslaan. Maar skielik gaan daar vir haar 'n lig op. "Dís hoekom Bill nie gekom het nie!", jubel sy, "Bill het nie vergeet nie - hy kon nie oor die rivier nie! Arme Bill! En al die tyd beskuldig ek hom dat hy van my vergeet het!"

Ann besluit: Buig of bars - sy gaan na Bill toe. Hoe meer die kaartjiesman vir haar probeer verduidelik dat g'n mens oor daardie rivier sal kom nie, hoe meer vasberade is sy dat sy 'n manier sal kry. Uit pure moedeloosheid verkoop hy aan haar 'n kaartjie tot by

Umfolozi, ‘n klein gehuggie net deuskant die rivier.

Die daglange rit vlieg verby, terwyl Ann vrolik sing. Waar die trein sy finale stop maak, klim sy af en sleep haar swaar tas in die rigting van die rivier. Wat sy daar aantref, slaan haar asem skoon weg: ‘n woedende, tierende massa modderbruin water beur ‘n breë baan deur die vlakte. Waar daar eenmaal ‘n treinbrug was, hang die spore soos twee slap riete oor die afgrond, skaars ‘n meter bo die kolkende verskrikking. Moedeloos gaan sit sy op haar tas. Rou snikke skeur deur haar liggaam. “Hoe gaan ek óóit daar anderkant kom?” kerm sy.

Moedverlore los sy haar tas net daar langs die rivier en begin loop. Waarheen? Aag, sommer net êrens heen - maak tog nie saak nie.

En dan sien sy dit: 'n Roeibootjie! Skrikwekkend naby die omgesukkelde rivier staan 'n klein huisie en voor die huisie die antwoord op al haar probleme - die roeibootjie. Sy hardloop nader en tref 'n ou omie aan waar hy staan en werskaf.

"Is dit Oom se bootjie?", wil sy opgewonde weet.

"Ja?", hy sien sommer hier kom gróót moeilikheid.

"Asseblief Oom, roei my na oorkant toe! Asseblief..."

“Jy’s seker mal, meisiekind!” Hy is sommer dadelik vererg. Hoe kan enigeen van hom verwag om deur daardie malende massa te roei. Dis moeilikheid soek! Dis jou dóód soek! “Nee! Nee! Nee!”, Al soebat sy ook hóé mooi - hy sal baie beslis nie kopgee nie!

En dan doen sy wat ‘n vrou die héél beste kan doen: Sy huil. Snot en trane! En sy vertel vir hom van Bill en hoe lief sy hom het en van die verskriklike rit Durban toe en die aaklige week toe Bill nie opdaag nie.

En die omie se hart vermurwe. “Ek gaan seker nog bitter spyt wees hieroor”, brom hy. “Toe, bring jou tas!”

Al huppelende hardloop Ann so vinnig

as wat haar Parsons beentjies haar kan dra. Sy gryp die tas en swaai hom soos 'n woer-woer rondom haar van pure uitgelatenheid. Trane van blydskap rol oor haar wange "Bill, my liefling, ek kom!"

Skaars is die bootjie van die wal af weg, of Ann voel met 'n wild-kloppende hart hoe die stroom hulle begin meesleur. "Hier ko' móéilikheid!", kerm die ou omie, en hy vat die spane vas en beur met elke greintjie krag in hom. Die bootjie skommel wild oor die modderbranders en Ann spat sopnat.

"Kan ek help....", wil sy nog vra, maar sy kry 'n kyk wat haar laat besluit om liewer net te bid.

“Ons gaan see toe!”, prewel die omie desperaat en Ann bid soos nog nooit tevore nie. Dit voel of hulle net nie wegkom van die wal af nie, maar die bootjie spoed met verbysterende vaart stroomaf.

“Die haaie gaan ons opvreet!”, skiet dit deur haar verstand. “Wat het my tog besiel....?”

As sy haar oë oopmaak, sien sy dat hulle al verby die middel van die stroom is. “Ons vorder goed, nê Oom?”, probeer sy hom moed inpraat, maar al antwoord wat sy kry is ‘n verontwaardigde snork.

Ann het ‘n konsentrasiekamp in die Boere-oorlog oorleef en sy het ‘n jag-

ongeluk oorleef, waar feitlik haar hele bobeen weggeskiet is - waarom sou sy dan nie 'n ou riviertjie in vloed oorleef nie? Sy en die baie bedremmelde, stokflou omie haal na 'n gespook om lewe en dood die oorkantste wal.

"Nooit, óóit solank ek lewe, laat ek my weer ompraat deur 'n meisikind nie!" prewel hy voordat hy uitgeput op die grond neerplof.

Met haar swaar tas in die hand, hyg sy die laaste paar kilometer na Mtubatuba. "Weet jy dalk waar ek vir Bill Landman kan kry?", vra sy oral rond.

"O, dis mos die landmeter!", skud iemand meëwarig die kop, "Ja, hy is

terug St. Lucia toe. Het hier gestaan en ronddrentel soos 'n verdwaalde miskruier. Die kêrel het op trou gestaan, en toe spoel die brug weg, en hy kon nie oor nie. Sjym! Hy het vir dae lank hier op en af geloop...."

"Maar waar kry ek hom?" Ann is ongeduldig, "Hoe kry ek hom in die hande? Ek is die meisie met wie hy sou trou!"

"Dis half moeilik", verduidelk die kêrel, "Sien, hy meet plase en goed op in die gramadoelas. Vandag is hy hier, môre dáár. Hy bly glo in 'n klein pondokkie iewers in die bos."

Ann kry 'n geleentheid in 'n ou flenter vragmotor tot dáár waar hulle beduie

het, Bill se pondokkie moet wees. En daar kry sy hom - die man van haar drome, kompleet met Harley Davidson en al. Die ontmoeting is soos in 'n sprokie - trane van blydskap en verligting - 'n omhelsig wat sê: "Ek sal jou nooit, óóit laat gaan nie."

Daardie aand slaap Bill buite, want sy pondokkie het net een klein vertrekkie. Die volgende dag ry die tweetjies op Bill se Harley - Ann natuurlik is die syspan - na die plaaslike sendeling. Nét daar en dan trou hy hulle in die klein sendingkerkie met twee van sy Zoeloegemeentelede as getuies. Bill leen die sendeling se ring sodat daar darem 'n trouring kan

wees vir die okkasie.

“In hierdie pondokkie kan ons nie bly nie”, sê Bill vir sy bruidjie, toe hy haar oor die drumpel dra, “Een van die plaasboere hier naby het 'n huisie wat ons kan huur - nie baie grênd nie, maar dis darem beter as niks.”

En so het die huweliksbootjie vir Oom Bill en Tannie Ann Landman begin. Dit was 'n rowwe huweliksbootjie en die eerste jaar het hulle in die plaasboer se huisie gebly - 'n houthuisie op pale, met varke wat onder die huis se vloer geslaap het en hulle snags wakker gehou het. Daarna is hulle na Noord Rhodesië waar Oom Bill 'n hele lengte- en breedtegraad moes gaan opmeet in

een van die mees afgeleë gebiede. Op hulle Harley Davidson het hulle die onbekende ingevaar, en daar is hulle dogtertjie, Vilna gebore. So propvol avontuur soos hulle huwelik begin het, so het dit geëindig.

# 29

# As die Leeu Brul

Dis winter, en my oë vee oor die geraamtes van doringbome wat waghou oor die maangebaaide bos. Dis oorverdowend stil. Nie 'n kriek nie, nie 'n motor wat ry nie, nie 'n TV wat blêr nie - niks - nie 'n geluidjie nie. Dan fluister 'n naguiltjie iewers - te bang om die stilte te verbreek, en dan maar weer die heilige stilte. En so sit ons tweetjies, te bang om iets te sê, ons en verlustig aan die stilte wat so dik is dat jy dit met 'n mes kan sny. In die maanverligte landskap voor ons, is daar nie eers die vaagste teken van 'n

roering nie.

En dan skielik, uit die bloute brul hy. Sy brulle weergalm oor die veld, so hard dat ek die bewerasies in my binneste kan voel. Ons hou asem op en luister in verwondering as die leeu se brul al sagter en sagter word om met 'n hugge-hugge-hug weg te sterf in die nag. En dan weer die doodse stilte.

Ons wonder hoe naby daardie kêrel is - dit kan nie te vrek ver wees nie, want dit was darem bitter hard! En so sit ons in stilte, elkeen met sy eie gedagtes. In my verbeelding sien ek hierdie manjifieke dier - vors en fier, sy amper-swart maanhare wat trots oor sy skouers hang en 'n digte serp

maak wat sy bors toevou tot tussen sy voorbene. Trots-parmantig staan hy in die helder maanskyn en bulder dit uit vir enige ander leeumannetjie wat dit sou waag om sy gebied binne te kom: "Bly hier uit! Vir jou vreet ek lewendig op!"

Minute later weergalm sy brulle weer - dié slag nog harder as die eerste keer, en wanneer hy sy brul afrond teen die einde, dan hoor ek duidelik hoe sy lippe op mekaar klap. 'n Rilling gaan deur my liggaam en ek voel half kriewelrig om nog hier op die oop stoep te sit. Hierdie leeu is ongemaklik naby. As hy die derde keer dit uitbulder, is daar nóg 'n leeu 'n ent rivier op wat sy brulle

eggo. Met die volgende sarsie is daar nie minder nie as 'n halfdosyn stemme wat bykom en dit klink kompleet asof hulle sê: "Groot Meneer! Jy is ons baas en meester en ons sal jou eerbiedig!". In stereo hoor ons die brulle kom van alle kante af en dit laat jou piepklein voel in die geselskap van die ou grotes. Dit laat jou net opnuut weer besef dat hier in die groot bos, jy maar net 'n toeskouer is - leeu is hier grootbaas!

Later die aand, as die brulle bedaar, moet ons maar net vir onsself sê dat ons eintlik verniet so skrikkerig is, want daar is mos 'n wildheining tussen ons en die Kruger Wildtuin, en dat hierdie vuilbaarde tog maar anderkant

die draad raas. Maar sê nou maar net hulle het dalk deurgebreek uit die Wildtuin uit en dat hulle iewers in die bosse tussen die huise rondsluip? 'n Koue rilling gaan langs my ruggraat af - hoe naby was daardie leeus werklik? Het hulle dalk iewers uit die bos vir ons lê en loer?

Ja, daardie draad was nie altyd daar om die leeus te keer nie. In 2000 se vloed is die draad skoon weggespoel, en toe baljaar die groot katte in Marloth park!

Dis twee aande later. Dis volmaan, en skemeraand as ek en Mosbolletjie langs die Krokodilrivier uitspan, hoor ons al die brulle rivieraf na

Komatipoort se kant. Half kriewelrig pak ons op en verkas huistoe. Ek slaan 'n vuurtjie aanmekaar en dan, terwyl ek nog die stompies opgooi, begin die brulle van daardie Grootmeneer alweer oor die bos weergalm. Haastig maak ek dat ek op die stoep kom, want 'n man weet mos nooit! Die vlakvarke grawe kort-kort gate onder die draad, en dan sluip die leeus in. So jy kannie te versigtig wees nie!

Die klomp wat ons by die rivier gehoor het, antwoord met 'n salvo omgekrapte brulle. Grootmeneer en sy meelopers brul ongedurig, want nou is daar kompetisie - érnstige kompetisie. Baie bekommerd "hugge-hugge-hoeeee" 'n

seekoei iewers tussen die twee troppe leeus. Dinge raak vir hom half ongemaklik.

Dan breek daar 'n almintige kabaal los by die rivier-af trop. Dit klink of iemand op die tropleier se liddoring getrap het en nou is die duiwel behóórlik los. Verwoede brulle weergalm deur die droë sekelbosse deur terwyl 'n klein oorloggie daar iewers woed. Senuweeagtig giggel 'n hiëna daar iewers in die bos. Is dit bang-geit, of lag hy hom 'n papie vir daardie klomp bakleiers? Ek sal nie weet nie. Grootmeneer hier naby ons gee 'n oorverdowende, baie outoritêre sarsie brulle en skielik raak dit stil

daar op die bakleiers se werf.

Stilte sak toe oor die geraamtes van sekelbosse, gebaai in die sagte lig van die vol maan. Iewers koer 'n naguiltjie: "Maak dood die wewenaar....."

"**Wees nugter, wees wakker!**", staan daar in 1 Petrus 5:8. "**Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.**" 'n leeu se verwoede gebrul hier naby jou, sal jy mos nie ligtelik opneem nie. Net so durf ons ook nie die duiwel onderskat nie. Ja, die duiwel is 'n werklikheid, en as ons heul met die okkulte, soos die sterre voorspel ensovoorts, dan trap ons in die brullende duiwel se slagyster.

“Bly standvastig in die geloof en staan hom teë”, sê Petrus. Ja, Jesus het die duiwel oorwin, en elkeen wat sy vertroue in Jesus stel, kan aanspraak maak op die beskerming van Jesus teen die duiwel. Dit is egter wanneer ‘n mens afvallig raak, dat jy binne bereik van die duiwel begin beweeg. En glo my: hy kan gevaarlik wees!

Maar terug by die leeus: Daardie tyd toe die draad af was, het Vuilbaard en sy maters darem vir jou behoorlik amok gemaak in hierdie dorpie. Dit was so erg dat die stadsvaders ‘n aandklokreëel moes instel.

Een van my bure vertel my dat hy een middag nog so rustig op sy stoep sit

met 'n lemonadetjie in die hand om die ergste hitte te verdryf. Hoor hy 'n verskriklike gehardloop hier links van hom. Hy sê hy sit nog so en wonder oor die gedoente wat so vreeslik hardloop, en die volgende oomblik bars 'n rooibok deur die Rosyntjiebos hier links van die huis dat jy net sien klippe spat. En die gevaarte peil reg op hom af! Nog voordat hy behoorlik kans kry om te skrik, storm bok se kind sommer regoor sy stoep, reg voor sy voete verby, so naby dat die ding so ampertjies op sy liddoring trap.

Hy kyk die bok nog so agterna, met sy mond wat wawyd oophang van pure skok en verbasing, en hy wil nog

wonder oor wat in die malle dier se kop ingevaar het. Maar toe hoor hy alweer 'n ding aangestorm kom uit dieselfde rigting.

En dis tóé dat die arme man se hart so ampertjies gaan staan. Alles gebeur so verskriklik vinnig. Doodsangs gryp hom aan die hart as 'n groot geel gevaarte met skrikwekkende tande en vlymskerp naels uit die bos bars. Die ding het 'n welige bos maanhare en 'n verskriklike slegte humeur, en hy storm reg op hom af. Sy lemonadetjie val skoon uit sy hand uit, wat nou onbeheerbaar aan die bewe gegaan het. Die ding se oë gloei soos twee rooiwarm kole, nou nie dat hy op

daardie oomblik juis diep in die leeu se oë gekyk het nie!

Voordat die arme kêrel nog kon beweeg, stoomroller Vuilbaard oor die stoep, reg voor sy voete verby, en so ampertjies trap die leeu óók op sy liddoring! Die volgende oomblik sien hy net die kat se klossiestert en 'n swart kolletjie verdwyn in die bos aan die anderkant van die stoep, daar waar die rooibok so flussies verdwyn het.

Hy vertel, toe hy uiteindelik oor die skok kom, moes hy eers 'n ander broek gaan aantrek voordat hy weer met bewende hande vir hom 'n driedubbele lemonadetjie gaan inskink.

Ja-nee, leeu is nie 'n katjie waarmee jy

speel nie!

Maar dis nou eers genoeg leeustories vir een dag. Annerdag vertel ek jou van die leeus wat mense nog groter laat skrik het! Toe hulle meer as net 'n skoon broek nodig gekry het!

# 30

# Wildtuintrippie

Snerpend koud die oggendlug
Opgewonde ry ons oor die brug.
Wasig stoom die Krokodil,
Sy rustige water geheimsinnig-stil
Oom Paul se Wille Krugertuin wink
Oorkant die watertjies wat blink.

Lang-tou wag ons by die hek -
Wat 'n morsdood-vervelige plek!
"Waarvandaan, ou maat, kom jy?
En waar gaan jy vandag heen ry?"
Praatjies maak die wagtyd kort.
Die hek is oop - en ons is vort!

Stadig kruip die bos verby
As ons suutjies deur die Willetuin ry.
Iets roer die grassies -
"Stop! Gou, stop!"
'n Simpele rooibok lig sy kop.
"'n Wille-blou-bees! Ek kan hom sien!"
"Aag, daar annerkant staan nog tien.

'n Rit in die herfs is maar bra vervelig:
Die diere kruip weg
agter vaalbossies welig!
Al wat ons sien is grou-gras en bome
En vuilbaard en tier
sien ons net in ons drome....
Maar stadig ontdek ons die
herfskleure-wonder:
Oranje en rooi
met roesbruin daaronder.

Iets grys beweeg in die ruigtes,
ek dink,
ek sien daar ‘n oog
met lang wimpers wat wink!
‘n Olifant! Waarlik!
Die reuse ou dier
wat mense mos
lekker laat lag van plesier.
Sy kleinstertjie agter
en grootstert daar voor
waarmee hy kan ruik
en waarmee hy kan toor!

Tjokwane die is mos
‘n groot piekniek plek
waarheen ieder en elk
tog vir brêkvis vertrek.
Daar’s neushoringvogels
en glansende spreeue -
die plek het g’n draad om -
ek hoop daar’s nie leeue!
Ons braai lekker worsies
met eiers daarby -
loop gou-gou ‘n draaitjie,
dan kry ons ons ry.

Twee dorings op sy neus -
groot dorings!
Renoster is g'n bees -
met horings!
En nors is hy beslis -
verskriklik,
met lippe dik en breed -
verruklik!
'n Voël kruip in sy neus -
en ore;
Renoster staan net droom -
verlore.

Om ‘n draai in die pad
pryk ‘n rof klipperkoppie:
Op ‘n groot ronde rots
staan die skattigste bokkie.
“Pa, hoe kom hy daar?
Hoekom val hy nie af nie?”
“Dis ‘n klipspringer boetie!
Ag wees tog nie laf nie!”
Hy huppel oor rotse
en klippe en slote -
vlugvoetige bokkie
met stiletto-pote

Iets roer in die gras -
dis 'n leeu! Dalk 'n tier?
"Aag Liefie, dis 'n stomp."
"Nee nooit! Dis 'n dier!"
Die verkykers uit –
ons nek-rek en loer
die ding wat ons soek,
skuil in lang gras daar dóér.
Dan lig hy sy kop -
dis 'n vlakvark my ou!
So ry ons vies verder -
hy't ons lelik geflous.

Voor in die pad -
net soos die stad,
verkeersknoop sowaar -
wat sien hulle daar?
"Dis leeu", beduie iemand -
"daai bos aan die voorkant."
Hy't bok gevang, verneem ek -
aan sy baard is nog 'n bloedvlek.
Staan Vuilbaard uit die gras op -
gaan my hart woes aan't klop-klop.
Met pikswart, woeste maanhaar -
troon Koning van die Bos daar.

Maar.....

Hier'ie rympie issie klaar'ie
Maar dis iets wat my 'ie pla'ie
Dink gerus maar ôk 'n sersie
En skryf dan maar jou éie versie!

Oom Misbolletjie

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE